Voorkomingsprogramme vir Middelmisbruik deur Hoërskoolleerders: Riglyne vir Maatskaplike Werkers

deur Elana Kok

Tesis ingelewer ter gedeeltelike voldoening aan die vereistes vir die graad van Magister in Maatskaplike Werk (Welsynsprogrambestuur) aan die Universiteit van Stellenbosch.

STUDIELEIER: Dr. L. Engelbrecht

Desember 2004

Verklaring

Ek, die ondergetekende, verklaar hiermee dat die werk in hierdie tesis vervat, my eie oorspronlike werk is en dat ek dit nie vantevore in die geheel of gedeeltelik by enige universiteit ter verkryging van 'n graad voorgelê het nie.

Handtekening

Datum

Opsomming

'n Verkennende studie vir voorkomingsprogramme vir middelmisbruik deur hoërskoolleerders is gedoen ten einde: die faktore wat tot middele-misbruik deur hoërskoolleerders aanleiding gee, te ondersoek; die voorwaardes vir suksesvolle middele-misbruikvoorkomingsprogramme te verken en met bestaande programme in verband te bring; en te bepaal hoe voorkomingsprogramme aan hoërskoolleerders in Suid-Afrikaanse skole benut kan word. Die motivering vir die studie het gespruit uit die navorser se betrokkenheid by die Suid-Afrikaanse Raad vir Alkohol- en Dwelmafhanklikes (SANRA) met die aanbied van voorkomingsprogramme vir adolessente, op plase en in skole in die Paarl-omgwing. Die doel van hierdie studie is dus om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel vir die effektiewe implementering van voorkomingsprogramme vir middelmisbruik deur hoërskoolleerders.

Die literatuurstudie het die behoefte aan effektiewe voorkomingsprogramme bevestig en die faktore wat lei tot middelmisbruik is ook uitgelig. Daar is veral gefokus op die risiko- en beskermingsfaktore hierby betrokke. Die studie is ingelei deur 'n ondersoek na die risiko- en beskermingsfaktore wat 'n rol speel in die adolessente gemeenskap van SANRA (Paarl), aangesien dit noodsaaklik is om hierdie faktore te identifiseer voordat 'n voorkomingsprogram ontwerp word.

Die universum is graad-10 leerders van ses skole in die gebied. Een leerder uit elke klas het die steekproef, van 48 respondente, verteenwoordig. Die ondersoek is aan die hand van 'n gestruktureerde vraelys gerig. Kwalitatiewe en kwantitatiewe inligting is deur middel van 'n kombinasie van oop en geslote vrae ingesamel. Die resultate van hierdie ondersoek het die literatuurstudie bevestig, naamlik dat die hoof faktor wat aanleiding gee tot middelmisbruik, portuurgroepinvloede is. 'n Kombinasie van verskeie strategieë is nodig om geskikte programme vir spesifieke gemeenskappe te ontwerp.

Die aanbevelings fokus op vier areas, naamlik die voorwaardes vir 'n effektiewe voorkomingsprogram rakende die rol van die maatskaplike werker, die gebruik van assessering, evaluering, modelle, teorieë en/of benaderings en aanbevelings ten opsigte van tegnieke, programvoorstelle en programinhoud. Die vierde en laaste area maak 'n aanbeveling vir verdere navorsing: 'n Ondersoek na die proses, rol van en tipe opleiding nodig om 'n effektiewe en volhoubare ondersteuningsgroepstelsel in skole te implementeer.

Abstract

An exploratory study was done on prevention programmes of substance abuse by high school learners. This was done in order to: explore the factors leading to substance abuse by high school learners; explore the conditions for successful substance abuse programmes and compare it with existing programmes; and to determine how prevention programmes for high school learners can be used in South-African schools. The motivation for this study emerged as a result of the researcher's involvement in prevention programmes for adolescents in schools and on farms at the South-African Council for Alcohol and Drug Dependency (SANCA) in the Paarl area. The objective of this study is to provide guidelines to social workers for the effective implementation of substance abuse prevention programmes for high school learners.

The literature study confirmed the need for effective prevention programmes and highlighted the focus om the factors which leads to substance abuse. Emphasis is placed on risk and protection factors involved with substance abuse. SANCA in Paarl's adolescent community's risk and protective factors was investigated, because of the necessity to identify these factors before a prevention programme can be designed.

The universum is the grade 10 learners of six schools in the Paarl area. One learner out of each class represented the sample of 48 respondents. The study was done trough a structured questionnaire. A combination of qualitative and quantitative information, through the use of open and close-ended questions, was gathered. The results of this study confirmed the results of the literature study, namely that the most important factor leading to substance abuse, is peer group influence. However, a combination of strategies and programmes are needed to develope a suitable programme for the specific community.

The recommendations focus on four areas. Firstly the conditions are described for an effective prevention programme regarding the role of social workers, the use of assessment, evaluation, models, theories and approaches. Secondly, recommendations are made for techniques and general approaches. The third area gives directions for programme content. The last area recommends a possibility for future research: the process, roles and type of training needed to implement an effective and sustainable support group system in schools, must be tested.

Erkennings

Hiermee word opregte dank en waardering aan die volgende persone en instansies oorgedra:

- Dr. L. Engelbrecht, my studieleier, vir sy ondersteuning, geduld en leiding.
- Me M. Loots, vir die professionele taalversorging van hierdie tesis.
- Die ses skole wat ingestem het om aan die ondersoek deel te neem.
- My ouers vir hul aanmoediging en finansiële ondersteuning.
- Albert Visagie, vir eindelose geduld en begrip.

Inhoudsopgawe

1 Inleiding **1**

1.1 Motivering vir die studie 1

1.2 Doel van die studie 6

1.3 Navorsingsmetodologie 6

1.3.1 Literatuurstudie 6

1.3.2 Navorsingsprosedure 6

1.3.3 Universum en steekproef 7

1.3.4 Data-versameling, ontleding en interpretasie 8

1.3.5 Beperkinge 9

1.4 Definisies 9

1.4.1 Adolessensie 9

1.4.2 Middelmisbruik 9

1.4.3 Voorkoming 10

1.4.4 Risiko-faktore 10

1.4.5 Beskermingsfaktore 10

1.4.6 Hoërisikojeug 11

1.5 Die verslag 11

Pectora roborant cultus recti

2 Middelmisbruik deur Adolessente **13**

2.1 Inleiding 13

2.2 Faktore wat tot middelmisbruik aanleiding gee 14

2.2.1 Individuele faktore 14

2.2.1.1 Ouderdom 15

2.2.1.2 Geslagsverskille 15

2.2.1.3 'n Gebrek aan kennis oor alkohol en dwelms 16

2.2.1.4 Die aanloklike beeld van alkohol en dwelms 16

2.2.1.5 Psigologiese vatbaarheid 17

2.2.1.6 'n Onvermoë om verbintenisse te vorm 17

2.2.1.7 Oplossings tot probleme 18

2.2.1.8 Emosionele ingesteldheid 18

2.2.1.9 Eksperimentering en nuuskierigheid 18

2.2.2 Groepslidmaatskap en groepsdruk 19

2.2.3 Gesinsfaktore 20

2.2.3.1 Sosiale invloede 20

2.2.3.2 Familiegeskiedenis en gesinsdinamika 21

2.2.4 Opvoedkundige prestasie en druk om te slaag 22

2.2.5 Gemeenskapsfaktore 22

2.2.5.1 Omgewingsfaktore 22

2.2.5.2 Vryetydsbesteding en ontspanning 23

2.2.5.3 Kulturele faktore 25

2.3 Beskermingsfaktore 26

2.3.1 Individu 26

Pectora roborant cultus recti

2.3.2 Die gesin 27

2.3.3 Skool 28

2.3.4 Portuurgroep 29

2.3.5 Gemeenskap 30

2.4 Bespreking 31

2.5 Samevatting 37

3 Middelmisbruik: Voorkomingsprogramme aan Adolessente 38

3.1 Inleiding 38

3.2 Voorwaardes vir suksesvolle voorkomingsprogramme 39

3.2.1 Assessering van gemeenskappe 39

3.2.2 Gemeenskapsdeelname 40

3.2.3 Integrasie van rolspelers 42

3.2.4 Evaluering van voorkomingsprogramme 43

3.3 Die gebruik en integrasie van verskillende modelle, teorieë en benaderings . 43

3.3.1 Die holistiese gemeenskapsontwikkelingsbenadering in voorkomingsprogramme 44

3.3.2 Sistemiese perspektief 44

3.3.3 Sterkteperspektief 45

3.3.4 Die sosialiseringsteorie 45

3.4 Programme vir voorkoming van middelmisbruik 46

3.4.1 Skoolgebaseerde middelmisbruikvoorkomingsprogramme 47

3.4.1.1 Skoolgebaseerde middelmisbruikvoorkomingsprogramme in die Wes-Kaap 48

3.4.1.2 “Project ALERT” 50

3.4.2 Jeugontwikkelingsprogramme 53

3.4.2.1 Omvattende maatskaplike programme wat fokus op invloede op adolessente 53

3.4.2.2 Ontwikkeling van kennis, vaardighede en positiewe houdings 54

3.4.2.3 Die ontwikkeling van leierskap 55

3.4.3 Vermeerdering van beskermingsfaktore en vermindering van risiko-faktore 57

3.4.4 Gesinsondersteuningsprogramme 57

3.4.5 Portuurgroeponderstеuning en -ontwikkeling 58

3.4.6 Teater- en rolspelprogramme 59

3.4.7 Die aanleer van lewensvaardighede deur avontuurgebaseerde aktiwiteite en -programme 61

3.4.8 Die Nasionale Dwelmmeesterplan vir Suid-Afrika 62

3.5 Ontleding van eienskappe van voorkomingsprogramme 62

3.6 Samevatting 69

4 Empiriese ondersoek 70

4.1 Inleiding 70

4.2 Die empiriese ondersoek 70

4.3 Die resultate van die ondersoek 71

4.3.1 Individuele risiko-faktore by middelmisbruik 71

4.3.1.1 Adolessente se begrip van die term middelmisbruik 71

4.3.1.2 Geslag 73

4.3.1.3 Ouderdom 73

4.3.1.4 Mense in die omgewing wat middele misbruik 74

4.3.1.5 Bewustheid van die gevare van middelmisbruik 75

4.3.1.6 Die belangrikste redes waarom adolessente middele misbruik 76

4.3.1.7 Die adolessent se selfbeeld 77

4.3.2 Sosiale- en gesinsinvloede as risiko-faktore 78

4.3.2.1 Die mense wat adolessente die meeste beïnvloed om middele te misbruik 79

4.3.2.2 Effek van middelmisbruik deur ouers op die ontwikkelinge van adolessente 80

4.3.2.3 Probleme by die huis 81

4.3.3 Groeplidmaatskap en groepsdruk as risiko-faktore 83

4.3.4 Risiko-faktore binne die gemeenskap 84

4.3.4.1 Hoe die buurt lyk 84

4.3.4.2 Waar adolessente middele misbruik 85

4.3.4.3 Wanneer adolessente middele misbruik 86

4.3.4.4 Adolessente se vryetydsbesteding 87

4.3.5 Opvoedkundige prestasie en druk om te slaag 89

4.3.6 Beskermingsfaktore 89

4.3.7 Voorkomingsprogramme 91

4.3.7.1 Sukses van voorkomingsprogramme 91

4.3.7.2 Voorkomingsaktiwiteite wat algemeen gebruik word 93

4.3.7.3 Onderwerpe waarin adolessente belangstel 94

4.3.7.4 Die aanbieders van voorkomingsprogramme 95

4.3.7.5 Omstandighede waarin adolessente voorkomingsprogramme aangebied wil hê 96

4.3.7.6 Voorkomingstrategieë en tegnieke 97

4.4 Samevatting 99

5 Gevolgtrekkings en Aanbevelings **100**

5.1 Inleiding 100

5.2 Gevolgtrekkings 100

5.2.1 Risiko-faktore 101

5.2.1.1 Individuele risiko-faktore by middelmisbruik 101

5.2.1.2 Groeplidmaatskap en groepsdruk as risiko-faktor 102

5.2.1.3 Sosiale- en gesinsinvloede as risiko-faktore 102

5.2.1.4 Opvoedkundige prestasie en druk om te slaag 103

5.2.1.5 Risiko-faktore binne die gemeenskap 103

5.2.2 Beskermingsfaktore 104

5.2.3 Voorwaardes vir suksesvolle voorkomingsprogramme 105

5.2.4 Modelle, teorieë en benaderings 105

5.2.5 Programme vir die voorkoming van middelmisbruik 105

5.2.5.1 Onderwerpe waarin adolessente belangstel 105

5.2.5.2 Die aanbieders van voorkomingsprogramme 106

5.2.5.3 Waar word voorkomingsprogramme aangebied? 106

5.2.5.4 Strategieë en tegnieke 107

5.3 Aanbevelings 107

5.3.1 Riglyne vir die ontwikkeling van voorkomingsprogramme vir alkohol- en dwelmmisbruik aan adolessente 108

5.3.1.1 Die rol van die maatskaplike werker en die gemeenskap . . 108

5.3.1.2 Assessering van die teikengemeenskap 108

5.3.1.3 Evaluering van voorkomingsprogramme 108

5.3.1.4 Die gebruik en integrasie van verskillende modelle, teorieë en benaderings 108

5.3.1.5 Tegnieke en programvoorstelle 109

5.3.1.6 Programinhoud 110

5.3.2 Verdere navorsing 111

5.4 Samevatting 112

Bronnelys **113**

A Vraelys **119**

Lys van figure

4.1 Ouderdomsverspreiding van respondente. 74

4.2 Bewustheid van die gevare van middelmisbruik. 76

4.3 Adolessente se verhouding met hulself. 78

4.4 Ouer middelmisbruik se effek op die ontwikkeling van adolessente. 80

4.5 Vriende se reaksies op adolessente middelmisbruik. 83

4.6 Vriende se invloed. 84

4.7 Hoe die respondente se buurt lyk. 85

4.8 Adolessente se vryetydsbesteding. 88

4.9 Die effek van lae punte op adolessente se middelmisbruik. 89

4.10 Adolessente se opinie oor of voorkomingsprogramme vir middelmisbruik suksesvol is. 92

4.11 Omstandighede waartydens adolessente voorkomingsprogramme aangebied wil hê. 96

4.12 Faktore wat adolessente sal aanmoedig om aan voorkomingsprogramme deel te neem. 97

4.13 Maniere waarop adolessente die beste sal leer. 98

Lys van tabelle

2.1 Risiko- en beskermingsfaktore: Individueel. 32

2.2 Risiko- en beskermingsfaktore: Portuurgroep. 33

2.3 Risiko- en beskermingsfaktore: Gesin. 34

2.4 Risiko- en beskermingsfaktore: Skool. 35

2.5 Risiko- en beskermingsfaktore: Gemeenskap. 36

3.1 Ontleding van eienskappe van voorkomingsprogramme. 64

3.2 Ontleding van eienskappe van voorkomingsprogramme. 65

3.3 Ontleding van eienskappe van voorkomingsprogramme. 66

3.4 Ontleding van eienskappe van voorkomingsprogramme. 68

4.1 Respondente se begrip van die term 'middelmisbruik'. 72

4.2 Geslag. 73

4.3 Mense in die omgewing wat middele misbruik. 75

4.4 Redes waarom adolessente middele misbruik. 77

4.5 Die mense wat adolessente die meeste beïnvloed om middele te misbruik. . 79

4.6 Probleme tuis wat middelmisbruik by adolessente veroorsaak. 82

4.7 Waar adolessente middele misbruik. 86

4.8 Wanneer adolessente middele misbruik. 87

Pectora roborant cultus recti

4.9 Faktore wat (volgens respondente) adolessente verhoed om middele te begin misbruik. 90

4.10 Die tipe alkohol- en dwelmvoorkomingsprogramme wat reeds ervaar is. . . 93

4.11 Onderwerpe waarvan respondente meer wil weet. 94

4.12 Die aanbieders van voorkomingsprogramme. 95

Hoofstuk 1

Inleiding

1.1 Motivering vir die studie

'n Wye verskeidenheid van dwelms, waarvan die misbruik ernstige risiko's inhou, is tans beskikbaar. Alkohol-en dwelmmisbruik veroorsaak nie alleenlik gesondheidsprobleme nie, maar lei ook tot ongelukke, selfmoord, prostitusie, georganiseerde misdaad, gesinsgeweld, die misbruik van kinders, afwesigheid van skool en werk, swak produktiwiteit en die verspreiding van siektes soos MIV/VIGS en TB. Bevindinge in 'n Suid-Afrikaanse studie deur die Instituut vir Sekuriteits Studies (ISS) oor die verband tussen misdaad en dwelms het bewys dat 50% van persone wat gearresteer is vir misdaad soos inbrake, motordiefstal, verkragting en ander gewelddadige oortredings, positief toets vir ten minste een dwelm (Searll, 2002:3-4).

Middelmisbruik neem drasties toe, die vloei van dwelms in Suid-Afrika styg skerp, en kinders reg oor die wêreld misbruik alkohol en dwelms op 'n al jonger ouderdom. Searll (2002:6) verwys na 'n landwye opname van Die Menslike Wetenskaplike Navorsingsraad. Tydens die opname is onder andere bevind dat onder Suid-Afrikaanse adolessente (in 1993), 25% van jongmense tussen die ouderdomme van 14 en 24 dwelms op 'n daaglikse basis misbruik - 12% van hierdie daaglikse misbruikers is 15 jaar oud en 34% van die daaglikse misbruikers word een maal per week dronk. Met die herhaling van die opname in 1994, was daar 'n skerp toename in hierdie bogenoemde tendens. Hierdie probleem is so omvangryk dat die klem noodwendig na voorkoming daarvan moet verskuif, eerder as

om op nasorg te bly fokus.

Tydens sy openingstoespraak in die parlement in 1994, identifiseer president Mandela middelmisbruik as 'n sosiale patologie wat beveg moet word. Hy verwys na middelmisbruik as 'n groot oorsaak van misdaad, armoede, verminderde produktiwiteit, werkloosheid, disfunksionele gesinne, politiese onstabiliteit, 'n toename in die voorkoms van chroniese siektes soos VIGS en TB, beserings en voortydige geboortes (Drug Master Plan 1998:1). Die 1997 Witskrif vir die transformasie van gesondheidsisteme in Suid-Afrika plaas vervolgens groter fokus op die voorkoming van middelmisbruik.

Die Direktoraat van Geestesgesondheid en Middelmisbruik is verantwoordelik vir die suksesvolle verbetering en bevordering van die psigososiale welstand van alle gemeenskappe (Tshotsho, 2004:1). Een van hul funksies (soos vervat in die 1997 Witskrif vir die transformasie van gesondheidsisteme in Suid-Afrika) is die ontwikkeling en bevordering van spesifieke programme in samewerking met ander sektore. Die programme spreek onder andere middelmisbruik aan. Ook volgens die Nasionale Gesondheidsbeleidsriglyne vir Verbeterde Geestesgesondheid in Suid-Afrika, is dienste aan kinders een van die sleutelprioriteite in die intervensieraamwerk. Spesiale aandag word aan die bekendstelling van die Lewensvaardigheidsopvoeding aan Kinders en Adolessente geskenk, insluitend middelmisbruikvoorkoming. Voorkoming vorm tans deel van lewensvaardigheidprogramme in skole, asook van Kurrikulum 2005.

Parry (1997) se artikel beskryf 'n Nasionale Strategiese Aksie Plan (NSAP) vir die voorkoming van middelmisbruik onder jeugdiges in Suid-Afrika. Dit is ontwikkel deur die Suid-Afrikaanse Alliansie vir Voorkoming van Substanse (SAAPSA) wat in 1999 tot stand gekom het. SAAPSA het ten doel om kommunikasie tussen alle organisasies (uit beide die staats- en burgerlike gemeenskappe) ten opsigte van middelmisbruik in Suid-Afrika aan te moedig. Die NSAP dien ook as raamwerk vir projekte en aksies vir primêre voorkoming van middelmisbruik onder kinders, jeugdiges en jong volwassenes. Die Ministerie van Maatskaplike Ontwikkeling stel op 12 Februarie 2004 'n persverklaring vry waarin die voortdurende ondersoeke na welsynsfasiliteite en die behandeling van middelmisbruik genoem is.

Volgens die bogenoemde inligting blyk dit dat die jeugdiges wat in hoërisikogroepe vir wangedrag en alkohol- en dwelmmisbruik val, 'n belangrike oorweging vir Suid-Afrikaanse

wetgewing behoort te wees. Dit is noodsaaklik dat alkohol- en dwelmmisbruik nie na die volgende generasies oorvloei nie. Daar is dus 'n behoefte aan daadwerklike aksie. Die navorser was as gemeenskapswerker by die Suid-Afrikaanse Nasionale Raad vir Alkohol- en Dwelmafhanklikes (SANRA) in Paarl betrokke. 'n Verskeidenheid voorkomingsprogramme is onder skole en op plase in Paarl geïmplimenteer. Ten spyte hiervan, duur alkohol- en dwelmmisbruik steeds voort onder adolessente. Vanweë bogenoemde redes fokus die studie op voorkomingsprogramme vir alkohol- en dwelmmisbruik onder hoërskoolleerders.

Sommige kinders en adolessente (hoërisikokinders) loop groter gevaar as ander om aan alkohol en dwelms verslaaf te raak. Daar is verskeie redes hiervoor (Szalay, Strohl & Doherty, 1999:2; Searll, 2002:67; Fraser, 1984:435; Barton, Watkins & Jarjoura, 1997:483). Hoërisikokinders word verdeel in kategorieë van wisselende vatbaarheid vir die gevare van alkohol en dwelms:

- kinders wie se ouers alkoholiste is en/of waarvan die gesinsituasie onstabiel is;
- kinders wat fisies, emosioneel en seksueel mishandel word en min ware kommunikasie met hul ouers het;
- kinders wat gereeld skuld, blaam, vrees, angs en depressie beleef;
- kinders met anti-sosiale gedrag, wat eensaam is en dit moeilik vind om vriende te maak;
- kinders met leerprobleme wat onseker en onbevoeg voel vir skool;
- kinders sonder buitemuurse belange wat na skool niks het om te doen nie; en laastens,
- kinders wat van 'n vroeë ouderdom reeds aan alkohol en dwelms blootgestel is.

Bogenoemde kinders word makliker deur handelaars, vriende en bendes beïnvloed (Searll, 2002:136). Die kategorieë sluit aan by die risiko-faktore (die redes vir alkohol- en dwelmmisbruik) wat oor die afgelope dekades deur skrywers geïdentifiseer is. Beskermingsfaktore, wat met die risiko-faktore saamval, is ook geïdentifiseer. Volgens Hawkins, Catalano

& Associates in Barton, Watkins & Jarjoura (1997:483) speel beide die risiko- en beskermingsfaktore 'n rol op vyf vlakke, naamlik: die individu, gesin, ouderdomsgroep, skool en die gemeenskap.

In plaas van verbintenisse tussen leerders en die skool te versterk, moet voorkomingsprogramme daarop gerig wees om kommunikasie oor afwykende norme te verminder. Dit is dikwels dié leerders met swak skoolverbintenisse wat die anti-dwelmprogramme, soos "Sê Net Nee", die nodigste het, maar as gevolg van hul swak skoolverbintenis, die minste beïnvloed word. As gevolg van vyandigheid teenoor die skool, verwerp die leerders die voorgestelde norme en beweeg dikwels in teenstand met die skool en die program. Die ironie lê egter daarin dat dit makliker is om laerisiko-leerders te bereik. Hulle programme is makliker om aan te bied en die leerders reageer positief. Hulle is minder vyandig en bied minder weerstand. Die laerisiko-groepe is ook heelwat groter. 'n Program wat 'n klein effek op 'n groot groep mense het, lyk meer suksesvol. Omdat so min mense bereik word in programme aan hoërisikogroepe en die weerstand so hoog is, word hoërisikokinders gemarginaliseer en hul gedrag kan onveranderd bly (Oetting, 1992:337). Szalay, Strohl & Doherty (1999:8) stem saam met Oetting (1992:337) oor wie die fokuspunt van voorkomingsprogramme moet wees. Die hoofvereiste aan hierdie programme is om die jongmense wat nie verslaaf is nie, te beskerm. Met ander woorde, om effektiewe maniere te vind om hierdie jongmense te help om eksperimentering en betrokkenheid met alkohol en dwelms te vermy.

Daar is reeds voorkomingsprogramme ten opsigte van TB, VIGS, tienerswangerskappe en alkohol- en dwelmmisbruik in verskillende situasies en studies geïmplementeer. Szalay, Strohl & Doherty (1999:2) maak gebruik van 'n sisteem van voorkoming wat fokus op die huidige psigologiese neigings ten einde die probleem van middelmisbruik aan te spreek voor dit ontwikkel. Voorkomingstrategieë moet klem lê op die ontwikkeling van die adolessente lewensfase, die vermindering van risiko-faktore en die versterking van beskermingsfaktore. Volgens Barton, Watkins & Jajoura (1997:483) sal hierdie voorkomingstrategieë meer suksesvol wees as programme wat die probleemgedrag self aanspreek.

Cloete, Groenewald & Van Wyk (1997:2) voer aan dat alle aspekte van voorkomingsprogramme die gemeenskap behoort te betrek om sodoende gemeenskapsdeelname en gemeenskapsbemagtiging te verseker. Gemeenskappe word bemagtig wanneer hulle die

vaardighede ontwikkel om self hul talente, selfwaarde en (indirek) hul kwaliteit van lewe verbeter. Dit gebeur slegs as hulle aktief verantwoordelikheid aanvaar en self betrokke is by die ontwikkelingsproses. Finn & Checkowy (1999:335) stem hiermee saam en skryf dat jongmense (wat deel is van bogenoemde outeurs se gemeenskap) 'n belangrike bron is om in ag te neem tydens die beplanning en assessering van enige program wat op hulle gemik is. Hulle moet aktief deelneem aan strategieë van probleemoplossing, beplanning van programme en diensverskaffing op gemeenskapsvlak. Deelname in kwessies wat hul lewens en gemeenskappe raak, is onmiskenbaar.

Deeglike assessering van 'n gemeenskap vorm verder 'n belangrike deel van enige voorkomingsprogram. Dit bepaal nie alleenlik hoe so 'n program gestruktureer behoort te word nie, maar verseker ook gemeenskapsdeelname en 'n bydrae deur die gemeenskapslede tot die bemagtigingsproses. Daar is egter verskeie aspekte wat oorweeg moet word in 'n deeglike assessering. Szalay, Strohl & Doherty (1999:vi) stel voor dat voorkoming op navorsing gebou moet word. Die skrywers verwys na die effek van verskillende aspekte van die omgewings- en psigologiese faktore (risiko- en beskermingsfaktore) op adolessente se alkohol- en dwelmmisbruik. Hierdie inligting is nodig om die redes vir middelmisbruik te verstaan en die meer gepaste benadering te identifiseer.

Fraser (1984:443) spreek hom reeds in 1984 sterk uit oor gesinsbenaderings- en skoolprogramme wat afsonderlik gebruik word in die maatskaplike ondersteuningsnetwerk. Hy stel eerder 'n holistiese benadering voor. Dit is volgens hierdie beginsel waarop die ondersoek na voorkomingsprogramme vir adolessente gegrond word. Die volgende vrae is dus met betrekking tot hierdie ondersoek relevant: wat is die voorkoms van middelmisbruik onder hoërskoolleerders, en wat behoort die aard en inhoud van middelmisbruikprogramme te wees vir effektiewe implementering? Na aanleiding hiervan wil die navorser ondersoek instel na die aard van leerders se alkohol- en dwelmmisbruik, asook na die leerders se behoeftes rakende en bereidwilligheid tot aktiewe deelname aan voorkomingsprogramme vir alkohol- en dwelmmisbruik. Riglyne vir 'n alkohol- en dwelmmisbruikvoorkomingsprogram word saamgestel sodat welsynsinstansies dit in hul intervensieprogramme kan implementeer.

1.2 Doel van die studie

Die doel van hierdie studie is om riglyne vir maatskaplike werkers daar te stel vir die effektiewe implementering van voorkomingsprogramme vir middelmisbruik deur hoërskoolleerders. Die doelstellings van die studie is:

- om die faktore wat tot alkohol- en dwelmmisbruik deur hoërskoolleerders aanleiding gee, te ondersoek;
- om die voorwaardes vir suksesvolle middelmisbruikvoorkomingsprogramme te verken en met bestaande programme vir hoërskoolleerders in verband te bring;
- om te bepaal hoe voorkomingsprogramme vir middelmisbruik aan hoërskoolleerders in 'n Suid-Afrikaanse skoolgemeenskap benut kan word.

1.3 Navorsingsmetodologie

1.3.1 Literatuurstudie

'n Omvattende literatuurstudie is onderneem ten einde die doel van die studie te bereik. Relevante artikels oor die onderwerp en die metodologie van navorsing is deur middel van 'n elektroniese literatuursoektog geïdentifiseer. Die gerekenariseerde katalogus van die JS Gericke Biblioteek en die Erica Theron Leeskamer van die Departement van Maatskaplike Werk aan die Universiteit van Stellenbosch is verder vir geskikte literatuur ontgin.

1.3.2 Navorsingsprosedure

'n Verkennende studie is gebruik. Dit laat ruimte vir nuwe insigte wat van waarde in die formulering van riglyne vir 'n voorkomingsprogram sal wees (De Vos, 1998:124). Hierdie tipe ondersoek staan ook as toegepaste navorsing bekend vanweë die doel van die navorsing, naamlik om riglyne vir voorkomingsprogramme te formuleer en sodoende by te dra tot die voorkoming van alkohol- en dwelmmisbruik onder adolessente (Huyshamen, 1993:36).

Die navorser wil deur hierdie prosedure insig bekom rakende 'n terrein waaroor daar, binne die Suid-Afrikaanse konteks, relatief min literatuur bestaan. Die navorser wil verder riglyne vir die ontwikkeling van 'n middelmisbruikvoorkomingsprogram aan die teikengroep, hoërskoolleerders in die Paarl-area, voorsien. Die voorkomingsprogramme spreek die teikengroep se behoeftes rakende die vermeerdering van beskermingsfaktore en vermindering van risiko-faktore aan.

1.3.3 Universum en steekproef

Die funksionele gemeenskap waaruit die universum van die studie bestaan, is die adolessente leerders by hoërskole in die Paarl-area. Die universum bestaan uit die graad 10-leerders van ses skole in hierdie gebied. Hulle was ook die vorige jaar (as graad 9-leerders) die fokus van voorkomingsprogramme wat daar geïmplementeer is. Die ses skole wat tot die studie ingestem het, is:

1. Bergrivier Hoër
2. Weltevrede Hoër
3. Noorder Paarl Sekondêr
4. New Orleans Sekondêr
5. Charlton Hill Sekondêr
6. Paulus Joubert Sekondêr

Muisener (1994:66) noem dat vroeë adolessensie die subfase blyk te wees waarin tieners die vatbaarste is vir middelmisbruik. Muisener haal Zarek, Hawkins & Rogers (1987:291) aan deur te noem dat om te begin drink of alkohol en dwelms te misbruik op die vroeë ouderdom van vyftien jaar, verhoog die risiko van latere middelmisbruik. Dit is dus juis nodig om voorkomingsprogramme vir middelmisbruik op hierdie adolessente te fokus.

Die universum is in subgroepe verdeel. Hierdie subgroepe bestaan uit die onderskeie graad 10-klasse by die betrokke skole. 'n Ewekansige steekproef is geneem vanuit elk van hierdie groepe en bestaan uit 48 leerders. Die steekproef is deur middel van 'n

gestratifiseerde waarskynlikheidseleksie, soos deur Mark (1996:114-5) beskryf, bepaal. Die steekproeftrekking het geskied deur klaslyste te neem, nommers aan elke naam toe te ken en een nommer uit elke klas te trek. Een leerder verteenwoordig dus sy/haar graad 10-klas van sy/haar skool. 'n Gestratifiseerde steekproeftrekking is volgens Babbie & Mouton (2001:191) die doeltreffendste metode om 'n groter graad van verteenwoordigheid uit die universum te verkry, wat gevolglik die kwaliteit van die steekproef verbeter.

'n Belangrike etiese oorweging is die proses om ingeligte toestemming te verkry. Volgens Williams, Tutty & Grinnell (1995:30) beteken dit dat elke respondent ten volle verstaan wat die studie behels, hoekom dit gaan gebeur en watter effek dit op hom/haar gaan hê. Respondente mag nie omgekoop of geforseer word om deel te neem nie. Respondente moet verder volkome verstaan dat hulle te eniger tyd van die studie kan onttrek. Die verduideliking moet 'n stelling insluit wat die respondente verseker dat die inligting anoniem en vetroulik sal bly. Saam met 'n verduideliking aan die hoofde van die onderskeie skole en die respondente oor wat die navorsingstudie behels, is 'n geskrewe toestemmingsvorm deur die respondente 'n deel van die studie se prosedure. Hierdie vorm beskryf die studie en sluit die bogenoemde etiese oorwegings in. Eers na ingeligte toestemming verkry is, kan die studie begin.

Pectora roborant cultus recti

1.3.4 Data-versameling, ontleding en interpretasie

Vir die verkennende empiriese ondersoek is 'n selfrapporteringsvraelys as opnamingsmetode gebruik. Hierdie metode van opname is na aanleiding van Babbie & Mouton (1998:232) gekies. Volgens die skrywers is dit die beste metode om oorspronklike data van 'n populasie wat te groot is om direk te observeer, in te samel. Dit word hoofsaaklik gebruik in studies waar individue die eenhede van analise is. Opnames is ook 'n uitstekende manier om houdings en oriëntasies in groot populasies te meet.

Die selfrapporteringsvraelys is by die skole aan die groep respondente gegee om te voltooi. 'n Voordeel van hierdie metode van vraelys-voltooiing is dat enige onduidelikhede deur die navorser aangespreek kan word tydens die voltooiing. Dit spaar tyd en het 'n hoër voltooiingsyfer tot gevolg (Babbie & Mouton, 1998:258).

Daar is besluit op 'n kombinasie van die kwalitatiewe en kwantitatiewe navorsingsbena-

dering. 'n Goeie balans tussen die oop- (ongestruktureerde) en veelkeusevrae (gestruktureerde) is dus nodig. Sodoende kan dit maklik verwerk en veralgemeen word en dit bevorder die formulering van aanbevelings wat met die doel van die studie ooreenstem (Babbie & Mouton, 2001:233).

1.3.5 Beperkinge

'n Beperking van hierdie studie is dat dit nie sonder meer veralgemeen kan word nie; aangesien dit 'n relatief klein getal respondente was (teenoor die groter gemeenskap) wat die vraelys voltooi het.

1.4 Definisies

Enkele begrippe word omskryf ten einde te verseker dat die leser die betekenis daarvan, soos dit in die volgende hoofstukke bespreek word, korrek interpreteer.

1.4.1 Adolessensie

Volgens Louw, Van Ede & Louw (1998:388) is adolessensie die volgende: "Adolessensie is die ontwikkelingstadium tussen die kinderjare en volwassenheid. Die term adolessensie, wat afgelei is van die Latynse werkwoord *adolescere*, beteken dan ook om 'groot te word' of om 'te groei tot volwassenheid'." Barton, Watkins & Jarjoura (1997:488) beskryf adolessensie as 'n tyd van dramatiese verandering in terme van fisieke groei en seksuele ontwikkeling, veral in die sosiale en interpersoonlike konteks van skole wat verander, ontwikkeling van portuurgroepverhoudings, uitgaan en deeltydse indiensname.

1.4.2 Middelmisbruik

Middelmisbruik is die voortdurende misbruik van alkohol en/of dwelms ten spyte van negatiewe gevolge in een of meer areas van die individu se lewe (Fisher & Harrison, 2000:16). Vir die doeleindes van die navorsingsverslag word daar afwisselend na alkohol-

en dwelmmisbruik en middelmisbruik verwys. Middele verwys egter na beide alkohol en dwelms.

1.4.3 Voorkoming

Voorkoming verskaf kennis en vaardighede en skep bewuswording. Dit wil ook 'n begrip van die gevolge van sekere keuses skep. Alternatiewe vir keuses word verskaf en die voordele van ingeligte besluite wat belangrike gevolge vir leerders tans en in die toekoms inhou, word aangemoedig. Voorkoming fokus daarop om hoërisikogedrag, voor dit begin, of voor dit te veel skade aanrig, te stop (Searll, 2002:148).

Sommige middelmisbruikvoorkomingstrategieë (Hawkins et al. 1992) sluit programme in wat gerig is op ouerskapsvaardigheidsontwikkeling, asook voorkomingsprogramme en ontwikkelingsprogramme vir jonger kinders wat middele misbruik. Hierdie studie fokus egter primêr op die voorkoming van middelmisbruik onder adolessente in die hoërskoolgemeenskap.

1.4.4 Risiko-faktore

Risiko-faktore verwys na die individuele kenmerke of sosiale omgewings wat met verhoogde moontlikheid tot middelmisbruik geassosieer word (Rocha-Silva et al. 1998:2).

1.4.5 Beskermingsfaktore

Beskermingsfaktore dui op die moontlikheid van verminderde middelmisbruik of die afwesigheid van misbruik (Rocha-Silva et al. 1998:2). Beskermingsfaktore word beskryf as lewensgebeure of ondervindings wat 'n vermindering in die effek van blootstelling tot gevolg het. Dit is vir die navorsingsverslag ewe belangrik om soos risiko-faktore, ook beskermingsfaktore te identifiseer.

1.4.6 Hoërisikojeug

Volgens Johnson et al. (1998:298) word hoërisikojeug beskou as diegene wat individuele- en gesinskenmerke het wat ooreenstem met die kenmerke van middelgebruik en -misbruik (byvoorbeeld, swak punte en finansiële druk op/in die gesin). Hoërisikojeug word egter beskou as die teiken van 'n reeks hulpintervensies uit 'n volwasse oogpunt—dit neem dus nie die jeug se behoeftes in ag nie. Die fokus op jeug as slagoffers of as probleme verhoed dat maatskaplike werkers na jong mense kyk as bevoegde burgers. Gevolglik kry die jeug nie die geleentheid om 'n betekenisvolle bydrae tot hulle burgerlike samelewing te lewer nie. Binne die betrokke navorsingskonteks word hoërisikojeug egter as bronne beskou: jongmense is bevoegde burgers wat 'n reg het om deel te hê aan die besluite wat hul lewens beïnvloed en ook 'n verantwoordelikheid ten opsigte van dienslewering aan die gemeenskap het (Strom, Ogwinick & Singer (1995) in Finn & Checkoway (1998:336).

1.5 Die verslag

Hoofstuk een dien as aanloop tot die ondersoek en beklemtoon die praktiese toepassing van middelmisbruikvoorkomingsdienste aan adolessente. Ten einde die logiese verloop van die ondersoek en die verslag te verduidelik word die navorsingsmetodologie hierby ingesluit.

Hoofstuk twee volg met 'n teorie-gebaseerde profielstudie van hoërskoolleerders om sodoende die voorkoms van middelmisbruik onder hulle te bepaal. Al die risiko- en beskermingsfaktore betrokke by alkohol- en dwelmmisbruik, word hier bespreek.

Hoofstuk drie bevat die inhoud van die verkenning van bestaande voorkomingsprogramme wat ten doel het om middelmisbruik onder adolessente te verminder. Voorwaardes wat verskillende skrywers stel vir die programme om suksesvol te wees, asook verskeie programme en tegnieke, word beskryf.

'n Verslag van die empiriese ondersoek en die resultate word in hoofstuk vier aangebied. Hierdie empiriese studie poog om die aard van hoërskoolleerders se middelmisbruik en ook hul behoeftes en riglyne rakende voorkomingsprogramme te beskryf.

Aan die hand van die empiriese ondersoek bevat hoofstuk vyf gevolgtrekkings en aanbevelings. Hieruit vloei 'n waardevolle teoretiese raamwerk vir die daarstel van riglyne aan maatskaplike werkers vir die ontwikkeling van middelmisbruikvoorkomingsprogramme.

Hoofstuk 2

Middelmisbruik deur Adolessente

2.1 Inleiding

In hierdie hoofstuk word die risiko- en beskermingsfaktore wat aanleiding gee tot alkohol- en dwelmmisbruik genoem en word ook bespreek hoekom dit nodig is om hierdie faktore te identifiseer. Verskeie skrywers (Szalay, Strohl & Doherty, 1999:2; Searll, 2002:67; Fraser, 1984:435; Barton, Watkins & Jarjoura, 1997:483) is van mening dat sommige leerders 'n hoër risiko ervaar as ander om aan alkohol en dwelms verslaaf te raak. Omdat adolessente op so 'n beïnvloedbare ouderdom is, word hulle maklik deur handelaars, vriende en bendes mislei. Die risiko-faktore (die redes vir alkohol- en dwelmmisbruik) en die verbandhoudende beskermingsfaktore oor die afgelope paar dekades is geïdentifiseer.

Risiko- en beskermingsfaktore funksioneer albei op die volgende vlakke: die individu, die gesin, die ouderdomsgroep, skool en gemeenskap (Barton, Watkins & Jarjoura, 1997:483). Die effektiefste voorkomingsprogramme is dié wat op die risiko- en beskermingsfaktore van die bogenoemde lewensareas fokus, soos blyk uit die Alberta Youth Experience Survey soos uit die Alberta Alcohol and Drug Abuse Commission (AADAC) verslag (2003:1). Dit is dan ook die areas waarin die faktore in die hoofstuk opgedeel word. Barton, Watkins &Jarjoura (1997:483) meen verder dat om jeugdiges se probleme in isolasie aan te pak, oneffektief is. Dit ignoreer die verband tussen die oorsake en voorkoms van jeugdiges se probleme en gedrag. Voorkomingstrategieë wat dus gemeenskapspesifieke risiko's en bates op 'n veelvuldige vlak assesseer, sal heel waarskynlik eerder probleemgedrag verminder as

programme wat net op die probleemgedrag fokus.

2.2 Faktore wat tot middelmisbruik aanleiding gee

Ongeag rykdom, armoede, geleerdheid, geletterdheid of herkoms, dwelms en alkohol sal altyd teenwoordig wees en dit kan enigiemand benadeel. Mense wend hulself tot sosiaal aanvaarbare middele soos kalmeermiddels, eetlusdempers, hoesmiddels, pynstillers, alkohol, kafeïen en nikotien, omdat hulle nie die vaardigheid het om daaglikse stressors te hanteer nie. Hierdie probleme kan wissel van huweliksprobleme, moeilike persoonlike verhoudings, min selfvertroue, slapeloosheid en/of siekte tot 'n algemene angs en stres (Searll, 2002:67-8). Middelmisbruik, volgens Fraser (1984:435), is dus 'n komplekse probleem wat geassosieer kan word met die sosiale interaksie van en met die gesin, die skool en die ouderdomsgroep se sosiale interaksies. Die kritiese keuse om middele te misbruik word bepaal deur 'n persoon se gedragsneigings wat gevorm word deur onsigbare omgewingsinvloede (Szalay, Strohl & Doherty, 1999:2). Uit die onderskeie studies is dit duidelik dat daar heelwat opinies en studies ten opsigte van die verskeie risiko-faktore bestaan. Hierdie risiko-faktore word verder in die afdeling beskryf.

Pectora roborant cultus recti

2.2.1 Individuele faktore

In 'n artikel beskryf Barber, Bolitho & Bertrand (1998:164) programme wat grotendeels gebasseer is op weerstandsvaardigheidsbeginsels. Hierdie beginsels help adolessente om groepsdruk te weerstaan en dui oor die algemeen positiewe resultate in die aanleer van sosiale vaardighede aan. Die effektiwiteit van die aanleer van weerstansvaardighede kan bevraagteken word, aangesien middelmisbruik steeds onder jeugdiges voorkom en toeneem. 'n Regverdiging vir hierdie verskynsel is dat weerstandsvaardighede nie altyd die primêre redes vir adolessente middelmisbruik uit die weg ruim nie, aangesien dit die rol van groepsdruk in die besluit oorbeklemtoon. Vriende se invloed is beslis 'n sterk voorspeller van adolessente middelmisbruik, maar daar word baie min in hierdie programme onderskei tussen byvoorbeeld die ouderdom, geslag en ander persoonlike faktore van die adolessente. Searll (2002:153) het uit gesprekke met adolessente tussen drie groepe on-

derskei. Die eerste groep is adolessente wat reeds middele misbruik. Hierdie adolessente is gewoonlik baie skepties en antagonisties teenoor wat in die programme gesê word. Hulle sal dikwels nie saamstem met aanbieders van voorkomingsprogramme se opinies nie en ander probeer oortuig om ook nie saam te stem nie. Tweedens is daar die groep wat nooit die gevaar van alkohol- en dwelmmisbruik loop nie. Die derde en grootste groep adolessente bestaan uit diegene wat op die rand van eksperimentering lê. Dit is hulle wat die vatbaarste is vir middelmisbruik en die dringendste leiding nodig het om ingeligte besluite te kan neem. Daar is enkele faktore onderliggend aan persoonlike kenmerke en dit word vervolgens bespreek.

2.2.1.1 Ouderdom

Volgens Sussman & Ames (2001:59) wissel alkoholmisbruikers se ouderdomme tussen 26 en 34 jaar en dié van dwelmmisbruikers tussen 18 en 25 jaar. Hulle voer aan dat jong volwassenes hul in 'n kritieke lewensfase bevind en die middelmisbruik wys dalk op hul aanneem van meer volwasse rolle. Om sonder enige beperkinge volwasse te raak, kan aanleiding gee tot 'n verhoging in misbruik van alkohol en dwelms. Die beperkinge waarna hier verwys word, is onder andere die outoriteit van ouers en ander verantwoordelike persone, sowel as die reëls wat deur hierdie figure gestel word. Middelmisbruikvlakke begin egter verminder soos die misbruiker volwassenheid nader (soos hulle betrokke raak by werk, die huwelik, ouerskap) en meer verantwoordelikhede het.

2.2.1.2 Geslagsverskille

Middelmisbruik is meer algemeen by mans. Mans word geleer om probleme doelbereikend en op 'n praktiese manier op te los, eerder as om daaroor te praat. Middele help om die druk wat hiermee gepaard gaan te hanteer (Sussman & Ames ,2001:57) Kaplan en Johnson (in Szalay, Strohl & Doherty, 1999:118) verduidelik dat die verskil in sosialisering tussen mans en vroue tot verskillende vlakke van middelmisbruik lei aangesien hul waardes ten opsigte van aanvaarbare gedrag verskil. Byvoorbeeld: mans is meer behep met fisieke krag en bevoegdheid en vroue meer met fisieke aantreklikheid. Mans sal middelmisbruik dus

sien as 'n demonstrasie van mag en beheer, maar sal dronkenskap nie as vroulik beskou nie. Die artikel voer dus aan dat vrouens minder vatbaar is vir middelmisbruik as mans.

Hierteenoor toon Barber, Bolitho & Bertrand (1998:170) en Rocha et al. (1998:2) aan dat ouderdom en geslag nie apart hanteer kan word nie. Daar is 'n toename in die gewildheid en intensiteit van misbruik met die verhoging in ouderdom en vlak van opvoeding deur ouers en die skool. Dit wil sê hoe ouer adolessente, veral seuns, hoe groter is die kans op middelmisbruik. Verder: die belang van intrapersoonlike gedrag van seuns styg met ouderdom, maar die teenoorgestelde is waar vir meisies. Seuns ag dus interpersoonlike faktore minder belangrik hoe ouer hul word, terwyl interpersoonlike faktore (soos vriende wat drink en vriende se goedkeuring van drank) van groter belang is vir ouer meisies as vir seuns. 'n Sterk voorspeller van alkoholmisbruik onder seuns is of hulle vriende drink of nie. Hierdie tendens is teenwoordig in alle ouderdomsgroepe van adolessensie, maar spesifiek in die vroeë en latere fases.

2.2.1.3 'n Gebrek aan kennis oor alkohol en dwelms

Dit is nie net belangrik vir kinders en adolessente om kennis te dra van alkohol- en dwelmmisbruik en effekte daarvan ten einde 'n ingeligte besluit te kan neem nie, maar ouers moet ook kennis dra hiervan. Ouers wat self middele misbruik, beskou misbruik nie as ernstig nie en stel gevolglik nie streng voorwaardes ten opsigte hiervan nie. Dit skep die ruimte vir sosiale invloede wat kinders se persepsies en houdings negatief beïnvloed. Ouers moet egter nie net kennis opdoen nie—dit is hul plig om hierdie kennis oor te dra om sodoende alkohol- en dwelmverslawing in die gesin te voorkom (Searll, 2002:93).

2.2.1.4 Die aanloklike beeld van alkohol en dwelms

Mense word geprikkel deur juis die onwettigheid, gevare, nuwe sensasie en die subkultuur wat met alkohol en dwelms gepaard gaan. Die sensasie ervaar tydens die misbruik van hierdie middele hang egter af van die persoon se verwagtings, bui, omstandighede en die hoeveelheid wat geneem word (Searll, 2002:103). Vir Sussman & Ames (2001:71) is die soeke na sensasie 'n belangrike persoonlike kenmerk by individue wat meer vatbaar is vir die effek van genotvolle stimuli, die effek van alkohol en dwelms ingesluit. Sensasiesoekers

is meer gewillig om nuwe gedrag uit te soek en aan te neem, selfs wanneer daardie gedrag moontlik gevaarlik kan wees. Hierdie vrywilligheid van sensasiesoekers stem ooreen met Szalay, Strohl & Doherty (1999:30) se beskrywing van mense wat reeds middele misbruik. Misbruikers fokus op die sosiale aspekte van drank- en dwelmmisbruik en die genot en ontspanning wat daarmee geassosieer word. Vir hulle is daar 'n hegte verhouding tussen vriende en partytjies. Hulle bekommer hulle ook selde oor alkohol-verwante ongelukke en moontlike dood. Die positiewe elemente oorheers dus die negatiewe.

2.2.1.5 Psigologiese vatbaarheid

Volgens Searll (2002:105) is dit meer waarskynlik dat 'n persoon wat goeie ervaringe met dwelms en alkohol gehad het daaraan verslaaf sal raak as 'n persoon wat 'n slegte ondervinding gehad het. Sommige mense probeer dwelms een of twee keer en nooit weer nie, ander hou aan tot die punt van verslawing. Daar is egter geen manier om te voorspel wie verslaaf sal raak en wie nie. Sommige deskundiges glo daar is verslawende persoonlikhede. Dit is diegene met 'n inherente neiging om kompulsief afhanklik te raak van sommige gewoontes. Hierdie gewoontes kan enigiets wees van verslawing aan koffie, werk, te veel slaap, ooreet, ensovoorts. Navorsing van Sussman & Ames (2001:69) stel voor dat 'n ondersoek na genetiese oorwegings 'n moontlike oplossing kan wees vir intergenerasie alkoholisme en dwelmprobleme in die gesin, maar dit is steeds moeilik om van omgewingsfaktore te onderskei.

2.2.1.6 'n Onvermoë om verbintenisse te vorm

Individue wat sukkel om in te pas by instansies of groepe, sal eerder alkohol en dwelms misbruik (Sussman & Ames, 2001:72). Moontlike redes hiervoor is akademiese probleme, unieke belangstellings, min toegang tot gemeenskapsbronne, onkonvensionaliteit, rebellie en toleransie vir afwyking. Middelmisbruik is 'n oppervlakkige manier om te skakel met ander. Searll (2002:103) meen dat jong mense heel moontlik alkohol en dwelms begin gebruik as 'n manier om te rebelleer teen hul ouers, onderwysers en die hele instelling, wetende dat die meeste volwassenes dit nie goedkeur nie. Baie middelmisbruikers is sinies

oor die wêreld, maar in sommige gevalle is die misbruik van alkohol en dwelms 'n uitroep om hulp en 'n behoefte om aandag te kry (Searll, 2002:103).

2.2.1.7 Oplossings tot probleme

Meeste mense probeer ontslae raak van angs deur die oorsaak daarvan te verwyder. Alkohol en dwelms word soms misbruik om weg te kom van die realiteit en verantwoordelikheid. Persone wat egter reeds verslaaf is, voel dat hulle slegs op alkohol en dwelms kan staat maak om van hul angs (wat veroorsaak is deur die probleme) ontslae te raak (Searll, 2002:106). Szalay, Strohl & Doherty (1999:43) raak middelmisbruikers se siening van hul probleme aan. Middelmisbruikers dink aan hul vriende en verhoudings as hul grootste probleme, gevolg deur probleme by die skool en die huis. Hulle identifiseer alkohol- en dwelmmisbruik as 'n uitstaande probleem, maar blyk nie bekommerd te wees oor die skadelike effekte van die substanse self nie.

2.2.1.8 Emosionele ingesteldheid

Adolessente glo dikwels dat alkohol en dwelms, veral in ongemaklike sosiale situasies, hulle selfvertroue gee en belangrik laat voel (Searll, 2002:104). Dit is dus juis die verligting van negatiewe emosionele toestande of die hoop op 'n begeerlike emosionele toestand wat individue motiveer om te begin om middele te misbruik of daarmee aan te hou. Woede en depressie word verder met middelmisbruik en -afhanklikheid onder adolessente geasossieer. Dit is egter nie duidelik of hierdie emosionele toestande middelmisbruik voorafgaan of 'n gevolg daarvan is nie. Middelmisbruik kan mense uiteindelik meer depressief of aggressief laat voel vanweë die effekte op neurosendersisteme, ontrekkingsimptome wat ondervind word en/of die psigologiese afhanklikheid wat op misbruik volg (Sussman & Ames, 2001:72).

2.2.1.9 Eksperimentering en nuuskierigheid

Die behoefte om te eksperimenteer is die primêre rede vir jong mense om dwelms, sigarette en alkohol te begin misbruik, maar word ook gereken saam met vriende se invloed en groepsdruk (Searll, 2002:102). In die meeste gevalle word alkohol en dwelms eers net

aangebied, waarna, uit avontuurlustigheid om nuwe dinge te ervaar en omdat ander lede van die groep dit ook/reeds doen, probeer hulle dit.

2.2.2 Groepslidmaatskap en groepsdruk

Searll (2002:70-1) huldig die mening dat alkohol al so sosiaal aanvaarbaar geraak het in ons samelewing dat 'n persoon wat 'n drankie by 'n geleentheid weier, bespot of as 'n vervelige persoon bestempel word. Gevolglik word aanbeveel dat 'n hele verandering van lewenstyl moet plaasvind om alkohol en dwelms op te gee, insluitend 'n nuwe vriendekring. Adolessente wat gerespekteer en bewonder wil word, raak egter angstig by die gedagte om nie meer deel te wees van die groep nie. Baie adolessente is in 'n tweestryd gewikkel tussen die druk van hul vriende en die vrees vir dwelms. Die meeste adolessente sal eerder dwelms kies as om uit die groep verwerp te word. Dit is dus belangrik om om hul selfbeeld en selfvertroue op te bou (Searll, 2002:102).

Sussman & Ames (2001:67) brei verder uit oor die invloed van vriende. Die tipes sosiale ondersteuning wat individue aan mekaar verskaf, kan belangrik wees in die ontwikkeling van dwelmgebruik en -misbruik. Adolessente raak byvoorbeeld nuuskierig oor dwelms wanneer hulle sien hoe hul vriende dit gebruik en geniet. 'n Tweede invloed is vriende wat gesels oor hul positiewe ervarings en so inligting oor middele verskaf. Hierdie tipe invloed word beskryf as informatiewe sosiale invloede. Lede van die groep wil hê dat almal dieselfde houdings oor gereeldheid van hul middelmisbruikgedrag met mekaar moet deel. In ruil daarvoor verskaf die groep ondersteuning aan mekaar. Adolessente voel soms alleen en misbruik alkohol en dwelms om 'n persoon te hê om mee tyd te bestee. Lede wil volgens die groep se beleid optree ten einde aanvaarding onder die groepslede te verkry en te behou. Laasgenoemde is een van die hoof tipes groepsdruk en word as normatiewe sosiale invloede beskryf.

Verskeie skrywers, waaronder Terblace & Venter (1999:161-178), Edmonds & Wilcocks (1995:80) en Barton, Watkins & Jarjoura (1997:486), beskou groepsdruk as die grootste oorsaak van middelmisbruik. Die assosiasie met middelmisbruikers van dieselfde ouderdom word dus beskou as 'n risiko-faktor by nie-misbruikers.

2.2.3 Gesinsfaktore

Die waardes en gedrag van ouers, broers, susters, vriende, portuurgroepe en rolmodelle beïnvloed die leerervarings van die individu (Sussman & Ames, 2001:66-7). Die sosialiseringsprosesse met gesinslede kan lei tot menings en persepsies dat middelmisbruik aanvaarbaar is vir ander mense in hulle sosiale omgewing. Dit kan 'n individu wat van voornemens is om alkohol en dwelms te misbruik, negatief beïnvloed. Gesinskonflik, slegte toesighouding of toleransie vir middelmisbruik deur ouers, gesinsmodellering van middelmisbruik en afwykende portuurgroepassosiasies is prosesse wat eksperimentering met alkohol- en dwelmmisbruik beïnvloed (Sussman & Ames, 2001:67).

2.2.3.1 Sosiale invloede

Tydens adolessente se interaksie met portuurgroepe is daar 'n groter blootstelling aan morele waardes en begrippe wat verskil van en bots met die wat by die ouers geleer is. Kinders aanvaar ook nie meer net waardes van ouers sonder om te dink nie (Brown, 1998:3). Louw (1998:472) brei hierop uit deur te noem dat die internalisering van morele waardes en begrippe afhang van die adolessent(e) se verhouding met die ouers. Warm en liefdevolle ouers wat dissipline handhaaf, is goeie rolmodelle vir morele gedrag.

Conger & Rueter (1996:25) se bevindinge toon dat broers en susters 'n direkte én indirekte, maar vertraagde, effek op mekaar se moontlikheid om 'n alkoholis te word, kan hê. Verdere bevindinge toon dat adolessente wat middele misbruik, waarskynlik vriende sal hê wat dieselfde doen. Meer konvensionele adolessente sal die adolessente wat middele misbruik, verwerp, aangesien hulle nie tot hierdie tipe afwykende gedrag aangetrokke is nie. Stimmel (1993:37) noem dat 'n tekort aan gepaste rolmodelle in die gesin gewoonlik tot afhanklikheid van ander volwassenes of adolessente lei. Hierdie afhanklikheid van ander volwassens of adolessente stem ooreen met Conger & Rueter (1996:26) se sterkste voorspeller van middelmisbruik, naamlik die assosiasie met vriende wat middele misbruik.

2.2.3.2 Familiegeskiedenis en gesinsdinamika

Coger & Rueter (1996:26) maak die stelling dat ouers se geskiedenis van middelmisbruik indirek gekoppel is aan adolessente se latere risiko ten opsigte van middelmisbruik. 'n Gesinsgeskiedenis van middelmisbruik verhoog vatbaarheid (Barton, Watkins & Jarjoura, 1997:486; Szalay, Strohl & Doherty, 1999:123). Hieruit kan afgelei word dat kinders se persepsies en houdings die sosiale invloede van hul gesin reflekteer.

Dit is egter nie net 'n familiegeskiedenis van middelmisbruik wat 'n invloed het nie, maar ook die dinamika binne die gesin. 'n Kind wat onveilig, bedreig of ongelukkig voel, is dikwels meer vatbaar vir eksterne invloede, onder andere middelmisbruik. Jongmense sien elke dag hoe volwassenes alkohol en dwelms misbruik. In sommige gevalle is dit hul eie ouers wat hierdie voorbeeld stel. Hierdie ouers skep die indruk dat alkohol- en dwelmmisbruik nodig is vir 'n prettige tyd (Searll, 2002:104-5). Jongmense wat positiewe verhoudings met hul ouers het, het 'n mindere kans om met middelmisbruik betrokke te raak (Szalay, Strohl & Doherty, 1999:120). Stimmel (1993:37) identifiseer verdere faktore wat adolessente se neiging tot misbruik kan verhoog: gebrekkige ouer-kind-verhoudings wat gewoonlik na 'n tekort aan intimiteit wys; ouers wat nalaat om kinders se prestasies te prys; kritiek; geen duidelike grense tot gedrag; tekort aan 'n emosionele band met ouers en 'n gebrek aan kommunikasie tussen ouers en kinders. Hierteenoor weerhou positiewe gesinsverhoudings adolessente daarvan om met alkohol en dwelms te eksperimenteer.

Alkohol- en dwelmmisbruik kan ook tot die verbrokkeling van gesinspatrone lei. Dit beteken dat daar geen harmonie tussen die eggenote, ouers en kinders heers nie (Kotze, 1991:11). Carson & Butcher (1992:300) is van mening dat, indien 'n kind in sy/haar vroeë kinderjare blootgestel is aan huweliksgeweld, dit later 'n impak op die kind se algehele funksionering sal hê. Stresvolle lewensgebeure soos byvoorbeeld egskeiding, siekte en dood het 'n groot effek op die adolessent binne die gesinsisteem (Mumm, Olsen & Allen, 1998:385). Kinders wat hierdeur moes gaan, sal makliker deur die risiko-faktore beïnvloed word en staan gevolglik 'n groter kans om verslaaf te raak.

2.2.4 Opvoedkundige prestasie en druk om te slaag

Die jeug van vandag ervaar geweldige druk om op alle terreine suksesvol te wees (Searll, 2002:105). Ouers verwag te veel van hul kinders en die kinders voel asof hulle nie aan al die verwagtings kan voldoen nie. Ten spyte van hulself en hul vaardighede, sal alkohol en dwelms, soos vir meeste alkohol- en dwelmverslaafdes, vir die adolessente 'n vinnige versekering van eiewaarde wees. Navorsing dui aan dat alkohol- en dwelmafhanklikes ondergemiddeld presteer op skool, maar dat hierdie ondergemiddelde skoolprestasie voorafgegaan word deur middelmisbruik en ander afwykende gedrag. Leerders wat misluk en swak presteer, etiketteer hulself en word deur skole as verloorders bestempel (Fraser, 1984:438).

2.2.5 Gemeenskapsfaktore

2.2.5.1 Omgewingsfaktore

Die risiko-faktore wat volgens Barton, Watkins & Jarjoura (1997:486) en Terblanché & Venter (1999:177) 'n invloed het op die omgewing, is ekonomiese en sosiale ontneming, oorgang en mobiliteit, asook die beskikbaarheid van alkohol en dwelms.

Barton et al. in Sussman & Ames (2001:61-2) beskou risiko-faktore in die gemeenskap as die volgende: 'n Buurt wat nie geörganiseerd is nie, verwys na 'n buurt waar daar nie 'n sentrale outoriteit is wat gedrag in die gemeenskap kan reguleer nie. In so 'n buurt is daar byvoorbeeld baie meer gevalle van publieke dronkenskap, dwelmhandel en bende-aktiwiteite. Ongunstige ekonomiese toestande lei daartoe dat die toegang tot positiewe rekreasie (byvoorbeeld sport, kultuur en voorkomingsprogramme) heelwat minder is. Die toestande lei tot dwelmverwante kriminele aktiwiteite, soos die verkoop van dwelms, as 'n bron van inkomste. Laastens sluit die beskikbaarheid van alkohol en dwelms in die omgewing die gemak van verspreiding, toegang en verkryging in. Die gemak van verspreiding verwys na die vestiging van 'n "besigheidstruktuur" waar die vervoer van alkohol en dwelms met relatief min weerstand van een area na 'n ander kan geskied. Toegang verwys na 'n persoon se kennis oor waar om toegang tot alkohol en dwelms op hierdie verspreidingsroete te kry. Gemaklike verkryging verwys na die individu se vaardigheid

om alkohol en dwelms te bekom. Iemand wie se lewensruimte hierdie middele insluit, is meer blootgestel daaraan en sal heel waarskynlik beter weet hoe om dit in die hande te kry.

2.2.5.2 Vryetydsbesteding en ontspanning

Baie tieners begin middele misbruik omdat hulle verveeld is, nie 'n doel in die lewe het nie en ongemotiveerd en geïsoleerd voel (Searll, 2002:103). Daar is egter 'n nou verband tussen pret, vriende, alkohol en dwelms. Adolessente wat alkohol en dwelms misbruik heg, minder waarde aan gesinsbande, verhoudings met mentors, vriende en gesinslede en alternatiewe aktiwiteite soos sport, kulturele aktiwiteite en voorkomingsprogramme. Dit is juis dié aspekte wat weerstand teen middelmisbruik sal opbou (Szalay, Strohl & Doherty, 1999:37).

Angs en kommer is een van die grootste dryfvere in die lewe (Kotze, 1991:3). Terugslae lyk onoorkomlik en middelmisbruik blyk gevolglik vir adolessente ontspannend te wees en te help om stresvolle situasies te hanteer. Straussner (1993:34) noem egter dat die behoefte om middele te misbruik, versterk word deur die genotvolle effek wat daarmee geassosieer word. Dit word ook negatief versterk deur die vermindering in spanning en angs terwyl die misbruiker onder die invloed is.

Twee ontspanningsaktiwiteite, televisie kyk en deelname aan sport, kan soms middelmisbruik versterk. Die invloed van hierdie aktiwiteite word vervolgens bespreek.

Televisie

Televisie beïnvloed dwelmmisbruik. Televisie en flieks moedig dwelmmisbruik aan deur die oordra van positiewe beelde van helde, modelle en rolmodelle wat alkohol en dwelms misbruik. Hiermee saam verskaf die Internet nie net inligting oor alle dwelms en dwelmmisbruik nie, maar ook oor maniere om dwelms te vervaardig (Sussman & Ames, 2001:65-6).

Die massamedia manipuleer adolessente deur steoretipe beelde van adolessente, met 'n aantreklike voorkoms en geen gewigsprobleme, as die norm voor te hou. Hulle word dus sensitief vir die verskil tussen hulle minder perfekte voorkoms en die volmaakte beeld wat deur die media geskep word. Dit veroorsaak angs, twyfel en ongelukkigheid, met die gevolg

dat die adolessent na alkohol en dwelms keer om vir hul sogenaamde “tekortkominge” te kompenseer (Kotze, 1991:4).

Volgens Muisener (1994:52) dra massamedia bepaalde waardes en houdings oor. Hierdie transformasie van idees en beelde kan veral magtig wees in die vorming van waardes en houdings in adolessente. Adolessente is in ’n stadium van hul lewe waar hulle ’n waardesisteem en morele kode vorm en internaliseer. Die media se boodskap oor alkohol en dwelms beïnvloed gevolglik die vorming van houdings en waardes oor middelmisbruik. Aan die een kant probeer die media verantwoordelike besluitneming verheerlik, maar aan die ander kant weerspreek hulle hulself deur alkohol- en dwelmmisbruik as aantreklik en normaal voor te hou.

Deelname aan sport

Szalay, Strohl & Doherty (1999:140) wys op teenstrydige navorsing oor hoe deelname aan sport ’n risiko-faktor sowel as ’n beskermingsfaktor kan wees. Hulle gevolgtrekking is dat die invloed van die tipe sport afhang. Daar is spansport, toeskouersport wat lei tot sosiale vermaak en sport wat ’n intense persoonlike, fisieke inspanning en dissipline vereis. Middelmisbruikers stel meer belang in binnemuurse-, span- en toeskouersport. Sportgeleenthede en kompetisies word dikwels as nog ’n geleentheid om saam met vriende te kuier, gesien. Dit sluit middelmisbruik in. Die tipe sport wat ’n groter vlak van fisieke betrokkenheid, dissipline en uithouvermoë vereis, teenoor sportgeleenthede wat meer elemente van sosiale vermaak bevat, is gewoonlik die sportsoorte waar alkohol en dwelms nie misbruik word nie.

Carson & Butcher (1992:12), Terblanche & Tshiwula (1996:177) en Mumm, Olsen & Allen (1998:385) is oortuig daarvan dat ’n gebrek aan toepaslike ontspanningsgeriewe verveeldheid veroorsaak en middelmisbruik bevorder, aangesien dit ook ’n manier is om stresvolle situasies te hanteer. ’n Stimulerende aktiwiteit sou as alternatiewe bron vir ontspanning dien. Voorbeelde hiervan sluit in aktiwiteite wat adolessente nuwe vaardighede aanleer, uitdagend en lekker is. ’n Nuwe sport, teater- en opvoeringsgeleenthede, rekenaargeletterdheid en aktiwiteite wat hulpverlening aan die gemeenskap behels, is voorbeelde van stimulerende aktiwiteite.

2.2.5.3 Kulturele faktore

Kultuur dui op 'n onderskeibare stel optredes wat gebaseer is op gedeelde kennis en betekenisse. Dit word oorgedra deur spreektaal, liggaamstaal, leerstyle en oortuigings ten opsigte van die gesin, waardes en spiritualiteit (Dyer, 1994:23). Die gedrag van die onderskeie kultuurgroepe verskil en word op verskillende ondervindings gebaseer. Mense beskou gevolglik die wêreld en sy probleme verskillend en hierdie verskillende sienings het verskille in gedrag tot gevolg (Szalay, Strohl & Doherty, 1999:164).

Sussman & Ames (2001:65) identifiseer verskeie kulturele faktore wat alkohol- en dwelmmisbruik kan beïnvloed. Dit sluit in: lewensrituele en -gewoontes wat belangrik is vir 'n sekere groep, normatiewe strukture, norme en houdings teenoor middelmisbruik en verwagtinge oor die effek daarvan. Normatiewe strukture word verduidelik as 'n lewensgewoonte. Kinders in Frankryk leer byvoorbeeld om wyn te drink saam met elke maaltyd en kan wyn in die winkels koop. In Amerika is dit onwettig vir enigeen onder die ouderdom van 21 jaar om alkohol te koop. Hulle is ook nie veronderstel om dit te drink nie.

'n Studie van Segal (1992:269) fokus veral op die verskillende waardes wat die gedragspatrone van misbruikers binne 'n subkultuur of etniese groep handhaaf. Middelmisbruik ontaard in spesifieke probleemgedrag wat inherent deel van die verskillende subkulture raak (Spiegler et al. in Segal, 1992:272). Die alkohol- en dwelmprobleem bestaan reeds lank genoeg om in die waardesisteme en lewenstyl van die verskillende subkulture geïntegreer te wees. Enige model wat middelmisbruik binne 'n sekere kultuur probeer verklaar, moet eers die probleem ten volle begryp en dit ondersoek in terme van die waardes wat toegeskryf word aan middelmisbruik binne die betrokke kultuurgroep (Segal, 1992:306). Ten einde te verstaan hoe lede van 'n bepaalde kultuur optree en waarom hulle so optree, moet die navorser eers die bepaalde waarde wat hulle aan die bepaalde gedrag heg, begryp (Dyer, 1994:23).

Segal (1992:309) voer aan dat sosiale wanorde, kulturele en sosiale verandering, kulturele konflik en die stres wat hieruit spruit, tot die inisiëring van middelmisbruik onder die jeug lei. Voorkomingsprogramme moet dus kulturele faktore wat die risiko van middelmisbruik onder die jeug verhoog, aanspreek. Voorkoming moet dus eerder daarop fokus om die

omgewingsfaktore wat bydra tot middelmisbruik, te verander, in plaas daarvan om op die verandering van houdings ten opsigte van middelmisbruik, te konsentreer.

2.3 Beskermingsfaktore

Daar is bepaalde faktore wat adolessente nodig het om te ontwikkel in gesonde, empatiese, produktiewe volwassenes. Dit sluit die bou van eksterne bates in gesinne, skole en gemeenskappe in, sodat adolessente daardeur die nodige interne bates sal ontwikkel om hulle te lei (Benson in Scales, 1997:613). Hoe meer eksterne en interne bates die adolessente oor beskik, hoe laer is die vlak van hul risiko-gedrag.

Eksterne bates verwys na die verhoudings en geleenthede wat vir adolessente beskikbaar gestel word. Dit sluit ondersteuning, bemagtiging, grense, verwagtinge en konstruktiewe tydsgebruik in. Interne bates word beskryf as waardes en vaardighede wat deur die adolessente self ontwikkel word. Die verbintenis om te leer (kennis op te doen), handhawing van positiewe waardes, sosiale vaardighede en 'n positiewe houding word hierby ingesluit.

Die Alberta Youth Experience Survey soos uit die Alberta Alcohol and Drug Abuse Commission (AADAC) verslag (2003:1) sluit die belangrikste beskermingsfaktore in: ouers se toesighouding oor hul kinders se sosiale aktiwiteite, gedrag en skooldeelname; goeie sosiale vaardighede; beskikbaarheid van en deelname aan pro-sosiale aktiwiteite (soos genoem by vryetydsbesteding en ontspanning onder risiko-faktore); punte behaal op hoërskool; asook 'n goeie verbintenis met die skoolaktiwiteite. Hawkins, Catalano & Miller (1992:65) deel die bates op in die volgende kategorieë: die individu, gesin, ouderdomsgroep, skool en gemeenskapsvlak. Dit is dan ook die kategorieë waarin die studie se beskermingsfaktore opgedeel en beskryf word.

2.3.1 Individu

Die AADAC verslag (2003:1) dui die volgende beskermingsfaktore aan as relevant tot die individu: sosiale vaardighede en deelname; emosionele stabiliteit; 'n positiewe sin van hom-/haarself; probleemoplossingsvaardighede en aanpasbaarheid. Nog 'n belangrike

faktor is om 'n positiewe toekomsplan te hê, oftewel 'n strewe na 'n bepaalde doelstelling (Jones & Heaven, 1998:128). Een van die komponente onderliggend aan adolessente se besluit om alkohol en dwelms te begin misbruik, is die voor- en nadele betrokke by middelmisbruik. Hoekom eerder 'n ander aktiwiteit begin, en nie middelmisbruik nie? Is middelmisbruik byvoorbeeld 'n makliker aktiwiteit of eenvoudig beskikbaar? Voorkomingsprogramme moet hier die beter alternatief verskaf. Dit motiveer jongmense om in 'n sekere (positiewe) rigting te beweeg, veral indien hulle eksplisiete toekomsdoelstellings het.

"Project ALERT" (2004) identifiseer spesifieke doelstellings vir die individu om self die aantal beskermingsfaktore te verhoog:

- identifiseer redes om nie alkohol en dwelms te misbruik nie;
- ontwikkel persepsies dat lede van die ouderdomsgroepe middele misbruik of nie en in der waarheid die misbruik daarvan afkeur;
- ontwikkel die geloof dat 'n persoon die (sosiale) druk om middele te misbruik, kan weerstaan;
- ontwikkel voornemens om nie middele te misbruik nie;
- glo dat vriende nie-misbruikers respekteer;
- ontwikkel die vermoë om voorgehoue aanloklikheid (byvoorbeeld in advertensies) te identifiseer en te weerstaan;
- bekom veelvuldige strategieë om die versoeking te weerstaan; en
- ontwikkel die vermoë om interne druk te identifiseer en te weerstaan.

2.3.2 Die gesin

Volgens Arie (1997:1) vorm die gesinsisteem 'n belangrike skakel in die lewensiklus van die adolessent. Die lewensiklus hou moeilike uitdagings in. Dit vereis voortdurend nuwe vaardighede, kennis, funksies en houdings van die adolessente. Mense koppel dikwels ouer-adolessent-verhoudings aan konflikbelaaide interaksie tussen die ouer en kind (Louw,

1998:488). Al gaan die stadiums van adolessensie nie altyd met konflik gepaard nie, (Craig, 1996:435), is dit onvermydelik, aangesien adolessente rebelse vriende, groepsdruk, fisieke veranderinge tydens puberteit en teenstrydige rolverwagtinge moet hanteer. Hierdie ontwikkelingsfase skep dus die ideale geleentheid vir die ouer om ondersteuning en kameraadskap aan die adolessente te bied.

Garnier & Stein (1998:111) is van mening dat 'n sterker verbintenis aan konvensionele waardes die moontlikheid dat adolessente by probleemgedrag betrokke sal raak, verminder. Meer tradisionele prestasie- en outoriteitswaardes beskerm adolessente teen die algemene neiging om in probleemgedrag betrokke te raak. Hierdie waardes beteken byvoorbeeld om goed te presteer op skool, in sport en/of enige ander aktiwiteit, skool by te woon, moontlik kerk by te woon, en gehoorsaam wees aan ouers en onderwysers se outoriteit. Indien bogenoemde waardes met beskerming, die bevordering van eie-waarde en die sin van die lewe verband hou, sal adolessente hierdie waardes bo meer destruktiewe waardes verkies. 'n Warm, ondersteunende verhouding tussen veral moeders en kinders verminder byvoorbeeld die risiko dat adolessente probeemgedrag aanneem, beduidend.

Swak kommunikasie tussen ouers en kinders lei dikwels daartoe dat die ouers nie kennis dra van die aktiwiteite waarmee hul kinders hulself mee besig hou nie. Dit word bevestig deur onder andere Van der Walt (2001:9) en Terblance & Venter (1999:161). Maar, na aanleiding van Edmonds & Wilcocks (1995:64), kan ouers die risiko van middelmisbruik by hul kinders verlaag deur te kommunikeer met hul kinders, gesprekke oor die onderwerp van middelmisbruik aan te moedig en deur op datum te bly met alkohol- en dwelmverwante kwessies. Adolessente se kommunikasie met ouers en ander volwassenes moet dus deel vorm van die strategie om die gesinsbeskermingsfaktor te verhoog ("Project ALERT", 2004).

2.3.3 Skool

Navorsing het getoon dat die gereelde volging van hul akademiese skedule, adolessente se behoefte om by die misbruik van skadelike middele betrokke te raak, verminder. Om nie klasse by te woon nie, is 'n aanduiding van min akademiese belangstelling en 'n negatiewe houding teenoor skool. Hierdie adolessente is meer vatbaar vir die invloed van

risiko-faktore. Talle studies wys verder dat 'n hoë vlak van akademiese prestasie met laer vlakke van middelmisbruik geassosieer word (Szalay et al. 1999: 148-150). Norme teen middelmisbruik in skole, samewerkende leervaardighede en respek vir ander is drie beskermingsfaktore wat verhoog moet word in die skool opset ("Project ALERT", 2004).

Die AADAC verslag (2003:2) meld die volgende punte as beskermingsfaktore rakende skool: 'n skoolomgewing waar daar ondersteuning en besorgdheid vir leerders by onderwysers is; hoë verwagtinge by adolessente geskep word; duidelike standaarde en reëls vir aanvaarbare gedrag neergelê is; en deelname deur adolessente (betrokkenheid en verantwoordelikheid ten opsigte van skooltake en -besluite) aan die orde van die dag is. Positiewe beskermingsfaktore by skole moet doelstellings, akademiese prestasies en positiewe sosiale ontwikkeling aanmoedig (Hawkins, Catalano & Miller, 1992:97). Hiervoor is geleenthede vir besluitneming en leierskap vir adolessente noodsaaklik. Die aktiewe betrokkenheid van ouers, kinders en die gemeenskap moet verder aangemoedig word.

Indien adolessente se akademiese prestasie goed is en hulle selfversekerd en bevoeg voel om vaardighede te ontwikkel wat hulle sal help om hul individuele stressors te identifiseer en beheer, sal die neiging tot middelmisbruik verminder (Ukpokodu, 1994:182).

2.3.4 Portuurgroep

"Project ALERT" (2004) noem twee beskermingsfaktore wat hier verskerp moet word. Eerstens moet adolessente die motivering en vaardighede hê om vriende te help om middelmisbruik te vermy. 'n Tweede faktor is verantwoordelike gedrag soos deur ouderdomsgroepslede gemodelleer.

Die AADAC verslag (2003:2) noem die volgende twee faktore wat deel vorm van die portuurgroep se lewensterrein: 'n betrokkenheid met positiewe portuurgroep-aktiwiteite en -waardes; sosiale vaardigheid in besluitneming, handhawing van die self, en interpersoonlike kommunikasie. Volgens Barton, Watkins & Jarjoura (1997:488) kan die assosiasie met konvensionele vriende (met ander woorde, vriende wat nie middele misbruik nie) en assosiasie met vriende wat ouers se goedkeuring dra, as beskermingsfaktor optree. 'n Mate van eensaamheid tydens adolessensie is normaal, maar vir sommige adolessente is dit werklik 'n probleem. Volgehoue eensaamheid veroorsaak dikwels pynlike gevoelens van

sosiale onbevoegdheid en vervreemding van die portuurgroep. Aanvaarding deur die portuurgroep vir adolessente is uiters belangrik en is noodsaaklik vir gesonde ontwikkeling. Om soos vriende te wil lyk en optree is dus normaal en verstaanbaar (Brown, 1998:82,84).

2.3.5 Gemeenskap

Die volgende gemeenskapsfaktore word deur die AADAC verslag (2003:2) vermeld: 'n gemeenskap wat besorg is en daadwerklik ondersteun; hoë verwagtinge van die jeug het; media-geletterdheid; opvoeding van die jeug rakende advertensies; sowel as gemeenskapsgeborgde aktiwiteite.

Hawkins, Catalano & Miller (1992:87) beskou die volgende faktore in 'n gemeenskap as belangrik: geleenthede vir gemeenskapsbetrokkenheid; deurlopende wetstoepassing; beginsels en waardes moet die nie-misbruik van dwelms en alkohol aanmoedig; geleenthede vir leerlinge om gemeenskapsdiens te verrig; en beskikbare bronne vir die gemeenskap soos huise, kindersorg, werk en rekreasie. Laastens moet daar omvangryke, risiko-gefokusde programme beskikbaar wees vir ouers, jong kinders en adolessente.

Godsdiens is nog 'n belangrike beskermingsfaktor in gemeenskappe. Brown (1998:37) en Louw et al. (1998:214) voer aan dat adolessente wat godsdienstig is, 'n groter morele pligsbesef het as adolessente wat nie godsdienstig is nie en terselfdertyd met 'n alternatiewe aktiwiteit besig gehou word. Szalay, Strohl & Doherty (1999:155) huldig die mening dat hoe meer betrokke 'n individu is by religieuse praktyke, hoe skraler is die kans dat hy/sy by middelmisbruik betrokke sal raak. Baie nie-misbruikers aanvaar konvensionele waardes en instellings as goeie en noodsaaklike aspekte van hul lewe. Vir hulle bied godsdiens ondersteuning, liefde, struktuur, moraliteit, vertroosting en verlossing. Misbruikers aan die ander kant, is baie meer sinies oor sosiale instellings en waardes en bevraagteken die outoriteit en beperkinge. Dit lei daartoe dat misbruikers hierdie waardes en instellings moeiliker sal aanvaar en nie baat vind daarby nie.

2.4 Bespreking

Die belangrikste ontwikkeling in die middelmisbruikvoorkomingsteorieë en -programme van Hawkins, Catalano & Miller (1992:86), is 'n fokus op risiko- en beskermingsfaktore as 'n beskrywende en voorspellende raamwerk. Baie kinders word groot in 'n omgewing waar daar baie risiko-faktore teenwoordig is, maar hulle word steeds groot sonder enige probleme. Die rede hiervoor is die teenwoordigheid van beskermingsfaktore. Aangesien sommige risiko-faktore vir middelmisbruik weerstand bied teen verandering of net onmoontlik is om te verander, is dit belangrik om aandag te gee aan beskermingsfaktore. Veral dié beskermingsfaktore wat middelmisbruik by kinders met hoë risiko inhibeer, moet geïdentifiseer word. Hierna kan strategieë ontwerp word om die risiko's aan te spreek, onder andere deur die verbetering van die beskermingsfaktore. Voorkomingsgerigte programme moet dus duidelik spesifiseer hoe dit die voorkoming van middelmisbruik wil aanspreek: deur die vermindering of eliminering van risiko-faktore, of die bemiddeling van newe-effekte deur die verbetering van beskermingsfaktore. 'n Voorstelling van die bespreekte risiko- en beskermingsfaktore word in Tabelle 2.1–5 geillustreer.

Pectora roborant cultus recti

Tabel 2.1: Risiko- en beskermingsfaktore: Individueel.

Risiko-faktore	**Beskermingsfaktore**
• Ouderdom • Geslagsverskille • 'n Tekort aan kennis oor alkohol en dwelms • Die aanloklike beeld van alkohol en dwelms • Psigologiese vatbaarheid • 'n Onvermoë om verbintenisse te vorm • Probleemoplossing • Emosionele ingesteldheid • Eksperimentering en nuuskierigheid	• Sosiale vaardighede en deelname • Emosionele stabiliteit • 'n Positiewe sin van hom-/haarself • Probleemoplossingsvaardighede • Aanpasbaarheid • Positiewe toekomsplanne/ doelstellings • Persepsies dat ander lede van portuurgroep middelmisbruik afkeur • Vertroue in eie weerstandsvaardighede • Vertroue dat vriende nie-misbruikers respekteer • Vermoë om invloede van die media te identifiseer en te weerstaan • Veelvuldige strategieë vir die weerstaan van dwelms • Vermoë om interne druk te identifiseer en te weerstaan

Tabel 2.2: Risiko- en beskermingsfaktore: Portuurgroep.

Risiko-faktore	**Beskermingsfaktore**
• Groeplidmaatskap • Groepsdruk	• Motivering en vaardigheid om vriende te help om alkohol- en dwelmmisbruik te vermy • Verantwoordelike gedrag gemodelleer deur lede van eie ouderdomsgroep • Betrokkenheid by positiewe portuurgroep-aktiwiteite en waardes • Sosiale vaardighede en besluitneming, selfhandhawing en interpersoonlike kommunikasie

Tabel 2.3: Risiko- en beskermingsfaktore: Gesin.

Risiko-faktore	**Beskermingsfaktore**
• Sosiale invloede • Familiegeskiedenis • Gesinsdinamika	• Ondersteuning en kameraadskap van ouers • Hoë vlakke van toesighouding deur ouers • 'n Gehegtheid aan ouers • Afwesigheid van oormatige kritiek • Basiese vertroue • Hoë ouerverwagtings • Duidelike reëls en verwagtings • Kommunikasie met ouers oor middelmisbruik • Ouers bly op datum met middelmisbruikkwessies

Pectora roborant cultus recti

Tabel 2.4: Risiko- en beskermingsfaktore: Skool.

Risiko-faktore	**Beskermingsfaktore**
• Opvoedkunidige prestasie • Druk om te slaag	• Norme teen alkohol- en dwelmmisbruik in skole • Samewerkende leergeleenthede • Respek vir ander • Skoolomgewing met ondersteuning en besorgdheid • Duidelike standaarde en reëls vir aanvaarbare gedrag • Leerderdeelname, -verantwoordelikheid en -betrokkenheid ten opsigte van skooltake • Moedig doelstellings aan • Moedig akademiese prestasie aan • Moedig positiewe sosiale ontwikkeling aan • Verhoog leierskap- en besluitnemingsvaardighede • Moegdig aktiewe betrokkenheid van ouers, kinders en gemeenskap aan • Borg middelevrye aktiwiteite

Tabel 2.5: Risiko- en beskermingsfaktore: Gemeenskap.

Risiko-faktore	**Beskermingsfaktore**
• Omgewingsfaktore • Vryetydsbesteding en ontspanning • Kulturele faktore	• Ondersteuning en besorgdheid • Gemeenskapsgeborgde aktiwiteite • Geleenthede vir gemeenskapsbetrokkenheid • Reëls wat deurlopend toegepas word • Beginsels en waardes wat nie-gebruik aanmoedig • Geleenthede vir gemeenskapsdiens deur leerlinge • Gemeenskapsbronne soos kindersorg, huise, werk en rekreasie • Wyd-ondersteunde gemeenskapsvoorkomingspogings • Aanmoediging van godsdiens beoefening

2.5 Samevatting

Volgens Muisener (1994:81) moet arm gesinne deurgaans die stressors van werkloosheid, onvoldoende behuising, min of geen gesondheidsorg, en/of ander finansiële probleme hanteer. Die slegte omstandighede kan bydra tot 'n gevoel van hopeloosheid, vervreemding en magteloosheid onder gesinslede en dit maak hulle meer kwesbaar vir middelmisbruik. Moleko (2002:7) oorvleuel met Muisener se mening. Middelmisbruik ontwikkel uit 'n ongesonde keuse van alkohol en dwelms as meganisme vir die hantering van die probleme en pyn van die lewe. Pyn is egter normaal en 'n onlosmaaklike deel van die lewe. Dit motiveer mense om te groei. Hoe jongmense leer om pyn te hanteer, is dus van kardinale belang. Gesonde maniere om pyn te hanteer kan deur middelmisbruik-voorkomingsprogramme aangeleer word.

In hierdie hoofstuk is die beskermings- en risiko-faktore wat 'n effek kan hê op middelmisbruik, bespreek. In die volgende hoofstuk word voorkomingsgerigte programme, soos in die literatuur genoem, bespreek.

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk 3

Middelmisbruik: Voorkomingsprogramme aan Adolessente

3.1 Inleiding

Alkohol- en dwelmmisbruikvoorkomingsprogramme fokus hoofsaaklik daarop om die adolessente wat nie verslaafdes is nie, te beskerm. Dit behels onder andere die vind van doeltreffende maniere om hulle te help om eksperimentering en betrokkenheid met alkohol en dwelms te vermy (Szalay, Strohl & Doherty, 1999:8). Daar is egter verskeie menings oor effektiewe voorkoming en tipes voorkomingsprogramme. Volgens Rocha-Silva et al. (1998:1) het effektiewe optrede teen alkohol- en dwelmverwante probleme ondersteuning van opvoedkundige- en ekonomiese ontwikkelingsgeleenthede nodig. Dit is inderdaad noodsaaklik dat alle pogings om alkohol- en dwelmmisbruik te voorkom, in samewerking met sektore vir kriminele geregtigheid, opvoeding, gesondheid, die ekonomiese bedryf, arbeid en maatskaplike werk, geskied.

Die voorwaardes vir doeltreffende voorkomingsprogramme word in hierdie hoofstuk bespreek, asook die teorieë, modelle en perspektiewe wat tans in programme toegepas word. Dit word gevolg deur verskillende programme soos in die literatuur gevind.

3.2 Voorwaardes vir suksesvolle voorkomingsprogramme

Szalay, Strohl & Doherty (1999:2) gebruik 'n sisteem van voorkoming wat op huidige psigologiese tendense fokus ten einde die probleem van middelmisbruik aan te spreek voor dit ontwikkel. Die sisteem onderskei tussen die verborge oorsake en belangrikste bydraende oorsake. Mense wat geïnteresseerd is in voorkoming, is geneig om op "skadelike substanse en hul dramatiese effekte" te fokus (Szalay, Strohl & Doherty, 1999:9). Die sleutel tot effektiewe voorkoming lê egter daarin om dié probleme wat agter die ooglopende probleme verskuil is, te ondersoek. Programleiers moet dus eerder op die onderliggende psigologiese afwykings konsentreer en nie 'n enkele universele oplossing vir voorkoming soek nie.

Daar is heelwat moontlikhede oor hoe om voorkomingsprogramme aan te pak, maar ook talle voorwaardes aan verbonde. Hierdie voorwaardes, naamlik die assessering van 'n gemeenskap, gemeenskapsdeelname, integrasie van rolspelers, en die evaluering van voorkomingsprogramme, word vervolgens bespreek.

3.2.1 Assessering van gemeenskappe

Colby (1997:7) fokus op die assessering van gemeenskappe (in hierdie geval: die adolessente), asook die belang wat die gemeenskapslede het om by al die prosesse van die voorkomingsprogram in te skakel (soos om die vraelyste te help ontwerp en as onderhoudvoerders op te tree). Van die punte wat in so 'n assesseringsvraelys gedek kan word, is die volgende: algemene demografiese informasie oor die adolessent en sy/haar idees vir hul gemeenskap rakende alkohol- en dwelmmisbruikvoorkoming; aanbevelings vir moontlike gemeenskapsintervensiestrategieë rakende hierdie probleme; assessering van bestaande groepe wat reeds by voorkomingsprogramme betrokke is (byvoorbeeld polisie, maatskaplike instansies, en kerke); en laastens, insae oor die beste wyse om met lede van die gemeenskap te kommunikeer.

Die volgende aspekte moet tydens assessering in ag geneem word:

- Die belangrikste deel van daadwerklike voorkoming, is die identifisering van die risiko-faktore wat mense vatbaar maak vir middelmisbruik. Die assessering van risiko-faktore moet dus eerste gedoen word (Szalay, Strohl & Doherty, 1999:235).

- Hancock (1994:144) se assesseringsdoelstellings stem met bogenoemde ooreen. Dit sluit in die kwessies, druk en neigings binne en buite die gemeenskap wat veral die jeug in 'n gemeenskap beïnvloed. Hancock stel voor dat die programleier eers 'n lys van al die bates en vermoëns wat in die gemeenskap die kwessie van jeugontwikkeling en -prestasie aanspreek, opstel, sodat voorkomingsprogramme daarop kan fokus.

- Vir Barton, Watkins & Jajourna (1997:490) is 'n gedetailleerde assessering van bestaande kondisies van dienste en bronne, soos skole, welsynsinstansies, sportgeleenthede, en aktiwiteite waaraan die jeug kan deelneem, nodig.

- 'n Behoefte-assessering moet gedoen word. Dit gee 'n duidelike profiel van die probleme wat geadresseer moet word. Die assessering moet duidelik identifiseer en spesifiseer wie van die jeug en gemeenskap alkohol- en dwelmvoorkoming en behandeling nodig het en ook wat die omvang van so 'n program moet wees (Edwards, Seaman, Drews & Edwards, 1995:45).

Veral by assessering, is daar min mense wat beter kennis dra van omstandighede binne die gemeenskap as die lede self. Daarom is dit belangrik dat gemeenskapsdeelname reeds van die begin af aangemoedig moet word—lede van die gemeenskap (byvoorbeeld, die leerlinge, ouers en onderwysers) moet by alle aspekte van die program betrokke wees.

3.2.2 Gemeenskapsdeelname

Lede van die gemeenskap wat betrokke raak, betree dikwels die program met persepsies gebaseer op (hul en ander se) vorige ervarings met dienslewerings programme van hierdie aard. Ongelukkig is die meeste van hierdie vorige ervarings negatief en dit beïnvloed die gemeenskapslede se deelname en uitkomste van die betrokke program (Colby, 1997:9). Colby beskryf die proses van behoefte-assessering in 'n gemeenskapsgebaseerde program vir die voorkoming van middelmisbruik in 'n multi-kulturele omgewing (1997:2). Wat belangrik is in die program se ontwerp, is die feit dat al die lede van die gemeenskap

noodsaaklike vennote is in alle fases van die programontwikkeling en -implementering. Tydens die assessering van behoeftes, sal dit byvoorbeeld lede van die gemeenskap wees wat die vrae ontwerp, data interpreteer en na aanleiding van hul bevindings nuwe programme en strategieë voorstel. Dit verhoog gemeenskapsbetrokkenheid en bemagtig die lede van die gemeenskap.

Daar is verskillende elemente van bemagtiging. Colby (1997:5) noem onder andere dat mense wat by so 'n program betrek word, hul eie behoeftes kan identifiseer en bekendmaak. Gemeenskapslede kan die vrae wat hulle beantwoord wil hê, ontwerp en dit skep 'n gevoel van eienaarskap in die gemeenskap. Verder het hul meer vertroue in die bevindinge van die opname as hulle self met die ontwerp en implementering gehelp het. Dié bevindinge kan binne die konteks van hul gemeenskap en ondervindings geïnterpreteer word. Onerhoudvoerders uit die gemeenskap boesem meer vertroue in, aangesien hulle nie as vreemdelinge en/of buitestaanders beskou word nie—'n gemeenskapslid in die rol van onderhoudvoerder is in 'n beter posisie om verskeie tradisies en subtiele ondertone te verstaan. Colby (1997:6) voer aan dat hierdie tipe opname deelname uit 'n andersins teensinnige gemeenskap, bevorder.

Voorkoming en intervensie moet aan gemeenskappe 'n gevoel van hoop gee. Dit moet aan hulle wys dat oplossings moontlik is en dat ander gemeenskappe al sukses behaal het (Hancock, 1994:141). Dit geskied deur die beplanning van kort-, medium- en langtermyndoelwitte en 'n skedule vir die viering van klein suksesse. So sien die gemeenskap (in hierdie geval, die adolessente) dit as 'n voortdurende aksie—dit motiveer hulle om die proses te ondersteun.

Volgens Barton, Watkins & Jajourna (1997:490) moet adolessente eienaarskap neem van alle suksesse behaal ten einde langtermynveranderinge te laat plaasvind. Hier is dit nodig om fondse te bekom wat voldoende is om die inisiatief aan die gang te hou, legitimiteit te bewerkstellig en betrokkenes betrokke te hou. Dit is egter ook belangrik dat die adolessente by die proses betrek word (soos by beplanning en besluitneming) (Batavick, 1997:653). Die jeug kan nie as passiewe deelnemers behandel word wat skielik, wanneer hulle volwasse is, selfversorgend en produktief moet optree nie. Hulle moet deurgaans betrokke wees, sodat hulle deur hul talente 'n bydrae kan lewer en in die proses bestaande en nuwe vaardighede kan ontwikkel. Hulle is immers die kernkomponent van die gemeen-

skap. Ook Finn & Checkoway (1998:335) beveel aan dat adolessente aktiewe deelnemers in probleemoplossing, beplanning van programme en dienslewering op gemeenskapsvlak moet wees. Hulle is die primêre bronne wat ontgin moet word.

3.2.3 Integrasie van rolspelers

Beide Robertson (1997:584) en Hancock (1994:14) is van mening dat programme wat goed geïntegreer is met ander sisteme (ander welsynsinstansies wat dieselfde tipe dienste lewer, byvoorbeeld kerke, polisie, media, ouers, ensovoorts), die beste sal funksioneer. Hancock beveel aan dat die jeug bemagtig word—laat hulle as rolspelers en leiers in die proses van ontwikkeling van aksieplanne en die implementering van strategieë optree. Hulle moet egter ook as gelykes met publieke amptenare, grondvloer-gemeenskapsleiers en individue van die nie-winsgewende en besigheidsgemeenskappe ontmoet, met 'n gedeelde verantwoordelikheid om 'n plan te ontwikkel vir jeugkwessies. Verder moet gemeenskappe hul verskille opsy skuif en besluit om saam te werk. Die samewerking sluit onder andere ooreenstemmigheid ten opsigte van besluitneming in. Dit verseker dat alle partye 'n geleentheid het om hul gedagtes en bekommernisse met die groep te deel. So 'n samewerking is die effektiefste wanneer daar 'n neutrale derde party betrokke is wat die proses fasiliteer en bestuur. Op hierdie manier dra elkeen in die gemeenskap 'n gelyke verantwoordelikheid (Hancock, 1994:142).

Volgens Barton, Watkins & Jajourna (1997:483) is gemeenskapsinisiatiewe wat vennootskappe tussen publieke amptenare, diensverskaffers, primêre instellings (byvoorbeeld skole, klinieke en polisiekantore) en lede aanmoedig, nodig. Diensverskaffers is egter geneig om eerder nuwe programme te ontwikkel as om met bestaande diensverskaffers koalisies te vorm. Om almal te oorreed om saam te stem oor 'n stel doelwitte en verwagtings, is moeilik. Verskille in ras, etnisiteit en mag kompliseer kommunikasie verder. Veral in die beplanningsfase, is tyd 'n belangrike faktor (Barton, Watkins & Jajourna, 1997:490).

Ook volgens Swart is voorkoming 'n proses wat alle lede van die samelewing raak en daarom is 'n multidissiplinêre span nodig. Dit sluit besighede, ouers, jeug en alle relevante beroepe, in (1997:490). Shields (1992:19) som dit op deur te sê dat suksesvolle gemeenskapsorganisasies hulself nie kan isoleer van die groter gemeenskap nie en dus in

vennootskap met alle betrokkenes werk.

3.2.4 Evaluering van voorkomingsprogramme

Volgens Szalay, Strohl & Doherty (1999:261) is daar 'n algemene onderskeiding tussen uitkoms- en prosesevaluasie. Uitkomsevaluasie is wanneer die fokus van die evaluering op die kwaliteit en karaktereienskappe van die eindresultaat is en in watter mate dit aan sekere kriteria voldoen. Proses-evaluering fokus op die effektiwiteit, ontwerp en tydsvereistes van die proses. Dit is egter moeilik om in die geval van primêre alkohol- en dwelmvoorkoming hierdie kategorieë van evaluering toe te pas. Wanneer die uitkoms ten doel het om eksperimentering en betrokkenheid te voorkom, beteken 'suksesvol' geen voorvalle van middelmisbruik nie. Dit is moeilik om te bepaal wanneer daar geen of minder voorvalle van middelmisbruik in 'n bepaalde gemeenskap voorkom en of die voorkomingsprogram dan 'n sukses was al dan nie.

Gedurende die proses moet daar ook 'n geleentheid wees waar die program hersien word (Barton, Watkins & Jajourna, 1997:490). Batavick (1997:655) sluit hierby aan deur daarop te wys dat die effek van die programme op die jeug van sentrale belang by evaluering is, maar dit sal van groot hulp wees vir jeugwerkers en organisasies om selfevaluering te doen. Voorbeelde van vrae wat gevra kan word, is: hoe nodig voel die jongmense in hierdie gemeenskap? En: hoe geïntegreerd is jongmense in die fasette van werk wat gedoen word? Op hierdie manier kan die magsverhouding tussen werkers en jeug getoets word.

3.3 Die gebruik en integrasie van verskillende modelle, teorieë en benaderings

Ten einde die begin van ongewenste gedrag te voorkom, moet die onderliggende redes vir gedrag verstaan word (Szalay, Strohl & Doherty, 1999:281-2). Daar is 'n groot verskeidenheid teorieë oor middelmisbruik, maar die vordering in voorkomingsteorie blyk stadig te wees. Soos reeds genoem, moet assessering van 'n bepaalde populasie gedoen word om die faktore wat primêr aandag vereis, te identifiseer. Na afloop van die assessering volg

die ontwikkeling van programme en word slegs die faktore wat lei tot substansverwante besluite (dit wil sê risiko-faktore), in ag geneem.

3.3.1 Die holistiese gemeenskapsontwikkelingsbenadering in voorkomingsprogramme

Intervensie wat fokus op die verandering van die jeug se houding teenoor alkohol- en dwelmmisbruik en die versterking van hul sosiale vaardighede (sodat hulle groepsdruk beter kan weerstaan), lei nie noodwendig tot 'n volgehoue vermindering in die misbruik van alkohol en dwelms nie (Hawkins, Catalano & Associates in Barton, Watkins & Jajourna, 1997:486). Dit is dus nodig dat voorkomingsprogramme alle risiko- en beskermingsfaktore aanspreek. Die volgende programme word voorgestel: programme vir ouers wat spesifiek aandag gee aan voorgeboortelike sorg, programme vir kinders onder die ouderdom van agtien jaar, vroeë opvoeding vir kinders, oueropleiding, skool-organisering en bestuur, instruksies in die verbetering van skole, 'n alkohol- en dwelmvoorkomingskurikulum, gemeenskap en skool alkohol- en dwelmbeleide, en mobilisering van die media. Dit is in die lig van hierdie holistiese beleid dat ander programme en tegnieke beskou moet word. Tydens die ontwikkelingsfase van 'n program en na afloop van 'n assessering, is dit nodig om programme en tegnieke te kombineer op 'n wyse wat die betrokke gemeenskap die beste sal pas.

3.3.2 Sistemiese perspektief

'n Sisteemperspektief van middelmisbruik word deur Fraser (1984:437) beskryf. Alkohol- en dwelmmisbruik word hier beskou as 'n produk van 'n wanfunksionerende gesinsisteem. Verslawing is beskermende gedrag wat funksioneer om homeostase (balans) te herstel binne die gesinsisteem: die aandag van die primêre disfunksie (gewoonlik probleme in die huwelik) verskuif na 'n krisis veroorsaak deur 'n gesinslid wat alkohol en dwelms misbruik.

3.3.3 Sterkteperspektief

Robertson (1997:579) ondersteun die sterkteperspektief. In wat hy noem die 'positiewe jeugontwikkelingsbenadering', word gefokus op alle jeug en nie net op hoërisikojeug nie. Adolessente en hul gesinne word hier as vennote en nie kliënte nie, geag. Dit benadruk die adolessente se sterkpunte en vermoëns om 'n bydrae te lewer.

Colby (1997:2-7) beskryf 'n programmodel wat op die sterkteperspektief gebaseer is. Hierdie model word sterk gelei deur die beginsel van kliëntbemagtiging. Die beheer oor die projek word dus verskuif vanaf die agentskap en/of die maatskaplike instellings, na die gemeenskap. Die proses moedig maatskaplike werkers aan om gemeenskapslede te sien as volle vennote, aandeelhouers, medewerkers, en verbruikers in 'n gemeenskapsproses. Dit is 'n kritiese fout wanneer gemeenskapsleiers en -groepe die idees en energie van die jeug afmaak as onbelangrik. Colby beveel aan dat programleiers onthou dat ook die jeug lede van die gemeenskap is. Hy beskryf hierna 'n sistemiese benadering wat voorstel dat die verantwoordelikheid vir 'n gemeenskap se probleme by die hele gemeenskap lê en dat alle belanghebbendes in die gemeenskap betrek moet word in die beplanningsproses (1997:2). Mary Richmond se aanhaling: "individuals have wills and purposes of their own and are not fit to play a passive part in the world." (in Batavick, 1997:640) is 'n samevatting van die sterkteperspektief se uitgangspunt.

3.3.4 Die sosialiseringsteorie

Die sosialiseringteorie volgens McBroom (1994:58) identifiseer verskeie primêre sosialiseringsagente. Soos 'n individu deur die verskillende lewensfases beweeg, verander sy/haar primêre sosialiseringsagent. Tydens kinderjare is gesinne die hoof-agent van sosialisering. Namate die kinders hul sosiale netwerk verbreed, beïnvloed die gesin hul minder en vriende hul al hoe meer. Die gesin is dus die grondslag vir die sosialisering van die kind. Wanneer die kind wegbeweeg van die gesin na die portuurgroep, raak hulle meer betrokke by kinders van dieselfde agtergrond. Die portuurgroep het dan 'n groter invloed op die kinders. Voorkomingsprogramme moet dus hiervolgens aangepas word.

Terblanche & Venter (1999:177) bevestig hierdie standpunt in 'n aanbeveling wat vloei uit 'n Suid-Afrikaanse studie. Volgens die skrywers is 'n maatskaplike ontwikkelingsbena-

dering nodig tydens intervensie. Dit beteken dat gepaste voorkomingsprogramme tydens die verskillende fases van die kind se ontwikkeling geïmplementer moet word. Ook gesien vanuit die breër konteks (wat sosio-ekonomiese en omgewingsinvloede inkorporeer), is gemeenskapsontwikkeling noodsaaklik. Hawkins et al. (1992:96) stel voor dat 'n geskikte voorkomingsmodel veral aandag moet gee aan risiko-faktore in verskillende sosiale omgewings binne die spesifieke ontwikkelingsperiode waar die faktore gaan stabiliseer, as 'n voorspeller van gevolglike middelmisbruik.

3.4 Programme vir voorkoming van middelmisbruik

Voorkomingstegnieke het reeds deur verskeie stadiums gegaan. Elk van die stadiums het gepoog om nuwe tegnieke vir die voorkoming van middelmisbruik te implementeer (Lee 1994:5). Die eerste hiervan was afskriktegnieke, wat 'n eenmalige poging verg. Tweedens is feite en informasie aangebied, wat eerder alkohol- en dwelmmisbruik verhoog het. In die derde stadium is voel-goed-oor-jouself-strategieë ontwikkel. Dit het egter net groepe misbruikers met hoë selfwaarde tot gevolg, en nie misbruik verminder nie. 'n Vierde poging het alternatiewe vermaak begin voorstel, maar dit het net nog omgewings waar middele misbruik kon word, beteken. 'n Vyfde poging in die laat-tagtigs was 'n kombinasie van verskeie strategieë. Hierdie strategieë het onder andere die verskaffing van inligting, verhoging van sosiale vaardighede en aanmoediging van alternatiewe aktiwiteite ingesluit. Dit het ook die opleiding van mense wat daagliks 'n invloed op adolessente kan hê, behels, byvoorbeeld onderwysers, ouers, kerkleiers, sportsterre, gemeenskapsleiers, ensovoorts. Daar is 'n korrelasie tussen die doeltreffendheid van voorkomingsprogramme, die hoeveelheid strategieë wat gebruik word en die mate waarna dit na afloop van die program in die skool en gemeenskap geïntegreer word. Programme wat dus nie net fokus op die verskaffing van informasie nie, maar op al die bogenoemde, het 'n positiewe effek op gemeenskapshoudings en gedrag teenoor middelmisbruik.

Volgens Rocha-Silva et al. (1998:2) beskryf die effektiwiteit van sekere voorkomingsprogramme. Die programme is volgens vier benaderings, naamlik die verspreiding van informasie, affektiewe opvoeding, sosiale invloedbenadering en die integrale sosiale invloeds-/vaardigheidsverhogingsbenadering, geklassifiseer. Dit sluit aan by bogenoemde verloop

van voorkomingsprogramme deur die jare. Die vier benaderings behels:

- Verspreiding van informasie: verskaf inligting oor die risiko's van alkohol- en dwelmmisbruik.
- Affektiewe opvoeding: fokus op persoonlike en sosiale ontwikkeling.
- Sosiale invloedbenadering: sluit die positiewe boodskappe van die media en portuurgroepe in.
- Die integrale sosiale invloeds-/vaardigheidsverhogingsbenadering: leer selfhandhawing en -bestuur, sosiale- en kognitiewe- vaardighede, selfbeeldverhoging, aanpassingsvaardighede en selfgeldigingstrategieë en -vaardighede aan.

Die eerste twee benaderings het bewys dat, as gevolg van die beperkte fokus, dit min of geen effek het op die voorkoms van middelmisbruik nie. Die laaste twee benaderings is meer effektief aangesien dit 'n holistiese benadering volg. Beide is gekoppel aan merkbare verlagings in die misbruik van sigarette, alkohol en dwelmmiddels. Die volgende programme wat bespreek word, is almal vanuit die holistiese benadering.

3.4.1 Skoolgebaseerde middelmisbruikvoorkomingsprogramme

Omdat skole nog altyd die band tussen adolessente en volwassenes gevorm het, is dit belangrik vir jeugprogramme om vennootskappe met skole te ontwikkel. Die adolessente sowel as die volwassenes is verantwoordelik vir die skep van gemeenskapsvisies, die identifisering van kritiese gemeenskapskwessies en beskikbare bronne en die ontwikkeling van 'n aksieplan en strategieë vir implementering. Rolle moet ontwikkel en toepaslike vlakke van verantwoordelikheid moet geïdentifiseer word ten einde te verseker dat die program vlot sal verloop (Hancock, 1994:145). Sussman & Ames (2001:93) is van mening dat so 'n deeglike en nougesette program oor 'n aantal jaar gehandhaaf moet word sodat al die leerders daarby kan baat vind.

Hierdie uitdagende program moet, volgens Sussman & Ames (2001:93), 'n holistiese benadering volg. Die volgende is belangrike punte wat in so 'n benadering gevolg moet word:

- Onderwys-opleiding en -vergoeding is belangrike aspekte in die verskaffing van effektiewe programme.

- Familie is ‘n waardevolle bron buite die skool om voorkomingsmateriaal oor te dra en moet dus betrek word. Ongelukkig is dit so dat leerders binne die hoërisikogroep val, meestal nie ouers het wat die voorkomingsmateriaal aan hulle kan voorsien nie, aangesien die ouers dikwels afwesig of onbekwaam is. Die programme moet dus voorsiening maak vir hierdie leerders.

- Gemeenskapsagente soos gesondheidspersoneel, stadsleiers en jeugklubleiers moet ook betrokke wees. Hulle kom op gereelde basis met adolessente in kontak en word deur hulle gerespekteer. Hierdie agente voorsien ook dikwels nuttige selfhelpmateriaal wat programaanbieders en leerders kan gebruik.

- Die media is ‘n belangrike medium vir die oordra van boodskappe teen middelmisbruik.

- Laastens moet wetgewing gebruik word om middelmisbruik onder adolessente te stop. Die literatuur bevat heelwat voorstelle, dog moet nog baie navorsing gedoen word om te besluit wat die effektiefste manier om wetgewing in te span, sal wees.

Pectora roborant cultus recti

Verskeie programme wat by skole geïmplementeer is, gaan reeds volgens bogenoemde beginsels te werk. Sewe skoolgebaseerde voorkomingsprogramme in die Wes-Kaap (Morojele et al. 1997) en “Project ALERT” (2004) wat ‘n skoolgebaseerde middelmisbruikvoorkomingsprogram op die Internet verkoop, word vervolgens beskryf. Hierdie programme is algemeen beskikbaar en kan as voorbeeld dien in die beplanningsfase van ’n voorkomingsprogram.

3.4.1.1 Skoolgebaseerde middelmisbruikvoorkomingsprogramme in die Wes-Kaap

Morojele et al. (1997:1) beskryf die toepaslikheid van middelmisbruikvoorkomingsprogramme gemik op adolessente in skole in die Wes-Kaap. Hierdie programme word almal aangebied deur onder andere Bridges, Head Start, Lion’s Quest, South Africa Narcotics

Bureau, Cape Town Drug Counselling Centre, SANCA en die Wes-Kaapse Opvoedkunde Departement. Die programme maak van die volgende sleutel-aktiwiteite gebruik:

- verskaf inligting oor substanse om gemeenskappe meer bewus te maak;
- besprekingsgroepe waar kwessies soos middelmisbruik, selfbeeld, leierskap, ensovoorts, aangebied word;
- verskaf 'n toepaslike beleidsraamwerk aan die skole sodat hulle die middelmisbruik op toepaslike wyse kan hanteer;
- opleidingsgeleenthede vir onderwysers en adolessente (adolessent-tot-adolessent-programme is meer effektief as dié wat deur volwassenes vir adolessente aangebied word);
- verskeie leermetodes, byvoorbeeld: gevallestudies wat adolessente se aandag fokus op aktuele kwessies, ervaringsleer, rolspel, die gebruik van 'n gestruktureerde huiswerkboek, groepwerk en gemeenskapsprojekte;
- om deur ouer- en gemeenskapsdeelname doeltreffendheid te verhoog, maar ook om te fokus op die verbetering van kwaliteit van lewe vir die hele gemeenskap; en
- verskaffing van gesonde alternatiewe vir middelmisbruik.

Gemeenskapsdeelname verwys hier na die gebruik van gemeenskapsbronne vir intervensie, ouerskapsondersteuningsgroepe, asook ondersteuning vir adolessente en gemeenskapsleiers deur die gemeenskap. Die rolspelers betrokke by die aktiwiteite van die program sluit in akademiese instansies, gesondheidsinstansies soos maatskaplike werkers, sielkundiges, en mediese personeel, nie-regeringsorganisasies en staatsdepartemente soos die polisie, kerkleiers, gemeenskapsontwikkelingswerkers en jeuggroepe.

Verskeie programsterkpunte kom uit die evaluerings na vore:

- verskaffing van aktuele en prakties toepasbare inligting;
- 'n nie-veroordelende en realistiese benadering;
- gebruik van aanbieders wat besig is om van middelmisbruik te herstel;

- opvolg-ondersteuning;
- duidelike programstruktuur, byvoorbeeld deur die gebruik van werksboeke en opvoedkundige video's;
- klem op die holistiese ontwikkeling van die adolessent;
- aktiwiteite en temas wat binne die kurrikulum voortduur (teenoor eenmalige sessies);
- motivering om 'n ondersteuningsgroep te vorm en/of daarby betrokke te bly;
- opleiding van programleiers vir volgehoue ondersteuning; asook
- programme vir adolessente deur adolessente ("peer-counselling").

Sommige programme maak gedeeltelike gebruik van die Nasionale Instituut van Dwelmmisbruik (NIDA) se voorkomingsbeginsels vir skoolgebaseerde programme. Die volgende elemente is aangetref: programme is baie gestruktureerd; dit sluit meer as een jaar van intervensie in; dit fokus op meer as een ouderdomsgroep; dit fokus op interaktiewe en meer intensiewe opvoedkundige metodes en opleiding vorm deel van die program. Sosiale vaardighede word ook aangeleer. NIDA stel verder voor dat programme na hoër vlakke van betrokkenheid moet streef en verhef word, dit na landelike en histories benadeelde gemeenskappe moet uitreik, die uitkomste en vlak van effektiwiteit ge- en herevalueer word. Dit is essensieel dat een program nie twee maal by dieselfde skool aangebied word nie (Morojele et al. 1997:6).

3.4.1.2 "Project ALERT"

"Project ALERT" (2004) is 'n skoolgebaseerde dwelmvoorkomingsprogram vir adolessente. Die doel is om te voorkom dat adolessente dwelms begin gebruik en ook dat die adolessente wat reeds begin eksperimenteer het, gereelde misbruikers sal raak. 'n Tweede doel is die risiko-faktore wat alkohol- en dwelmmisbruik voorspel, te verminder. Die projek maak gebruik van die Internet om hul programme meer toeganklik vir die publiek te maak. Nie net word die programme daarop verkoop nie, maar die beginsels en tegnieke waarop hulle die kurrikulum baseer, word beskryf.

Bogenoemde doelstellings word bereik deur adolessente te motiveer om nie alkohol en dwelms te misbruik nie en deur die aanleer van vaardighede om die druk om alkohol en dwelms te begin misbruik, te weerstaan. Dit word bereik deur adolesente te help om die volgende te bereik:

- verstaan die gevolge van middelmisbruik;
- verskaf motivering om nie alkohol en dwelms te misbruik nie;
- stel standaarde by skole wat alkohol- en dwelmmisbruik teenwerk;
- verstaan die voordele daaraan verbonde om alkohol- en dwelmvry te wees;
- erken die feit dat meeste mense nie middele misbruik nie;
- identifiseer faktore wat druk om alkohol en dwelms te misbruik en aanvaar, verhoog, en tree daadwerklik daarteen op;
- weerstaan advertensies se aanloklike beeld van alkohol en dwelms;
- staan interne en sosiale druk om alkohol en dwelms te misbruik teen;
- werk saam;
- kommunikeer met ouers en/of ander verantwoordelike volwassenes;
- ondersteun ander om teen alkohol en dwelms te kies;
- erken en beoefen alternatiewe vir middelmisbruik; en
- leer om op te hou om middele te misbruik.

Die projek gebruik deelnemende aktiwiteite en video's om adolessente te help om anti-dwelmnorme te leer, redes te ontwikkel om dit nie te misbruik nie en druk om te misbruik, te weerstaan. Gerigte klaskamerbesprekings en kleingroep-aktiwiteite stimuleer interaksie tussen en in ouderdomsgroepe en daag adolessente uit. Intensiewe rolspel moedig die adolessente aan om weerstandsvaardighede te oefen en bemeester. Huiswerk, waar ouers betrokke kan wees, verleng die leerproses.

"Project ALERT" kan deur opgeleide onderwysers of eksterne agentskappe aangebied word. Om die projek effektief uit te voer, behels drie aktiwiteite. Eerstens moet onderwysers opgelei word dat hulle die rasionaal en teorie onderliggend aan die projek kan leer, asook die vaardighede om lesse doelmatig en korrek aan te bied. Tweedens word elf hooflesse aangebied gedurende die eerste jaar en drie opvolgende lesse gedurende die tweede jaar. Laastens word die betrokkenheid van ouers deur geleenthede vir tuisleer, aangemoedig.

Die projek maak gebruik van vyf onderliggende aannames:

- Adolessente begin hoofsaaklik middele misbruik as gevolg van sosiale invloede (ouers, vriende en media). Die kurrikulum help adolessente om daardie sosiale invloede te weerstaan. Project ALERT benadruk verder die interne en eksterne druk op adolessente om dwelmmiddels te misbruik. Psigodramas en rolspel word veral hier gebruik.

- Om alleenlik weerstandsvaardighede aan te leer, is nie genoeg nie. Adolessente moet opgelei word om self die motivering te ontwikkel om dwelms te weerstaan. Hier word onmiddellike en sosiale gevolge van misbruik beklemtoon en word daar minder op langtermynrisiko's gefokus. Vier tegnieke word ingespan om weerstandsvaardighede op te bou: diskrete doelwitte (wat in 'n enkele les bereik kan word) word gestel; adolessente word aktief betrek by die leerproses; vaardighede word ontwikkel deur demonstrasie en oefening en selfwerksaamheid word aangemoedig deur positiewe, taakspesifieke terugvoer. Bogenoemde tegnieke vorm 'n integrale deel van die kurrikulum.

- Alkohol- en dwelmvoorkomingsprogramme moet fokus op die middele wat die meeste deur die betrokke adolessente groep misbruik word. "Project ALERT" fokus dus hoofsaaklik op alkohol, tabak, inhaleermiddels en dagga.

- Adolessente se gedrag vloei grotendeels uit die voorbeeld van diegene wat hulle bewonder. Hierdie mense is veral ander (ouer) adolessente wat dieselfde bekommernisse as hulle, deel. Video's van ander ouer adolessente wat praat oor hoekom hulle nee sê vir alkohol en dwelms en ook weerstandsvaardighede demonstreer, is nuttig.

- Adolessente sal veel eerder nuwe inligting en vaardighede absorbeer as hulle aktief betrokke is by die leerproses. Betrokkenheid van adolessente word aangemoedig en bewerkstellig deur hul menings te vra, eerder as om feite en waardes aan hulle te probeer verduidelik en oor te dra. Rolspel, vraag-en-antwoord-tegnieke, samewerkende leeraktiwiteite en klein groepsbesprekings word gebruik om deelname- en herlewingsvaardighede te bevorder.

3.4.2 Jeugontwikkelingsprogramme

Individuele leierskaps- en probleemoplossingsvaardighede wat in 'n groep situasie benader word, moet ontwikkel word (Hancock, 1994:144). Barton, Watkins & Jajourna (1997:487) is net so oortuig van die belangrike rol van jeugontwikkeling. Indien jeugprobleme as hindernisse vir jeugontwikkeling gesien word, bly die fokus op probleemvoorkoming.

Middelmisbruik kan egter nie net voorkom word deur die adolessente van substanse te weerhou nie. Gesonde houdings en gedragspatrone, sowel as die vaardighede van adolessente, moet ondersteun word en deur middelmisbruikvoorkomingsprogramme versterk word. Swart (1995:4) beklemtoon sleutelterme soos verskaf deur die Federal Centre for Education: vervulling (met ander woorde, vervullende aktiwiteite), selfverantwoordelikheid (besluitnemingsvaardighede), onafhanklike aktiwiteit (aanmoediging van bevoegdheid), selfbeeld (selfaanvaarding), bewuswording van die self, hantering van konflik, selfassessering en toleransie van frustrasie (Sien ook Batavick, 1997:651). Voorkomingsprogramme kan bestaande bronne aanvul. Programme wat daarop fokus om probleemgedrag te verwyder, moet egter nie die plek van ander jeugaktiwiteite inneem nie. Talle programme is wel op jeugontwikkeling gefokus: omvattende maatskaplike programme wat klem lê op invloede op adolessente; ontwikkeling van kennis, vaardighede en houdings; asook die ontwikkeling van leierskap. Die programme word vervolgens bespreek.

3.4.2.1 Omvattende maatskaplike programme wat fokus op invloede op adolessente

Tydens adolessensie neem riskante gedrag tee. Alkohol en dwelms word aanvaar en geneem as algemene sosiale middel, veral vanweë allerlei sosiale invloede (Sussman & Ames,

2001:94). Dit is juis om hierdie rede dat die daarstel van programme wat op die invloede op die jeug fokus, nodig is. Die programme sluit die bewusmaking van sosiale invloede en sosiale vaardigheidsopleiding in. Oor die algemeen verwys so ‘n program na ‘n aantal opvoedkundige aktiwiteitslesings, wat verskillende temas saamvat. Tipies is daar vyf tot twintig lesings van een uur elk.

Die program kan opgedeel word in drie hoofkategorieë. Die eerste is basiese inligting. Dit sluit luistervaardighede, betrokkenheid, fisieke gevolge van alkohol- en dwelmmisbruik, besluitneming en sosiale verpligting in. Die tweede is lesings oor normatiewe sosiale invloede. Dit werk die sosiale druk om aanvaarding te kry deur die misbruik van alkohol en dwelms, teen. Die lesings leer en oefen verder hoe om assertief te weier. ‘n Derde kategorie is informatiewe oriëntering ten opsigte van sosiale invloede. Vaardighede soos hierdie bied weerstand teen sosiale druk om soortgelyke en positiewe opinies oor middelmisbruik te deel. Dit sluit bewusmaking van misbruik onder klasmaats, asook volwassenes en media-invloede oor die betowering van alkohol- en dwelmmisbruik in. So word adolessente die geleentheid gegee om te sien dat middelmisbruik onaanvaarbaar is vir meeste van hul klasmaats en volwassenes. Vir ‘n effektiewe voorkomingsprogram, moet die fokusgroep toegelaat word om al die elemente behoorlik te internaliseer deur die materiaal te bespreek en vrae te vra.

Volgens Barber, Bolitho & Bertrand (1998:164) wys programme wat amper in hul geheel gebou is op weerstandsvaardigheidsbeginsels (om kinders te help om groepsdruk te weerstaan), oor die algemeen positiewe resultate in verhouding tot die aanleer van sosiale vaardighede. Die mate waarin dit wel tot werklike voorkoming van misbruik lei, kan bevraagteken word. ‘n Moontlike oplossing vir die resultate is dat weerstandsvaardighede nie altyd die primêre redes vir adolessente middelmisbruik uit die weg ruim nie, aangesien dit die rol van groepsdruk in die besluit oorbeklemtoon. Hier is dus ‘n ontoelaatbare leemte.

3.4.2.2 Ontwikkeling van kennis, vaardighede en positiewe houdings

In ‘n poging om die vaardighede van die jeug te verbeter, moet geskikte houdings, vaardighede en gedrag in sleutel-areas ontwikkel word. Die areas sluit in: gesondheid, per-

soonlike en sosiale vaardighede, redenering, kennis, kreatiwiteit, beroepsgewaarwording en burgerskap (Pittman & Cahill in Barton, Watkins & Jajourna, 1997:487).

Tydens voorkoming is beide die verskaffing van inligting oor alkohol en dwelms en vaardigheidsopleiding baie belangrik. Anders as om slegs inligting te verskaf en kennis te verbreed oor alkohol en dwelms en die skadelike effekte daarvan, verander opleiding gedrag. Opleiding behels meer opvoedkundige aktiwiteite en leersituasies wat probeer om meer geleenthede vir intellektuele, emosionele, psigologiese en fisiologiese ontwikkeling by jongmense te bied. Vreestegnieke en inligting wat fokus op verskillende tipes middele en die effek daarvan, maak hoërisikogedrag vir sommige jong mense net aantreklik. Dit spoor hulle eerder aan om met middele te eksperimenteer. Inligting moet dus aan sekere kriteria voldoen—onder andere om duidelik en gepas te wees vir die teikengehoor (Swart, 1995:2).

3.4.2.3 Die ontwikkeling van leierskap

Alle jeug en volwassenes wat op 'n komitee vir die beplanningsproses van die middelmisbruikvoorkomingsprogram dien, behoort 'n leierskapsvaardigheidsontwikkelingsprogram by te woon (Hancock, 1994:144). Hierdie program is ontwerp om die lede in die struktuur van die strategiese beplanningsproses te vestig en om hulle nuwe vaardighede wat benodig word, te leer. Samewerkende probleemoplossingstegnieke en fasiliterende vaardighede moet onder meer aangeleer word. Barton, Watkins & Jajourna (1997:490) is van mening dat opleiding van hierdie aard 'n bestuurskapasiteit sal bou wat nodig is om die projek oor 'n bepaalde periode aan die gang te kan hou, selfs indien die leierskapstruktuur verander. Die program moet egter nie net werwing en opleiding insluit nie, maar ook sorg dat die inisiële leiers aanbly en daar nie konstant van leiers verander word nie. Sonder die ondersteuning van leiers binne die gemeenskap, kan enige program misluk (Alinsky in Shields, 1992:18).

Positiewe jeugontwikkelingsprogramme erken en versorg jeugleiers. Hulle sterkpunte word erken en hulle word aangemoedig om onafhanklike besluite te neem. So ook moet adolessente 'n leierskapsrol speel in die beplanning, implementering en instandhouding van die projekte (Hancock, 1994:144).

Finn & Checkoway (1998:342) het verskillende gemeenskapsgebaseerde jeuginisiatiewe bestudeer en die volgende oor inisiatiewe wat adolessente as behendige gemeenskapsbouers gebruik, waargeneem:

- Die gemeenskap is ‘n eenheid van oplossings. Adolessente kan probleme oplos en omstandighede verbeter indien hulle saamwerk met mekaar en met ander lede van die gemeenskap. Dit versterk die sosiale ontwikkeling van die adolessente.

- Leierskapsontwikkeling fokus op praktiese leierskapsvaardighede wat adolessente help om aktiewe deelnemers te raak in die beplanning van programme, ontwikkeling van organisasies en verandering in/van die gemeenkap. Sodoende ontwikkel hulle kennis, bevoegdheid en selfversekering.

- Die bou van ‘n instansie wat dien as basis vir ontwikkeling is belangrik. Dit moet egter in samewerking met die adolessente gebeur. Die instansie en deelnemers moet saam ontwikkel. Adolessente ontwikkel persoonlik wanneer hulle bydra tot die bou van ‘n formele instansie. Hierdie instansie moet die volgende insluit: komitees, vergaderings waar rolle en verhoudings vasgelê word, asook prosedures vir die bepaling van doelstellings en take.

- Intergenerasieverhoudings beteken dat elke inisiatief ook volwassenes moet insluit. Die volwassenes moet egter die adolessente sien as bronne, na hul persoonlike ontwikkeling omsien, hul suksesse aanmoedig en saam werk om ‘n impak te maak op die wêreld. Hier werk hulle op die beginsels van wedersydse respek en gedeelde verantwoordelikheid.

- Dit is belangrik dat gemeenskapsverandering erken word as deel van ‘n politieke proses. Die mag van kultuur, geskiedenis en mense se ondervindinge in die proses van gemeenskapsverandering moet erken word.

Bogenoemde inisiatiewe beskou adolessente as behendige gemeenskapsbouers wat deur die hele proses betrokke is en ‘n bydrae het om te lewer, eerder as sommige programme wat adolessente beskou as probleme wat opgelos moet word of as slagoffers wat gehelp moet word.

3.4.3 Vermeerdering van beskermingsfaktore en vermindering van risiko-faktore

Hawkins et al. (1992:97) beskryf studies rakende opleiding van sosiale weerstandsvaardighede as deel van programme teen middelmisbruik. Die programme het egter slegs korttermyneffekte in vergelyking met die tempo waarteen adolessente begin eksperimenteer en gevolglik middele misbruik. Hierdie programme het nog minder invloed op middelmisbruik onder hoërisikogroepe. Adolessente wat die hoogste risiko loop om middele te misbruik (as gevolg van die risiko-faktore wat in Hoofstuk 2 bespreek is), mag ongemotiveerd wees om alkohol en dwelms op 'n later stadium te vermy. Die doel is om alkohol- en dwelmmisbruik en die sosiale- en gesondheidsprobleme wat daarmee saamgaan onder veral hoërisikojeug, te verminder. Die skrywers is sterk van mening dat die voorkomingsbenadering risiko- en beskermingsfaktore reeds vroeg in 'n kind se ontwikkeling moet aanspreek. Hulle stel voor dat die volgende benaderings geïntegreer moet word: opleiding tydens vroeë kinderjare en gesinsondersteuning, opleiding aan ouers, motivering in skole rakende sosiale bekwaamheid en akademiese vaardighede, jeugbetrokkenheid by alternatiewe aktiwiteite en laastens, om strategieë te identifiseer wat fokus op verskeie risiko- en beskermingsfaktore (Hawkins et al. 1992:92-6).

Pectora roborant cultus recti

3.4.4 Gesinsondersteuningsprogramme

Die gemeenskapsgebaseerde gesinsondersteuningsprogram word deur baie in die maatskaplike diensvelde beskou as die beste manier om met kinders en gesinne te werk (Batavick, 1997:640). Gesinsondersteuningsprogramme probeer om gesinne en gemeenskappe te versterk en te bemagtig sodat hulle kinders, jeug en volwasse gesinslede kan help om optimaal te ontwikkel. Die opleidingsproses van gesinsondersteuningswerkers is nodig om hierdie optimale ontwikkeling te bereik (Scales, 1997:614-5). Uit 'n voorkomingsoogpunt, moet adolessente se betrokkenheid by die portuurgroep wat middele misbruik, verminder word. Hiervoor blyk huis- en skoolfaktore belangrik te wees en intervensie moet klem lê op die vermindering van spanning en normloosheid by die huis. Benaderings wat meer geleenthede vir adolessente om 'n goeie gesinslewe met duidelike verwagtings en sterk

verhoudings te beleef, skep, sal indirek middelmisbruik verminder. Gesinsweerstand moet dus opgebou word.

Gesinsweerstand word opgebou en versterk deur ‘n geïntegreerde ouer-kind-opleidingsprogram wat bestaan uit inligting, opvoeding en die ontwikkeling van sosiale vaardighede wat gesinsweerstand kan versterk. So ‘n program moet veral vanuit ‘n kerk- of gemeenskapsoriëntasie geskied. Die rede waarom die program uit ’n kerk-oriëntasie moet geskied, is omdat kerke sosiale sisteme is wat ‘n baie groot rol in die gemeenskap speel.

3.4.5 Portuurgroepondersteuning en -ontwikkeling

Ouderdom alleen moet nie die basis wees waarop portuurgroepondersteuners gekies word nie. Faktore soos geslag, etnisiteit en sosiale klas moet ook in ag geneem word. Die klem van portuurgroepondersteuning moet op die volgende wees (Shiner, 1999:558,561):

- Bemagtiging: Portuurgroepondersteuners moet aktief by formele besluitneming betrokke wees. Hulle word aangemoedig om hul eie opleidingsbehoeftes uit te spreek en met eksterne programleiers te onderhandel. Dié portuurprogramleiers identifiseer sake wat hulle interesseer en word aangemoedig om negatiewe kwessies aan te spreek.

- Intensiewe opleiding vir die portuurgroepondersteuners moet verskaf word.

- Die ondersteuners het self deurgaans goeie persoonlike ondersteuning nodig.

- Ondersteuners word self gehelp in die aanleer van vaardighede en beroepsontwikkeling.

- Materiële vergoeding is noodsaaklik, aangesien dit die boodskap oordra dat die projek waarde heg aan die tyd wat die ondersteuners daaraan bestee. Vir Shiner (1999:564) bevorder hierdie metode die neiging tot leer wat interaktief is.

Turner (1999:567) beskryf die sterkpunte van portuurgroepondersteuning en raak die praktiese kwessies hierrondom aan. Portuurbegeleide inisiatiewe erken die vaardighede

van adolessente en die moontlikhede van hul konstruktiewe rolle in die oplossing van probleme. Hierdie inisiatiewe kan adolessente se selfbeeld, sin van effektiwiteit en selfbeheersing in hul lewens versterk. Adolessente word dikwels as ‘n probleemgroep geïdentifiseer en gevolglik uitgesluit uit die breër ekonomie en politiek. Wanneer dit saam met armoede, swak opvoedkundige prestasie en ‘n lae moontlikheid van toekomstige werk opereer, kan dit die adolessent se selfwaarde negatief beïnvloed. Suksesvolle portuur-inisiatiewe groei uit menslike kontak en -verbintenisse, asook die entoesiasme en vaardighede van die individu wat die proses inisieer en adolessente ondersteun in hul betrokkenheid (Turner, 1999:568-9).

Turner (1999:569-570) skryf verder dat adolessente reeds informele ondersteuning aan mekaar gee. Hulle benodig dikwels net die inligting waarmee hulle hul vriende die beste kan ondersteun en is gewoonlik onbewus van dienste beskikbaar en hoe om daarby uit te kom. Portuurgroepondersteuningsopleiding moet hierdie vaardighede en inligting aan adolessente bied. Ook moet adolessente wat portuurondersteuners word, in ’n onderhoubare inisiatief, konstante ondersteuning en gepaste opleiding van ‘n volwasse persoon ontvang. ‘n Metode om dit te bereik kan wees om ouer, gevestigde leerders te gebruik om opleiding en mentorskap aan jonger adolessente te verskaf.

Szalay, Strohl & Doherty (1999:252-3) verwys na navorsing wat toon dat vrywilligerswerk tot persoonlike ondervindings lei wat motivering en betrokkenheid verdiep, vatbaarheid verminder en weerstand opbou teen middelmisbruik. Portuurgroepvrywilligers het belangrike voordele, aangesien hulle die lede van hul eie ouderdomsgroep kan bereik. Hulle gebruik dieselfde taal, dink op soortgelyke wyse en kan verskille in perspektiewe en sienings makliker oorkom. Die adolessent-tot-adolessent-interaksie (soos in portuurgroepvoorligting) het die voordeel dat daar nie ‘n skeptiese en wantrouige houding (soos teenoor ouer persone in outoriteitsposisies, byvoorbeeld onderwysers) bestaan nie. Dit verlaag verder die weerstand teen afskriktegnieke en die aflag van potensiële risiko’s.

3.4.6 Teater- en rolspelprogramme

Lewendige teater word gebruik om idees en onderwerpe oor middelmisbruik te stimuleer en gesprekke tussen adolessente aan die gang te sit. Die mate van interaksie en vlak van

terugvoer van adolessente, bewys die metode is effektief. ‘n Analise van adolessente se response het die volgende gewys: daar is ‘n behoefte aan individuele voorligting. Tweedens is daar heelwat onkunde oor die wetlike gevolge van middelmisbruik. Wanneer die onkunde met druk van die portuurgroep gekombineer word, blyk die kanse vir die individue om alkohol en dwelms te misbruik, redelik hoog te wees. Uit die analise blyk dit dat die adolessente uit onkunde optree, eerder as om teen die wet te wil optree. Derdens beskou adolessente die gesin as ‘n belangrike bron van inligting en ondersteuning. Laastens heers daar heelwat kommer oor hul eie toekoms en hul portuurgroep (Harding et al. 1996:783). Hierdie response dien as ‘n aanduiding van waarop teater- en rolspelprogramme moet fokus.

Harding et al. (1996:784) beskryf ’n toneelstuk waar ses maande van navorsing nodig was om die taal en relevante kwessies, van toepassing op die teikengroep, aan te spreek. Die karakters in die toneelstuk is gebaseer op adolessente waarmee onderhoude gevoer is en het persoonlike geheime aan die gehoor, die adolessente, openbaar ten einde die adolessente te motiveer om hul eie gedagtes en emosies bekend te maak. Die ontwikkeling van die karakter blyk essensieël te wees by die sukses van so ‘n intervensieprogram. Na afloop van die toneelstuk is ekstensiewe, gestruktureerde, na-optrede dialoog en rolspel aangebied ten einde die druk op en gevoelens oor middelmisbruik by die adolessente te ondersoek. Volgens Harding et al. (1996:793) het die adolessente betrokke by die ondersoek aangedui dat hulle nie so ‘n optrede wil verlaat sonder om dit nie eers te bespreek nie. Die program slaag waar die kurrikulum en onderwysers nie kan nie: dit betrek die adolessente, interesseer hulle in onderwerpe oor middelmisbruik en lei hulle om die relevansie van kwessies in die wêreld rondom hulle te sien. Dit laat hulle besef dat daar meer is as ‘n middelmisbruikkultuur om by betrokke te raak en motiveer hulle om meer te wete te kom (Safer & Harding, 1993:147). Dit bied verder die geleentheid om uit te vind wat adolessente dink en voel oor middelmisbruik.

Adolessente ervaar geweldige druk en om in ‘n veilige omgewing oor druk te praat, verlig die las. Dit help hulle om te sien dat daar mense is wat verstaan en graag wil help. Statistieke suggereer dat adolessente wel baat vind by intervensieprogramme, maar suggereer ook dat hulle meer sal baat by voorkomingsprogramme wat hul eie insigte oor groepsdruk, insigte oor gesinskwessies en hul behoefte aan ondersteuning beklemtoon. ‘n Ander

moontlikheid vir lewendige teater, is om dit in omgewings wat gemaklik is vir gesinsgroepe, soos ‘n gemeenskapsaal in die aand of oor naweke, aan te bied. Dit sal integrasie tussen gesinne, gemeenskapsagentskappe en skole (in hul poging om adolessente te help om hul probleme te identifiseer) bevorder (Harding et al. 1996:791-5).

Drama bied die gehoor die geleentheid om hul van hul eie gedrag te distansieer, maar terselfdertyd ook die kans te kry om, terwyl hulle kyk hoe die akteurs die probleemgedrag uitbeeld en oorkom, persoonlike kwessies te hanteer (Moffett & Bruto in Harding et al. 1996:793).

3.4.7 Die aanleer van lewensvaardighede deur avontuurgebaseerde aktiwiteite en -programme

Moote & Wodarski (1997:143) beskryf ‘n opvoedkundige, avontuurgebaseerde programbenadering wat in plaas van die tradisionele lewensvaardigheidsbenaderings, gebruik word. Die metode word al hoe gewilder in lewensvaardigheidskwessies soos kommunikasie, groepprobleemoplossing, interpersoonlike vaardighede, samewerking van die groep, besluitneming en probleemoplossing. Dit moedig die fasilitering en ontwikkeling van spesifieke lewensvaardighede by adolessente op ‘n innoverende en aantreklike manier aan (Moote & Wodarski, 1997:153).

Sommige programme lei deelnemers op in vaardighede wat betrokke is by liggaamsoriëntering. Die oorhoofse doelstelling van hierdie aktiwiteite blyk ‘n verhoging in selfbeeld te wees. Aktiwiteite en ondervindings sluit in: opwinding; die neem van risiko’s; samewerking en kompetisie; vertroue; kommunikasie; fisieke, verstandelike en emosionele uitdagings; fisieke aktiwiteite; probleemoplossing en kreatiwiteit; groep- en individuele vaardigheidsontwikkeling en pret (Moote & Wodarski, 1997:159).

Programme word in verskeie omgewings en dus op verskillende maniere aangebied. Dit kan uitgevoer word as ‘n baie intense, buitemuurse oefening en ‘n relatiewe kort tydsperiode beslaan. Dit kan ook minder intens wees en oor ‘n langer periode van tyd geskied. Die programme kan selfs by skole geadministreer word. Daar is egter nog geen empiriese program-evaluering wat fokus op die waarneembare gedrag van deelnemers nie. Waarop

wel gefokus word, is deelnemers se sterkpunte en nie hul tekort aan vaardighede nie (Moote & Wodarski, 1997:153, 159, 161).

3.4.8 Die Nasionale Dwelmmeesterplan vir Suid-Afrika

Die Nasionale Dwelmmeesterplan fokus op psigososiale faktore van adolessente middelmisbruik. Volgens Moleko (2002:8) beklemtoon die plan die volgende faktore: bewusmaking van die sosiale invloed van sigarette, alkohol en dwelms; die ontwikkeling van weerstandsvaardighede teen die invloede wat lei tot middelmisbruik; verbeterde kennis van onmiddellike negatiewe effekte; asook die daarstel van norme teen middelmisbruik. Die plan lê klem op 'n holistiese, multi-dissiplinêre, oorkoepelende en geïntegreerde navorsingsgeoriënteerde benadering van intervensie. Dit sluit alle rolspelers en belangdraers in. Strategieë wat geïmplementeer moet word, is samevattend, inklusief van beleid, opvoedkundig en gemeenskapsgebaseerd.

3.5 Ontleding van eienskappe van voorkomingsprogramme

Tabelle 3.1–4 is 'n ontleding van die eienskappe, teorieë, modelle, benaderings, tegnieke en programonderwerpe wat deur die bespreekte voorkomingsprogramme gebruik word.

Die eienskappe van die ontwikkelingsproses van voorkomingsprogramme wat die meeste gebruik word, is die volgende: die hele gemeenskap moet betrek word, hul behoeftes moet geïdentifiseer word en die gemeenskap moet aanbevelings vir moontlike intervensie strategieë doen. Alle gemeenskapslede is belangrike vennote in alle fases van die program en voorkomingsprogramme moet koalisies bou met ander rolspelers.

Eienskappe wat uitstaan in die verskillende teorieë, modelle en benaderings, is onder andere die kombinering van programme en tegnieke wat uit die assessering bepaal is. Hierdie voorkomingsprogram moet byvoorbeeld ook aandag gee aan opvoeding tydens kindertyd, gesinsondersteuning en oueropleiding. Vir die jeug moet die fokus op die portuurgroep as die belangrikste sosialiseringsagent wees. Verdere eienskappe het veral in

die sterkteperspektief na vore gekom. Jongmense het sterkpunte en kan 'n bydra lewer. Die jongmense moet dus bemagtig word sodat die kontrole na die gemeenskap verskuif.

Van die tegnieke wat beklemtoon word, is onder andere dat adolessente aktief betrek moet word by die leerproses deur middel van demonstrasies en oefening. Samewerkende groepaktiwiteite is nodig. Ook vaardigheidsontwikkeling is deur meeste van die programme beklemtoon.

Voorkomingsprogramme moet ook op die volgende fokus: die versterking van sosiale vaardighede vir meer weerstand teen groepsdruk, die versterking van weerstandsvaardighede teen invloede van volwassenes en media, en die versterking van sosiale bekwaamheid.

Die tabel bewys dus dat die mees belowende strategieë nie net fokus op die vermindering van risiko-faktore of 'n toename van beskermingsfaktore nie, maar 'n vermenging van verskeie strategieë is. 'n Holistiese benadering is gevolglik nodig in voorkomingsprogramme vir middelmisbruik onder adolessente. Die ontleding van hierdie tabel word in meer detail in Hoofstuk 5 bespreek.

Pectora roborant cultus recti

Tabel 3.1: Ontleding van eienskappe van voorkomingsprogramme.

Eienskappe	**(a)**	**(b)**	**(c)**	**(d)**	**(e)**	**(f)**	**(g)**	**(h)**	**Totaal**
1. Assessering									
Hele gemeenskap is betrokke	√							√	2
Identifiseer risiko-faktore			√						1
Identifiseer beskermingsfaktore			√						1
Identifiseer behoeftes	√				√				2
Gemeenskap gee aanbevelings vir moontlike intervensie strategieë	√				√				2
Doen assessering van bestaande groepe en toestande van dienste en bronne	√								1
2. Gemeenskapsdeelname									
Alle gemeenskapslede, adolessente ingesluit, is belangrike vennote in alle fases van programontwikkeling en -implementering	√	√							2
Adolessente word beskou as bronne		√							1
3. Integrasie van rolspelers									
Programme moet koalisies bou met ander rolspelers	√	√						√	3
Rolspelers deel die verantwoordelikheid		√							1

Sleutel

(a) Skoolgebaseerde middelmisbruikvoorkomingsprogramme.

(b) Jeugontwikkelingsprogramme.

(c) Toename in beskermingsfaktore en afname in risiko-faktore.

(d) Gesinsondersteuningsprogramme.

(e) Portuurgroepondersteuning en -ontwikkeling.

(f) Teater- en rolspel.

(g) Die aanleer van lewensvaardighede deur avontuurgebaseerde aktiwiteite en programme.

(h) Die Nasionale Dwelmmeesterplan vir Suid-Afrika.

Tabel 3.2: Ontleding van eienskappe van voorkomingsprogramme.

Verskillende teorieë, modelle en benaderings	**(a)**	**(b)**	**(c)**	**(d)**	**(e)**	**(f)**	**(g)**	**(h)**	**Totaal**
1. Holistiese benadering									
Spreek alle risiko- en beskermingsfaktore aan			√						1
Kombineer programme en tegnieke wat na aanleiding van assessering wys wat die besondere gemeenskap die beste pas	√	√	√					√	4
2. Sistemiese perspektief									
Middelmisbruik is die produk van 'n wanfunksionerende gesinsisteem				√					1
Programme moet byvoorbeeld aandag gee aan opvoeding tydens vroeë kinderjare, gesinsondersteuning en oueropleiding			√	√					2
3. Sterkteperspektief									
Fokus op alle adolessente en nie net die hoërisikogroep nie	√								1
Adolessente en gesinne is vennote en nie net kliënte nie		√							1
Adolessente het sterkpunte en kan 'n bydrae lewer		√			√		√		3
Kontrole verskuif na gemeenskap; beginsel van kliëntbemagtiging		√		√	√				3
4. Sosialiseringsteorie									
Fokus in kinderjare op gesin as hoof-sosialiseringsagent	√								1
Fokus by adolessente op portuurgroep as hoof-sosialiseringsagent	√	√							2

Tabel 3.3: Ontleding van eienskappe van voorkomingsprogramme.

Tegnieke benut deur verskeie programme	**(a)**	**(b)**	**(c)**	**(d)**	**(e)**	**(f)**	**(g)**	**(h)**	**Totaal**
Gebruik ervaringsleer	√					√			2
Opvolg-ondersteuning en lesse	√								1
Aktiwiteite duur voort binne die kurrikulum	√								1
Aktiwiteite word nie in skole gedupliseer nie	√								1
Adolessente word aktief betrek by leerproses deur demonstrasies en oefening	√					√		√	3
Gebruik adolessente se taal					√	√			2
Gebruik persone wat herstel van middelmisbruik as aanbieders	√								1
Gebruik opgeleide adolessente as aanbieders	√				√				2
Bied programme aan by skool						√		√	2
Bied programme aan by kerk			√			√			2
Bied programme in die gemeenskap aan en betrek die hele gemeenskap						√			1
Betrek familie om voorkomingsmateriaal buite die skoolkonteks oor te dra	√								1
Bied programme aan by avontuurkampe							√		1
Gebruik klein groepbesprekings	√	√							2
Gebruik ondersteuningsgroepe	√								1
Bied programme aan vir groot groepe						√			1
Gebruik gevallestudies	√								1
Gebruik teater en rolspel	√					√			2

tabel vervolg op volgende bladsy...

	(a)	(b)	(c)	(d)	(e)	(f)	(g)	(h)	Totaal
Gebruik gestruktureerde huiswerk	√								1
Adolessente raak self betrokke by gemeenskapsprojekte	√								1
Gebruik opvoedkundige video's	√								1
Gebruik psigodramas	√					√			2
Gebruik vraag-en-antwoordsessies	√	√				√			3
Opleiding van opleiers vir aaneenlopende ondersteuning	√		√		√				3
Samewerkende groepaktiwiteite	√	√				√	√		4
Interaktiewe en meer intensiewe onderwys	√								1
Vaardigheidsontwikkeling	√	√	√	√	√		√		6
Betrek wetgewing en media om die beleide van middelmisbruik te ondersteun	√							√	2

Sleutel

(a) Skoolgebaseerde middelmisbruikvoorkomingsprogramme.

(b) Jeugontwikkelingsprogramme.

(c) Toename in beskermingsfaktore en afname in risiko-faktore.

(d) Gesinsondersteuningsprogramme.

(e) Portuurgroepondersteuning en -ontwikkeling.

(f) Teater- en rolspel.

(g) Die aanleer van lewensvaardighede deur avontuurgebaseerde aktiwiteite en programme.

(h) Die Nasionale Dwelmmeesterplan vir Suid-Afrika.

Tabel 3.4: Ontleding van eienskappe van voorkomingsprogramme.

Fokus van voorkomingsprogramme	**(a)**	**(b)**	**(c)**	**(d)**	**(e)**	**(f)**	**(g)**	**(h)**	**Totaal**
Verander adolessente se houding ten opsigte van middelmisbruik		√				√		√	3
Versterk sosiale vaardighede vir meer weerstand teen groepsdruk	√	√				√		√	4
Versterk weerstandsvaardighede teen invloede van volwassenes en die media	√	√				√		√	4
Versterk sosiale bekwaamheid	√	√	√	√		√			5
Versterk akademiese vaardigheid			√						1
Adolessente betrokkenheid by alternatiewe aktiwiteite	√		√			√			3
Beroepsgewaarwording en inligting		√			√				2
Relevante inligting oor alkohol en dwelms	√	√			√	√		√	5
Inligting oor die middele wat die meeste misbruik word	√							√	1
Leierskapsvaardighede		√			√				2
Luistervaardighede		√							1
Besluitneming		√					√		2
Bewusmaking van misbruik onder en houding van klasmaats		√				√			2
Probleemoplossingstegnieke		√					√		2
Portuurgroeponderstеuning					√				1
Kommunikasievaardighede							√		1
Selfbeeld		√					√		2
Fokus op huidige en belangrike kwessies vir adolessente	√					√			2
Verskaf beleidsraamwerk aan skole sodat hulle middelmisbruik kan hanteer	√								1

3.6 Samevatting

Strenger dwelmwetgewing en meer aggressiewe wetstoepassing het gelei tot hoër gevangeneskap van dwelmhandelaars en vermindering in statistieke van middelmisbruik, maar die alomteenwoordigheid van die probleem wys dat dit steeds nie genoeg is nie. Voorkoming en nasorg is ook nodig. In hierdie hoofstuk het die klem geval op die voorwaardes vir suksesvolle middelmisbruikvoorkomingsprogramme. Verskeie voorkomingsprogramme vir hoërskoolleerders is om hierdie rede verken en ontleed. Die gevolgtrekking is gemaak dat voorkomingsprogramme 'n vermening van verskillende strategieë moet wees ten einde elke gemeenskap se unieke behoeftes te kan aanspreek. In Hoofstuk 4, die empiriese ondersoek, word bespreek hoe voorkomingsprogramme benut kan word om middelmisbruik onder hoërskoolleerders in Suid-Afrikaanse skoolgemeenskappe te bekamp.

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk 4

Empiriese ondersoek

4.1 Inleiding

Die teoretiese uiteensetting van die voorafgaande hoofstukke het aangetoon dat daar beide risiko- en beskermingsfaktore betrokke is by middelmisbruik onder adolessente (Szalay et al (1999:2); Searll (2002:67); Fraser (1984:435); Barton et al (1997:483); Hawkins et al (1992:64-97). Dit is dus nodig om hierdie faktore in die teikengemeenskap te bepaal voor besluit word op 'n voorkomingsprogram. Hierdie program moet 'n kombinasie van verskeie strategieë insluit (Lee, 1994:5 en Rocha-Silva et al. 1998:2). Die navorser het gevolglik besluit om 'n ondersoek na die profiel van adolessente, ten opsigte van die risiko- en beskermingsfaktore betrokke by hul alkohol- en dwelmmisbruik, te maak. Die teikengroep se behoeftes rakende die inhoud van bestaande voorkomingsprogramme word ook volledig bespreek. Die studie poog dus om die aard van hoërskoolleerders se alkohol- en dwelmmisbruik en hul behoefte aan en riglyne rakende voorkomingsprogramme te bespreek. Die bevindinge van die empiriese ondersoek word in hierdie hoofstuk aangebied.

4.2 Die empiriese ondersoek

Die vraelys (Bylae 1) wat vir die empiriese ondersoek benut is, is gebaseer op die doelwitte van die studie sowel as die inhoud van die voorafgaande literatuurstudie.

Dit is essensieel dat die steekproef 'n raak verteenwoordiging van die gemeenskap is en die prosedure nie die geloofwaardigheid van die vraelys kelder nie. Die respondente bestaan uit een leerder uit elke graad 10-klas van ses skole in die Paarl-area. Die adolessente respondente beantwoord heel waarskynlik die vrae oor eie middelmisbruik en persoonlike omstandighede nie eerlik nie, uit vrees om uit te staan in die goep. Om hierdie rede is die respondente versoek om die vrae uit die oogpunt van hul vriende en ander leerders wat hulle ken, te beantwoord. Slegs een vraag vra watter mense in hul huis, hulself ingesluit, alkohol en dwelms misbruik. Uit die persoonlike aard van die vraag, is die navorser se verwagting dat hulle antwoorde nie 'n korrekte verteenwoordiging van die werklikheid gaan wees nie. Die bespreking van resultate verder in die hoofstuk neem deurgaans hierdie faktor in ag. Daar word in die vraelys van kinders gepraat wanneer na adolessente verwys word. Dit vorm deel van spreektaal.

4.3 Die resultate van die ondersoek

Die resultate van die ondersoek word vervolgens in drie afdelings aangebied. Die vrae word in dieselfde volgorde bespreek as wat dit in die vraelys verskyn het, eers die risiko-faktore, tweedens die beskermingsfaktore betrokke by middelmisbruik en laastens, voorkomingsprogramme.

4.3.1 Individuele risiko-faktore by middelmisbruik

4.3.1.1 Adolessente se begrip van die term middelmisbruik

Adolessente is 'n gevra oor wanneer hulle dink 'n persoon misbruik alkohol en/of dwelms (middele). Antwoorde op die vraag word in Tabel 4.1 weergegee.

Tabel 4.1: Respondente se begrip van die term middelmisbruik.

Beskrywing van die term 'middelmisbruik'	**F**	**%**
Wanneer jy alkohol en/of dwelms gebruik	6	13
Herken misbruikers aan sekere gevolge, gedrags- en fisieke kenmerke	20	42
Wanneer jy dit oordoen en daar probleme ontstaan	8	17
Wanneer jy dit doen vir die effek, soos om by vriende te wees of om weg te kom van probleme	4	8
Gebruik elke dag en kan nie daarsonder klaar kom nie	5	10
Geen	3	6
Weet nie	2	4

(n=48)

'n Wye verskeidenheid antwoorde het hieruit na vore gekom. Min leerders het egter geweet wat middelmisbruik is. Slegs 6 respondente (13%) kon antwoord dat 'n mens middele misbruik wanneer jy alkohol en dwelms onwettig gebruik. Die meerderheid van die leerders (20, 42%) herken middelmisbruikers aan sekere gedragskenmerke, byvoorbeeld om geld te steel, aggressiewe gedrag en periodes van stilte en teruggetrokkenheid. Hulle herken misbruikers ook aan fisieke kenmerke soos uitermatige gewigsverlies, rooi oë, swak persoonlike higiëne en die gevolge van hul misbruik. Sewentien persent reken mense misbruik middele wanneer hulle dit oordoen en ernstige probleme as gevolg daarvan ontstaan. Vir hulle is matige gebruik van alkohol en dwelms, byvoorbeeld om te rook, nie problematies nie. 'n Verdere 4 (8%) reken middelmisbruikers doen dit net vir die effek, onder andere om weg te kom van probleme of by vriende te wees. Laastens is 3 respondente (6%) van mening dat middelmisbruikers slegs diegene is wat nie sonder die middele kan klaar kom nie. Een respondent het die volgende antwoord gegee: *'n Mens kan nie sommer sê nie, want die meeste by ons gebruik dit.* Uit die response wil dit blyk dat probleme rondom middelmisbruik al so lank in die gemeenskappe teenwoordig is dat dit in die waardesisteme en lewenstyle van die kultuur geïntegreer is.

Laasgenoemde stelling, asook die leerders se antwoorde, staaf Segal (1992:306) se mening dat enige model wat alkohol- en dwelmmisbruik binne 'n bepaalde kultuur probeer verduidelik, middelmisbruik eers in terme van die waardes binne 'n sekere kultuurgroep moet

ondersoek. Dit is dus nodig om te konsentreer op die faktore in die omgewing wat bydra tot middelmisbruik, eerder as om te fokus op adolessente se houdings daaroor.

4.3.1.2 Geslag

Die balans tussen manlike en vroulike respondente word in Tabel 4.2 weergegee. Vir die doel van die studie is daar 'n onderskeid getref tussen respondente wat middele misbruik en diegene wat hul daarvan weerhou. Daar word dus telkens in die studie verwys na misbruikers en nie-misbruikers.

Tabel 4.2: Geslag.

Geslag	F	Misbruik middele	Onseker	Misbruik nie middele	Totaal
Seuns	22	2% (1)	2 % (1)	42% (20)	46% (22)
Meisies	26	19% (9)	0 % (0)	35% (17)	54% (26)
Totaal	48	21% (10)	2 % (1)	77% (37)	100% (48)

(n=48)

Hoewel die literatuur aanvoer dat middelmisbruik meer algemeen by mans is as by vroue (Sussman & Ames, 2001:57), is daar in die studie 2% (1) seuns teenoor 19% (9) meisies wat erken dat hulle middele misbruik. In 'n studie waar daar 'n goeie balans tussen die 46% (22) manlike respondente en 54% (26) vroulike respondente is, bestaan daar 'n goeie moontlikheid dat al die respondente nie eerlik geantwoord het op die vraag of hulle self middele misbruik nie. 'n Ander moontlikheid sluit aan by Tabel 4.1 se gevolgtrekking: die leerders gebruik heel moontlik alkohol en/of sigarette en sien dit dus nie as misbruik nie.

4.3.1.3 Ouderdom

Die ouderdomsverspreiding van die respondente wat by die empiriese ondersoek betrek is, word in Figuur 4.1 weergegee.



Figuur 4.1: Ouderdomsverspreiding van respondente.

Eksperimentering met middele tydens vroeë adolessensie verhoog die risiko van latere misbruik aansienlik (Zarek, Hawkins & Rogers, 1987:291 en Muisener, 1994:66). Muisener beskou hierdie tydperk as die subfase waarin adolessente die vatbaarste is vir middelmisbruik. Juis om hierdie rede is respondente in hul vroeë adolessensie (graad 10) gekies vir die studie—die ouderdomme van die respondente wissel tussen vyftien en sestien jaar. Byne die helfde is vyftien jaar. Omdat hierdie ouderdomsgroep so vatbaar vir indrukke en invloede is, is die fokus op die faktore wat hulle keuses en gedrag beïnvloed.

4.3.1.4 Mense in die omgewing wat middele misbruik

Om te bepaal of die teenwoordigheid van middelmisbruikers in die adolessent se omgewing die adolessent se eie misbruik beïnvloed, word daar in Tabel 4.3.1.4 tussen misbruikers en nie-misbruikers onderskei. Die respondente is gevra wie in hul omgewing misbruik alkohol en dwelms. Hulle kon meer as een opsie kies.

Tabel 4.3: Mense in die respondent se omgewing wat alkohol en dwelms misbruik.

Middelmisbruikers in respondent se omgewing	**Misbruikers** (n=10)	**Nie-misbruikers** (n=37)
Ouers	27% (3)	11% (4)
Volwassenes by die huis	64% (6)	30% (11)
Kinders by die huis	36% (4)	5% (2)
Leerders by die skool	91% (9)	76% (28)
Portuurgroep buite die skool-omgewing	45% (5)	35% (13)
Vriende	73% (7)	24% (9)

(n=47)

Talle navorsers is dit eens dat alle mense in die adolessent se omgewing wat middele misbruik, 'n invloed op die adolessent het. In hul interaksie met lede van hul eie en ander portuurgroepe, leer adolessente meer botsende waardes en begrippe as tydens interaksie met hul ouers en ander volwassenes (Brown, 1998:3). Conger & Reuter (1996:26) is oortuig dat vriendskapsbande met middelmisbruikers die grootste voorspeller van misbruik by die individu is. Uit hierdie tabel is die onderskeid tussen invloede van respondente wat middele misbruik en die respondente wat dit nie misbruik nie, baie duidelik. Daar is 11 (21%) respondente wat middele misbruik en 37 (77%) respondente wat dit nie misbruik nie. Misbruikers se ouers (3, 27%), volwassenens by die huis (6, 64%), kinders by die huis (4, 36%), leerders by die skool (9, 91%), portuurgroep buite die skool (5, 45%) en vriende (7, 73%) misbruik telkens meermale middele as dié van respondente wat nie-misbruikers is. Dit wys die omvang van die invloed wat ander mense wat middele misbruik, veral vriende, op die gedrag van adolessente het.

4.3.1.5 Bewustheid van die gevare van middelmisbruik

Adolessente is gevra hoe bewus jongmense oor die algemeen van die gevare van alkohol- en dwelmmisbruik is. In Figuur 4.2 word die respondente se antwoorde grafies voorgestel.



Figuur 4.2: Bewustheid van die gevare van middelmisbruik.

Dit is belangrik vir kinders en adolessente om kennis te dra van die gevare van alkohol- en dwelmmisbruik ten einde 'n ingeligte besluit oor die gebruik daarvan te kan neem (Searll, 2002:93). Gebrek aan kennis is 'n primêre risiko-faktor om in ag te neem voordat enige program ontwerp kan word. Is dit byvoorbeeld nodig om hierdie inligting te gee, of weet die adolessente dit reeds en misbruik hulle middele om ander redes? Die figuur toon aan dat adolessente meer gereeld as nie van die gevare verbonde aan middelmisbruik, bewus is. 'n Groot persentasie (12, 26%) van die respondente dink egter dat adolessente oor die algemeen redelik onbewus is. Hierdie persentasie sluit in "nooit" (6, 13%) en "soms" (6, 13%). Hieruit is dit duidelik dat ander faktore ook 'n rol speel in adolessente se middelmisbruik.

4.3.1.6 Die belangrikste redes waarom adolessente middele misbruik

Die respondente is in die vraelys gevra om aan te dui wat die hoofredes vir adolessente is om middele te misbruik. Hulle kon meer as een opsie kies. Die keuses word in Tabel 4.4 aangedui.

Tabel 4.4: Die redes waarom adolessente "dikwels" en "altyd" middele misbruik.

Redes	**Frekwensie**
Dit lyk lekker	69% (33)
Dit gee die misbruiker meer self-vertroue en hy/sy kommunikeer dan (ge)makliker met ander	61% (29)
Vir ontspanning	52% (25)
Dit laat voel die misbruiker minder eensaam	71% (34)
Om van hul probleme te ontsnap	71% (34)
Om minder verveeld te wees	48% (23)
Om te eksperimenteer	67% (32)
Om saam met vriende te kuier	67% (32)

(n=48)

Die belangrikste redes blyk om van hul probleme te ontsnap en minder eensaam te voel (34, 71%), omdat dit lekker lyk (33, 69%), saam met vriende te kuier (32, 67%) en te eksperimenteer (32, 67%). Hierdie redes stem ooreen met Searll (2002), Szalay, Strohl & Doherty (1999) en Sussman & Ames (2001) wat dit as belangrike invloede op adolessente middelmisbruik sien. Die vraelys laat ruimte vir respondente om enige ander rede waarvoor daar nie in Tabel 4.4 voorsiening gemaak is nie, aan te dui. *Om in te pas by vriende* is deur 27% (13) van die respondente bygevoeg. Dit beklemtoon weereens die belangrike invloed wat adolessente vriende op mekaar het. Adolessente misbruik middele *om aandag te kry*, was 8% (4) se antwoord. 'n Verdere 6% (3) van respondente noem dat dit adolessente volwasse laat lyk en voel. Voorkomingsprogramme moet ook vir hierdie redes voorsiening maak aangesien meer adolessente heel waarskynlik so voel.

4.3.1.7 Die adolessent se selfbeeld

Respondente is gevra hoe adolessente oor die algemeen oor hulself voel en dink. Die antwoorde word in Figuur 4.3 weergegee.



Figuur 4.3: Hoe adolessente oor hulself voel.

Hierdie vraag is 'n belangrike aanduiding van adolessente se selfbeeld—dikwels 'n faktor wat tot middelmisbruik lei. Vir hierdie vraag is daar weer onderskei tussen die antwoorde van misbruikers en nie-misbruikers. Daar blyk egter nie 'n groot verskil in die verspreiding van hul antwoorde te wees nie. 'n Groot groep (34, 71%) van die respondente reken dat adolessente "baie goed" (14, 29%) en "goed" (20, 42%) voel oor hulself en relatief min, 8% (4) van respondente, dink dat adolessente "negatief" (2, 4%) en "totaal negatief" (2, 4%) oor hulself voel. 'n Swak selfbeeld sal dus in dié gemeenskap, volgens die respondente, nie 'n faktor wees in die aanvangsfase van middelmisbruik nie. Die navorser vermoed dat adolessente van hierdie gemeenskap nie werklik besef wat selfbeeld beteken nie. Hulle lewe meer vir eksterne faktore, soos hul vriende, negatiewe situasies en invloede by die huis, televisie, alkohol en dwelms. Dit kan beteken dat die adolessente nie hulself goed ken nie en gevolglik nooit aan faktore soos selfbeeld dink nie. Dit sal dus beteken dat klem ook op selfbeeld geplaas moet word tydens voorkomingsprogramme. 'n Aanbeveling sou wees dat hierdie punt in meer diepte geasseseer moet word in die gemeenskappe.

4.3.2 Sosiale- en gesinsinvloede as risiko-faktore

'n Uitgebreide literatuurondersoek toon dat die waardes en gedrag van ouers, broers en susters, vriende, portuurgroepe en ander rolmodelle 'n beduidende invloed op die leer-ervarings van individue het (Sussman & Ames, 2001:66-7). Gesinskonflik, gebrekkige

toesighouding of toleransie van middelmisbruik deur ouers, gesinsmodellering van middelmisbruik, en afwykende gedrag en vriendskap met portuurgroepe wat middele misbruik, is enkele van die faktore wat tot eksperimentering met middele kan lei.

Drie vrae is gevra om respondente se ervaring van sosiale- en gesinsinvloede te bepaal: wie (volgens hulle) beïnvloed hulle die meeste om middele te misbruik, wat die effek van middelmisbruik deur ouers op die ontwikkeling van die kind is, en probleme by die huis wat tot middelmisbruik onder adolessente lei.

4.3.2.1 Die mense wat adolessente die meeste beïnvloed om middele te misbruik

Tabel 4.5 toon aan watter persone die respondente dink die grootste invloed op adolessente het. Die respondente kon meer as een opsie hier kies.

Tabel 4.5: Die mense wat adolessente die meeste beïnvloed om middele te misbruik.

Persone	**F**	**%**
Ma	4	8
Pa	7	15
Broer(s) en/of suster(s)	11	23
Vriende	39	81

(n=48)

Stimmel (1993:37) noem dat 'n tekort aan gepaste rolmodelle in adolessente se huise tot 'n afhanklikheid van ander volwassens en adolessente kan lei. Die rolmodelle kan adolessente positief beïnvloed, maar kan ook 'n baie negatiewe invloed op die adolessente hê. Om die spesifieke fokus van 'n voorkomingsprogram te bepaal, moet daar tussen die verskillende persone (groepe) wat adolessente beïnvloed, onderskei word. Slegs 11 respondente (23%) reken dit is ouers, elf (23%) reken dit is broer(s) en/of suster(s), en die meerderheid, 39 (81%) respondente, dink dit is vriende wat die grootste invloed het. Die volgende outeurs is van mening dat vriende die grootste invloed op adolessente se middelmisbruik het: Searll (2002), Sussman & Ames (2001), Barton, Watkins & Jarjoura (1997), Terblanche & Venter (1999) en Edmonds & Wilcocks (1995).

Op die oop vraag oor watter ander mense 'n invloed op adolessente het, het 6% (3) van respondente aangedui dat kêrels en meisies 'n invloed het. Agt persent (4) van respondente noem smokkelaars, 15% (7) noem vreemdelinge en enkele respondente (2, 4%) noem ander familielede. Een respondent het 'n antwoord *vreemdelinge* regverdig deur te sê dat mens hulle op straat dit sien gebruik en hoekom kan hulle dit dan nie self gebruik nie? *'n Ouer man wat jou pa se pêl is* was 'n volgende respondent se antwoord. 'n Ander respondent sê: *Ouer mense wat jou wil gebruik.* Hierdie reaksie van die respondente vestig weereens die aandag op hoe maklik adolessente beïnvloed word en hoe noodsaaklik goeie rolmodelle is.

4.3.2.2 Effek van middelmisbruik deur ouers op die ontwikkelinge van adolessente

Respondente moes die vraag of ouers se middelmisbruik 'n invloed op adolessente se ontwikkeling het, beantwoord. Hulle antwoorde word in Figuur 4.4 weergegee.



(n=48)

Figuur 4.4: Die negatiewe effek van ouers se middelmisbruik op die ontwikkeling van hul kinders.

'n Tekort aan gepaste rolmodelle in adolessente se huise kan lei tot 'n afhanklikheid van ander volwassenes en adolessente vir rolmodelle en sosialisering. Hierdie plaasvervangende rolmodelle kan negatiewe voorbeelde stel, soos byvoorbeeld alkohol- en dwelmmisbruik, en adolessente so negatief beïnvloed om dit ook te misbruik (Stimmel, 1993:37). Drie en

twintig (11) van respondente is onseker en slegs 8% (4) dink dat ouers se middelmisbruik nie 'n negatiewe effek op die ontwikkeling van adolessente het nie. Die meerderheid stem sterk saam (21, 44%) en stem tot 'n mate saam (10 - 21%). Hierdie respondente bevestig die bevinding van die literatuurondersoek dat middelmisbruik deur ouers hul kinders se ontwikkeling negatief beïnvloed (Barton, Watkins & Jarjoura, 1997:486; Szalay, Strohl & Doherty, 1999:26).

Respondente is die geleentheid gebied om hul antwoorde op die vorige vraag (of ouers se middelmisbruik 'n negatiewe effek op die ontwikkeling van adolessente het) te motiveer. Hierdie geleentheid is deur 46 (96%) van die respondente benut. Die meeste respondente voel dat ouers wat middele misbruik, 'n negatiewe voorbeeld vir hul kinders stel, aangesien hulle die belangrikste rolmodelle is. 'n Paar respondente (2, 4%) voel egter dat indien ouers hul kinders die regte opvoeding gee en respek afdwing, ouers dan alkohol en dwelms kan gebruik sonder dat die kinders dit noodwendig sal gebruik. Volgens 6% (3) van respondente het ouers net soms 'n invloed op hul kinders, aangesien kinders hulle eie besluite kan maak. Van die respondente het heeltemal anders gereageer. Hulle sien, volgens een respondent, elke dag middelmisbruik en probeer daarvan wegkom deur ander aktiwiteite. Respondente wat nie met bogenoemde saamgestem het nie, is dit egter eens dat dit nie altyd net die ouers is wat 'n invloed het nie, maar dat ander faktore ook 'n rol speel. Dit bevestig dat 'n verskeidenheid faktore betrokke is by die besluit om middele te misbruik en dat voorkomingsprogramme 'n holistiese benadering moet volg.

4.3.2.3 Probleme by die huis

Die respondente is gevra watter probleme by die huis middelmisbruik onder adolessente die meeste beïnvloed (Tabel 4.6). Meer as een antwoord kon gegee word.

Tabel 4.6: Probleme tuis wat middelmisbruik by adolessente veroorsaak.

Probleme tuis wat middelmisbruik by adolessente veroorsaak	**Ja**	**Onseker**	**Nee**
Huishoudelike geweld	75%	19%	4%
Finansiële probleme	44%	42%	10%
Huishoudelike probleme (anders as geweld)	60%	29%	8%
Gebrek aan kommunikasie	35%	38%	23%
Voortdurende konflik	19%	60%	17%

(n=48)

In die literatuurondersoek is bevind dat 'n kind wat onveilig, bedreig of ongelukkig voel, dikwels meer vatbaar is vir die eksterne invloede wat tot middelmisbruik lei. 'n Positiewe gesinsverhouding weerhou adolessente daarvan om met middele te begin eksperimenteer, of ten minste van latere misbruik (Stimmel, 1993:37).

Resultate uit die tabel dui daarop dat 'n driekwart van die respondente (36, 75%) huishoudelike geweld saam met ander huishoudelike probleme (29, 60%) as die grootste invloede op adolessente middelmisbruik sien. Die vraelys laat ruimte vir respondente om enige ander faktore waarvoor daar nie in die tabel voorsiening gemaak is nie, aan te dui. Gebrekkige ouer-kind-verhoudings het hier na vore gekom. Voorbeelde hiervan is: ouers laat hulle kinders toe om te doen wat hulle wil ('n gebrek aan dissipline), gee nie om vir mekaar nie, ouers verstaan en/of respekteer kinders nie en laastens, oormatige en oormatige streng dissipline. Hierdie voorbeelde sluit aan by die faktore wat Stimmel as kenmerkend van 'n gebrekkige ouer-kind-verhouding beskou (1993:37). Die ander probleme, naamlik, finansiële probleme en gebrek aan kommunikasie, kom ook sterk navore.

Beide die literatuur- en empiriese studie toon dat ouers en gesinne 'n belangrike rol speel in adolessente se ontwikkeling. 'n Aspek uit die literatuurondersoek, wat deur die respondente se antwoorde bevestig is, is dat adolessente se gedrag meer deur hul portuurgroep en vriende beïnvloed word as wat by jonger kinders die geval is. Om hierdie rede is groepslidmaatskap en groepsdruk volgende in die vraelys aangespreek.

4.3.3 Groeplidmaatskap en groepsdruk as risiko-faktore

Respondente is gevra wat hulle vriende se reaksies sou wees indien hulle middele begin misbruik. Daar is weereens 'n onderskeid tussen misbruikers en nie-misbruikers getref. Die antwoorde word in Figuur 4.5 weergegee.



Figuur 4.5: Vriende se reaksies op adolessente alkohol- en dwelmmisbruik.

Uit die tabel is dit duidelik dat middelmisbruikers meer deur hul vriende beïnvloed word as nie-misbruikers. Hierdie waarneming word gesteun deur die hoë telling van nie-misbruikers (41, 86%) se vriende wat onsteld sal wees indien as hulle middele begin misbruik. Heelwat minder misbruikers se vriende (26, 55%) sal ontsteld wees. Ook sal meer van die misbruikers se vriende glad nie ontsteld wees nie (17, 36%), teenoor die 24% (12) nie-misbruikers. Dit wys daarop dat die middelmisbruikers se vriende heel waarskynlik self alkohol en dwelms misbruik en dat die misbruikers en hul vriende 'n wedersydse invloed op mekaar kon hê.

Studies toon dat adolessente eerder middele sal begin misbruik as om uit die groep verwerp te word. Groepsdruk is dikwels die grootste oorsaak van middelmisbruik (Searll, 2002; Sussman & Ames, 2001; Barton, Watkins & Jarjoura, 1997; Terblanche & Venter, 1999 en Edmonds & Wilcocks, 1995). Op die vraag of adolessente middele sal misbruik as hulle vriende dit misbruik, het 65% respondente positief gereageer. Figuur 4.6 stel dit grafies voor.



Figuur 4.6: Adolessente se alkohol- en dwelmmisbruik na aanleiding van hul vriende se misbruik.

Waar die respondente redes kon aanvoer vir hul antwoorde stem, die respondente ooreen dat hulle *uit* sal voel as hulle nie ook middele begin misbruik nie. Hulle vriende sal hulle aanpor, intimideer, uitlag, name noem of oortuig om net een keer te probeer. Diegene wat "miskien" geantwoord het, is van mening dat sommige kinders wel vir hulself dink. Die respondente wat "nee" geantwoord het, voel hulle eie en hul vriende se morele waardes is sterk en daarom sal hulle dit nie doen nie. Hulle sien ook hoe gevaarlik dit is en ander vriende sal druk op hulle plaas in die ander rigting, dit wil sê om nie middele te misbruik nie.

4.3.4 Risiko-faktore binne die gemeenskap

Die volgende faktore is as risiko-faktore binne die gemeenskap uitgewys en word vervolgens bespreek: omgewingsfaktore, vryetydsbesteding en ontspanning (waaronder deelname aan sport en televisie). Ten einde te bepaal watter invloed die omgewing het, is drie vrae aan die respondente gevra: Hoe hulle buurt lyk en waar en wanneer adolessente middele sal misbruik.

4.3.4.1 Hoe die buurt lyk

Daar is talle omgewingsfaktore wat eksperimentering aanmoedig. Sussman & Ames (2001:61-2) onderskei tussen drie faktore: 'n buurt wat nie georganiseerd is nie, ongunstige ekonomiese toestande en die beskikbaarheid van alkohol en dwelms in 'n persoon se omgewing (Sien Afdeling 2.2.5.1). 'n Veelvuldige keusevraag, waar respondente "ja", "miskien"

en “nee” kon merk, toets hoe die respondente die omstandighede in hul betrokke buurte waarneem. Respondente kon meer as een opsie merk.



Figuur 4.7: Hoe die respondente se buurt lyk.

Die respondente se antwoorde bevestig die literatuur (Sussman & Ames,, 2001) se bevindinge. In Figuur 4.7 sê 48% (23) van respondente dat onderskeidelik bende-aktiwiteite en dwelmhandel hoog is. Volgens 38% (18) van respondente is dit maklik om alkohol en/of dwelms in die hande te kry, en volgens 75% (36) is daar dronk en bedwelmde mense wat op straat rondloop. Die gemeenskap se omgewing speel dus ’n groot rol in adolessente se middelmisbruik.

4.3.4.2 Waar adolessente middele misbruik

Die respondente moes aandui waar hulle middele misbruik. Hulle kon meer as een opsie kies. Hierdie response word in Tabel 4.7 grafies voorgestel. ’n Oop vraag het respondente geleentheid gebied om enige ander plekke wat nie op die lys is nie, te noem.

Tabel 4.7: Waar adolessente middele misbruik.

Waar adolessente middele misbruik	**F**	**%**
Hulle huis	17	35
Vriende se huis	39	81
Publieke plekke (soos winkels)	29	60
By die skool	16	33

(n=48)

Dit blyk dat die gewildste plek om middele te misbruik, vriende se huise is (39, 81%), terwyl 29 (60%) respondente publieke plekke aangedui het. Van die plekke wat in die oop vraag genoem is, is onder andere dansplekke, op straat of sommer enige plek waar dit moontlik is. Sestien respondente (33%) antwoord dat hulle dit by smokkelhuise, drankwinkels, kroeë en nagklubs ook misbruik. Hier is verder genoem dat daar by smokkelhuise drank sonder lisensies aan kinders verkoop word. Kinders word toegelaat om sonder identifikasie of 'n aanduiding van ouderdom, by smokkelhuise, drankwinkels, kroeë en nagklubs te wees. Elf (23%) respondente het stil plekke, byvoorbeeld langs riviere (weg van die huis) genoem.

Uit die respondente se antwoorde blyk dit duidelik te wees dat Adolessente maklik toegang tot alkohol en dwelms kan verkry en dit ook relatief maklik in die hande kan kry, smokkelhuise, drankwinkels en kroeë. Aangesien adolessente in publieke plekke middele kan misbruik het die sentrale outoriteit moontlik probleme met die regulering van die gemeenskap. Hierdie faktore stem almal ooreen met Barton, Watkins & Jarjoura (1997:486) se risiko-faktore in die gemeenskap.

4.3.4.3 Wanneer adolessente middele misbruik

Die respondente dui in Tabel 4.8 aan wanneer adolessente wat hulle ken, middele misbruik. Hulle kon meer as een opsie afmerk en enige ander tye, waarvoor daar nie op die lys voorsiening gemaak is nie, noem.

Tabel 4.8: Wanneer adolessente middele misbruik.

Wanneer adolessente middele misbruik	**F**	**%**
Vakansies	42	88
Sosiale geleenthede	37	77
Konserte	15	31
Sportgeleenthede	26	54

(n=48)

Die meerderheid van respondente stem saam dat vakansies (42, 88%) en sosiale geleenthede (37, 77%), soos partytjies, skool-afskeide en troues die tye is wanneer adolessente middele die meeste misbruik. Antwoorde sluit verder in: wanneer hulle so voel, wanneer hulle niks (anders) het om te doen nie, na en selfs gedurende skool-ure en/of wanneer ouers nie tuis is nie.

Die bevindinge stem ooreen met die literatuur. Vakansies is tye wanneer daar geen skool of sport aktiwiteite vir adolessente is nie, hulle raak dan verveeld en wend hulself tot middelmisbruik (Searll, 2002:103). Sosiale geleenthede skep 'n geleentheid vir groepsdruk, volgens die literatuur, die grootste oorsaak van middelmisbruik (Terblance & Venter, 1999:161-178; Edmonds & Wilcocks, 1995:80 en Barton, Watkins & Jarjoura (1997:486).

4.3.4.4 Adolessente se vryetydsbesteding

Die respondente is gevra wat hulle en adolessente wat hulle ken normaalweg doen vir ontspanning. Die respondente kon meer as een aktiwiteit afmerk. Figuur 4.8 illustreer hierdie aktiwiteite grafies.



Figuur 4.8: Adolessente se vryetydsbesteding.

Televisie kyk (39, 81%) en kuier saam met hulle vriende (43, 90%) is vir die respondente die algemeenste tydverdrywe. Dit bevestig weereens die belangrike plek wat vriende en die media in adolessente se lewens inneem (sien ook Figuur 4.6 en Sussman & Ames, 2001:65-6).

Respondente het die volgende (ander) aktiwiteite as gewilde tydverdrywe aangedui: rondloop in winkels, strate en parke, musiek luister, restaurante besoek, video-speletjies speel, video's kyk, fliek, op die rekenaar werk of speel, slaap, braai, partytjie hou en kerk bywoon. Die meeste aktiwiteite blyk nie georganiseerd te wees nie. Adolessente gaan min indien enige, vaardighede hieruit ontwikkel en dit hou geen uitdaging in nie. Hulle keuse van vryetydsaktiwiteite spoor hul dus nie aan om misbruik van alkohol en dwelms te weerstaan nie.

Verveeldheid, ongemotiveerdheid en geen doelgerigte toekomsplanne is van die prominenste redes vir middelmisbruik onder adolessente. Middelmisbruik word egter versterk deur die genotvolle effek wat dit meebring, (Searll, 2002:103 en Straussner, 1993:34). Sommige aktiwiteite (soos spansporte, kuier saam met vriende, rondloop) en plekke waar dit plaasvind, bied adolessente middelmisbruikers 'n wyer spektrum maniere en geleenthede om met misbruik voort te gaan. Dit is daarom noodsaaklik dat voorkomingprogramme alternatiewe, gesonde aktiwiteite (soos byvoorbeeld betrokkenheid en deelname in gemeenskapsprojekte) aanbied wat hul uitdaag om teen middelmisbruik te kies.

4.3.5 Opvoedkundige prestasie en druk om te slaag

Respondente is gevra hoe dikwels hul swak skoolprestasie as 'n rede om middele te begin misbruik, sien. Figuur 4.9 illustreer dit grafies.



Figuur 4.9: Die mate waarin swak prestasie op skool 'n rede is vir adolessente om middele te begin misbruik.

Fraser (1984:438) wys daarop dat die meerderheid middelmisbruikers swak presteer op skool. Middelmisbruikers het dikwels 'n lae dunk van hulself en hul vaardighede. Alkohol en dwelms is vir so 'n adolessent 'n vinnige versekering van selfwaarde en selfvermoë. 'n Ondergemiddelde skoolprestasie word dikwels ook deur middelmisbruik en afwykende gedrag voorafgegaan. 'n Aantal respondente (29, 60%) antwoord dat middelmisbruik, wat 'n gevolg is van swak skoolprestasie, gereeld gebeur. Slegs sewe respondente (15%) sê dit gebeur nooit nie. Die respondente se antwoorde besvestig die literatuur se bevindinge.

4.3.6 Beskermingsfaktore

Beskermingsfaktore kan opgedeel word in die volgende kategorieë: die individu, die gesin, die portuurgroep, die skool en die gemeenskap (Hawkins, Catalano & Associates, 1997:483). In hierdie afdeling is respondente gevra na die faktore wat (volgens hulle) adolessente sal keer om middele te misbruik. Hulle kon meer as een opsie merk.

Tabel 4.9: Faktore wat (volgens respondente) adolessente verhoed om middele te begin misbruik (Die respondente kon meer as een opsie kies).

Faktore	**F**	**%**
'n Goeie selfbeeld.	40	83
Adolessente beskik oor voldoende probleemoplossingsvaardighede.	32	67
Betrokke by aktiwiteite wat adolessente interessant vind.	33	69
Definitiewe toekomsplanne. ('n Doel om voor te werk.)	36	75
Goeie ouer-kind-verhoudings.	33	69
Ouers het positiewe verwagtinge van hul gedrag.	27	56
Ouers het reëls wat nagekom moet word.	28	58
Ouers prys, eerder as kritiseer, adolessente se gedrag.	18	38
Ouers gesels maklik met hulle.	34	71
Ondersteuning van die skool.	28	59
Duidelike verwagtinge deur skool ten opsigte van gedrag en prestasie.	28	58
Adolessente deelname en betrokkenheid by belangrike skooltake en besluite.	33	69
Hernieude selfvertroue vanweë goeie skoolprestasie.	29	60
Vriende wat nie middele misbruik nie.	27	56
Vriende wat hul ondersteun sonder dat hulle middele hoef te gebruik.	38	78
Die media verwerp alkohol- en dwelmmisbruik.	21	44
Adolessente is betrokke by 'n kerk.	32	67
Bewustheid van die gevare van alkohol- en dwelmmisbruik reeds van 'n vroeë ouderdom gekweek.	42	88
Betrokkenheid by aktiwiteite wat in die gemeenskap aangebied word.	25	52
Ander	6	13

(n=48)

Vier aspekte het in Tabel 4.9 sterk na vore getree—adolessente wil 'n goeie selfbeeld ontwikkel (40, 83%), 'n toekomsvisie hê (36, 75%) en vriende hê wat hulle laat goed voel sonder dat hulle middele hoef te misbruik (38, 78%). Hulle (42, 88%) wil ook hê dat kinders van 'n jong ouderdom af al bewus gemaak word van die gevare van middelmisbruik.

Respondente het die volgende beskermingsfaktore aanbeveel: deelname aan sport, ouers wat nie self middele neem nie en ondersteuning deur vriende en familie. Hierdie aspekte is reeds bespreek as risiko- en beskermingsfaktore in Hoofstuk 2. Hierdie navorsing bevestig die belangrikheid van adolessente se behoefte aan goeie rolmodelle in vriende en familie asook alternatiewe vryetydsbesteding (Sussman & Ames, 2001:67 en Searll, 2002:103).

Baie jong kinders en adolessente word groot in 'n omgewing waar daar risiko-faktore teenwoordig is, maar ook beskermingsfaktore wat hulle weerhou van riskante gedrag. Deur die beskermingsfaktore te verbeter, kan strategieë om die risiko's aan te spreek, ontwikkel word.

4.3.7 Voorkomingsprogramme

Eers wanneer beskermings- en risiko-faktore betrokke by middelmisbruik geïdentifiseer is, kan dit deur programme en aktiwiteite aangespreek word. Daar is egter 'n wye verskeidenheid van menings oor watter voorkomingsprogramme werklik effektief is. Hierdie menings is in Hoofstuk 3 bespreek en vrae is daarvolgens ontwerp.

4.3.7.1 Sukses van voorkomingsprogramme

Adolessente se mening omtrent die belang van voorkomingsprogramme, is vasgestel om uit te vind hoe effektief die programme werklik is. Hulle moes "ja", "miskien" of "nee" antwoord op die vraag of hulle dink voorkomingsprogramme vir middelmisbruik sal suksesvol wees om te keer dat adolessente alkohol en dwelms begin misbruik. Hulle antwoorde is in Figuur 4.10 grafies geillustreer.



(n=48)

Figuur 4.10: Adolessente se opinie oor of voorkomingsprogramme vir middelmisbruik suksesvol is.

Die insig waartoe die navorser tydens die literatuurondersoek gekom het, is dat voorkomingsprogramme ontwerp moet word om by die behoeftes van die teikengemeenskap (in hierdie geval die hoërskoolleerders) te pas. Maar is leerders werklik gemotiveerd om aan hierdie programme deel te neem? Slegs 4% (2) van die respondente voel dat voorkomingsprogramme nie 'n bydrae lewer nie. Negentien respondente (40%) was onseker en 27 (57%) het 'n positiewe antwoord gegee. Die respondente wat aangedui het dat hulle wel dink dit is nodig, het 'n geleentheid gehad om hul antwoorde te motiveer. Negentien respondente (40%) van hierdie groep het gesê dat *'n mens dan die gevolge en gevare van middelmisbruik besef.* Drie respondente is van mening dat dit die leerders besig hou en gevolglik weerhou van alkohol- en dwelmmisbruik.

Voorkomingsprogramme moet aandag gee aan al die risiko- en beskermingsfaktore betrokke. Indien daar slegs gefokus word op enkele faktore soos byvoorbeeld gee van inligtingsessies en/of versterking van sosiale vaardighede gaan dit nie noodwendig lei tot die volgehoue vermindering in die misbruik van alkohol en dwelms nie (Hawkins, Catalano & Associates in Barton, Watkins & Jarjoura, 1997:486). By die respondente wat onseker is oor die sukses van voorkomingsprogramme en die wat voel dat die programme nie 'n bydrae lewer nie is daar waarskynlik nie op genoeg van hul risiko- en beskermingsfaktore gefokus nie.

4.3.7.2 Voorkomingsaktiwiteite wat algemeen gebruik word

Tydens die empiriese ondersoek wou die navorser vasstel watter tipe voorkomingsprogramme adolessente reeds ervaar het. Tabel 4.10 gee respondente se reaksie op hierdie vraag.

Tabel 4.10: Die tipe alkohol- en dwelmvoorkomingsprogramme wat reeds ervaar is.

Die tipe aktiwiteit	**F**	**%**
Lees oor alkohol- en dwelmmisbruik.	37	77
Gesprekke met 'n maatskaplike werker.	15	31
Gesprekke met onderwyser.	20	42
Inligtingsessie in klas-/skoolverband.	29	60

(n=48)

Lees aktiwiteite oor alkohol- en dwelmmisbruik (37, 77%) en inligtingsessies in die klas of skool (29, 60%) is die meeste gebruik. Respondente het ook ander aktiwiteite genoem—gesprekke met ouers, vriende en 'n persoon/persone wat middele misbruik, bywoning van opvoerings en programme op video's en/of die televisie.

Respondente kon aandui of dit hulle en/of ander adolessente bewus gemaak het van die gevare aan alkohol en dwelms en hulle weerhou het van die misbruik daarvan. Hulle is gevra om hul antwoorde te motiveer. Vyf en dertig (73%) van respondente het geantwoord dat dit wel gehelp het. Die redes wat hulle hiervoor aanvoer, is die volgende: Agt (17%) respondente en/of vriende het dit begin misbruik, maar opgehou daarmee. Vier (8%) het geantwoord dat wanneer kinders openlik hieroor ingelig word, hulle die gevare daaraan verbonde besef. 'n Verdere agt (17%) respondente het meer geleer oor wat middelmisbruik is en wat dit alles behels. Respondente het begin dink oor die gevolge en is nou in 'n beter posisie om diegene wat teen verslawing stry, te help. Adolessente bied reeds informele ondersteuning aan mekaar (Turner, 1999:569-570). Lees aktiwiteite en inligtingsessies in die klas is dus 'n goeie geleentheid om aan die adolessente die nodige inligting om vriende mee te ondersteun, te verskaf.

Die respondente wat negatief geantwoord het (13, 27%), voer die volgende rede aan: Vyf persone (2%) wat die respondente ken het nog geen poging aangewend om hul middelmis-

bruik te staak nie. Respondente noem dat adolessente 'n gebrek aan respek vir volwassens het—niemand kan vir hulle vertel *wat om te doen nie*. Adolessente is hardkoppig en volg eerder hul bende/vriende/portuurgroep se raad; hierdie voorkomingsaktiwiteite is dus vir hulle nutteloos. Die respondente is gevolglik gevra waarin hulle sou belangstel en wat as onderwerpe vir voorkomingsprogramme kan dien. Om hierdie rede stel sommige programme voor dat daar van portuurgroeponderstеuners gebruik gemaak word (Shiner, 1999:558, 561). So word lede van hul eie ouderdomsgroep bereik.

4.3.7.3 Onderwerpe waarin adolessente belangstel

Die respondente is gevra om aan te toon watter onderwerpe hulle graag meer van sal wil weet. Hulle kon meer as een opsie hier afmerk. Tabel 4.11 bevat die resultate.

Tabel 4.11: Onderwerpe waarvan respondente meer wil weet.

Onderwerpe	**F**	**%**
Alkoholisme.	40	83
Dwelmafhanklikheid.	34	70
Hoe om probleme te hanteer.	36	75
Selfbeeld en selfbewuswording.	27	56
Hoe om groepsdruk te hanteer en vriende reg te kies.	38	79
Alternatiewe vir middelmisbruik.	14	29
Hoe om frustrasies te hanteer.	24	50
Luistervaardighede.	31	65
Besluitneming.	34	70
Die invloed van volwassenes en die media op besluite.	29	60
Bewuswording van klasmaats se gevoelens oor en kennis van middelmisbruik.	28	58
Beroepsgewaarwording (toekomsvisie).	33	69
Leierskapsvaardighede.	34	70
Vaardighede en kennis om vriende te help en te ondersteun.	33	69
Ander	3	6

(n=48)

Respondente gee voorkeur aan die volgende onderwerpe van bespreking: alkoholisme (40, 83%), hoe om probleme te hanteer (36, 75%), hoe om groepsdruk te hanteer en vriende reg te kies (38, 79%). Alternatiewe vir middelmisbruik is slegs deur 14 respondente (29%) gekies. Die respondente se reaksies ondersteun die bevindings soos in die literatuur gevind en vestig weereens die aandag op die invloed van vriende en ander portuurgroepe, asook die belange van hierdie groepe in adolessente se lewens. Uit die literatuur se voorkomingsprogramme blyk hierdie onderwerpe ook belangrik te wees. Tabel 3.4 van Hoofstuk 3 bewys dat die aktiwiteite oor hoe om groepsdruk te hanteer en die verskaffing van relevante inligting oor middele by vyf verskillende programme gebruik word (Morojele et al. 1997; "Project ALERT", 2004; Sussman & Ames, 2001:94 en Swart, 1995:2).

4.3.7.4 Die aanbieders van voorkomingsprogramme

In aansluiting by die inligting in Tabel 4.11, is respondente gevra wie die voorkomingsprogram moet aanbied, sodat hulle voorkeure vasgestel kon word. Die respondente kon meer as een antwoord afmerk.

Tabel 4.12: Die aanbieders van voorkomingsprogramme.

Die aanbieders van programme	**F**	**%**
'n Goed-opgeleide adolessent	19	40
'n Maatskaplike werker of ander professionele persoon	36	75
'n Goed-opgeleide onderwyser	25	52
Iemand van middelmisbruik herstel	25	52
Ander	5	10

(n=48)

In Tabel 4.12 het die meeste respondente (36, 75%) 'n maatskaplike werker of professionele persoon verkies. Hulle is dit almal eens dat so 'n persoon weet wat om te doen, navorsing gedoen het en oor meer vaardighede beskik. Hulle het ook genoem hulle weet dat hierdie persoon nie 'n misbruiker is nie en vertrou kan word. Dit is iemand wat omgee en die nodige geduld het. Die respondente skryf dat *hy/sy jou probleme kan raaksien, en dit vir jou kan uitwys en ook wys hoe om dit te hanteer.* 'n Duidelike behoefte na die aanleer van probleemhanteringsvaardighede kom ook na vore. By al die programme

wat in hoofstuk drie beskryf word, word professionele, goed opgeleide persone gebruik as aanbieders. Adolessente aandbieders, soos beskryf deur Turner (1999) kan egter as ondersteuners optree in ondersteuningsgroepe. Hierdie tipe groepe sal die professionele aanbieding se taak kan voortsit.

Negentien respondente (19, 40%) is van mening dat adolessente aanbieders van hul eie ouderdom (meer) sal vertrou, gemakliker met hulle oor sensitiewe kwessies gesels en beter kan kommunikeer. Drie respondente het egter genoem dat adolessente nie na ander adolessente sal luister nie. Ander persone wat respondente aangetoon het, om as moontlike aanbieders op te tree, is ouers, iemand wat die adolessent(e) goed ken, en familie, aangesien hulle die adolessente verstaan en vir hulle omgee.

4.3.7.5 Omstandighede waarin adolessente voorkomingsprogramme aangebied wil hê

Respondente het aangedui wat hulle behoeftes ten opsigte van omstandighede waarin voorkomingsprogramme aangebied word, is. Hulle reaksie word in Figuur 4.11 weerspieël.



Figuur 4.11: Omstandighede waartydens adolessente voorkomingsprogramme aangebied wil hê.

Die gewildste plekke vir die aanbieding van voorkomingsprogramme blyk te wees by die skool (35, 73%) en by kampe, (33, 69%). Die adolessente wil heelwaarskynlik nie hul

vryetyd afstaan aan aktiwiteite soos voorkomingsprogramme nie. Hulle bereidwilligheid om na kampe te gaan wys egter dat hulle 'n behoefte aan iets opwindends, uitdagends en prettig het. Ook Moote & Wodarski (1997:143) beskryf die avontuurgebaseerde aktiwiteite en -programme as 'n plaasvervanger vir tradisionele lewensvaardigheidsbenaderings.

Uit 'n oop vraag vir voorstelle van ander omstandighede wat nie genoem is nie, het die volgende na vore gekom: 'n besoek aan 'n universiteit, gemeenskapsaktiwiteite en/of saam met persone wat reeds die programme voltooi het. Twee (4%) respondente wil dit by 'n maatskaplike organisasie bywoon en twee (4%) persone, saam met vriende.

4.3.7.6 Voorkomingstrategieë en tegnieke

Om respondente se belangstelling in voorkomingsprogramme te toets, moes hulle aantoon waarin hulle sou belangstel en wat hulle sou aanmoedig om aan voorkomingsaktiwiteite deel te neem. Figuur 4.12 gee 'n grafiese voorstelling hiervan.



Figuur 4.12: Faktore wat adolessente sal aanmoedig om aan voorkomingsprogramme deel te neem.

'n Groot aantal respondente (36, 75%) wil betrokke wees by die ontwerp van programme en die neem van besluite aangaande die onderwerpe wat bespreek word. 'n Heel paar skrywers stem ooreen daarmee dat adolessente ook betrokke moet raak by die beplanningsproses van so 'n voorkomingsprogram. Hierdie betrokkenheid asook die nodige opleiding sal adolessente se leierskapsvaardighede ontwikkel (Hancock, 1994:144; Finn &

Checkoway, 1998:342; Barton, Watkins & Jarjoura, 1997:490). 'n Ander aansporing is beter verhoudings by die huis (33, 69%). Vir Batavick (1997:640) en Scales (1997:614-5) is gesinsondersteuningsprogramme nodig. Saam met voorkomingsprogramme kan daar dan tergelyke tyd aan die versterking van die gesin en voorkoming van alkohol- en dwelmmisbruik aandag gegee word. As daar goeie verhoudings by die huis is en die atmosfeer veroorsaak nie spanning nie, sal dit adolessente aanspoor om betrokke te raak by programme. Dit sluit aan by vorige gevolgtrekkings dat nie net adolessente se houdings verander moet word nie, maar ook hul omstandigehede.

Die respondente is hierna gevra om te noem onder watter omstandighede hulle die beste sal leer. Hulle response word in Figuur 4.13 weergegee.



Figuur 4.13: Rangorde van omstandighede waarin adolessente dink hulle die beste sal leer.

In die literatuurstudie (sien Hoofstuk 3) is strategieë en tegnieke omvattend verken. Dit blyk dat aktiwiteite soos psigodramas en rolspel (Harding et al. 1996), video's (Morojelo et al. 1997) en avontuurkampe (Moote & Wodarski, 1997) groot waarde het in die voorkomingsproses, die vaslegging van lewensvaardighede en die gedragsverandering by adolessente. Die response van respondente het hier baie ooreengestem. Om 'n boek te lees en vraag-en-antwoordsessies was egter twee faktore wat uitgestaan het (32, 67% elk). Die aktiwiteite kry moontlik voorkeur omdat dit minder insette van die adolessente self verg. Hulle wil moontlik nie te veel aandag op hulself fokus nie. Dit sluit aan by hulle intense behoefte om deel te wees van die groep. Adolessente sal ook eerder nuwe vaardighede

en inligting absorbeer as hulle aktief betrokke is by die leerproses. Byvoorbeeld deur die gebruik van rolspel, vraag-en-antwoord sessies, en groepbesprekings.

4.4 Samevatting

In hierdie hoofstuk is verslag gedoen van die reslutate van die empiriese ondersoek. Eerstens is die risiko-faktore wat lei tot adolessente alkohol- en dwelmmisbruik bespreek, waarna die betrokke beskermingsfaktore gevolg het. Die risiko- en beskermingsfaktore gee 'n aanduiding van wat die inhoud van voorkomingsprogramme vir adolessente middelmisbruik behoort te behels. In Hoofstuk 3 is die voorkomingsfaktore bespreek. Hoofstuk 5 bevat die gevolgtrekkings soos uit die resultate van die empiriese ondersoek afgelei. Die aanbevelings wat hieruit volg, is in die vorm van riglyne ten einde die doel van die navorsing te bereik, naamlik om 'n riglyn vir die ontwikkeling van 'n voorkomingsprogram vir adolessente middelmisbruik aan maatskaplike werkers te voorsien.

Pectora roborant cultus recti

Hoofstuk 5

Gevolgtrekkings en Aanbevelings

5.1 Inleiding

Hierdie ondersoek na voorkomingsprogramme vir middelmisbruik deur hoërskoolleerders, spruit uit die leemte in voorkomingsprogramme, aangesien alkohol- en dwelmmisbruik steeds onder adolessente voortduur. Die navorser se benadering tot die ondersoek is grootliks beïnvloed deur die uitgangspunt dat risiko- en beskermingsfaktore in die teikengroep se gemeenskap geïdentifiseer moet word, voor 'n voorkomingsprogram saamgestel kan word.

'n Verkennende ondersoek is onderneem om bogenoemde faktore, sowel as die inhoud en samestelling van bestaande voorkomingsprogramme vir middelmisbruik, te ondersoek. Die eerste twee doelwitte vir die ondersoek is aangespreek, naamlik 'n ondersoek na die voorkoms van alkohol- en dwelmmisbruik onder hoërskoolleerders en tweedens 'n verkenning na bestaande voorkomingsprogramme vir middelmisbruik.

Die doel van hierdie hoofstuk is om die gevolgtrekkings waartoe die navorser gekom het, te formuleer.

5.2 Gevolgtrekkings

Die volgende gevolgtrekkings is gebaseer op die bevindinge van die empiriese ondersoek.

5.2.1 Risiko-faktore

Verskeie redes gee aanleiding tot alkohol- en dwelmmisbruik. Hierdie redes of risiko-faktore word opgedeel in vyf kategorieë, naamlik die individu, die gesin, die portuurgroep, skool en die gemeenskap. Gemeenskappe verskil van mekaar ten opsigte van risiko- en beskermingsfaktore en daarom moet eerstens bepaal word watter faktore 'n rol speel. Hieruit kan 'n voorkomingsprogram, wat die spesifieke gemeenskap pas, ontwikkel word.

5.2.1.1 Individuele risiko-faktore by middelmisbruik

Daar was 'n goeie balans van manlike en vroulike respondente by die ondersoek betrokke. In die studie is daar 'n noemenswaardige verskil tussen die voorkoms van die onderskeie geslagte se middelmisbruik. Meer vroulike respondente het bevestig dat hulle alkohol en dwelms misbruik as die manlike respondente. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat die respondente nie eerlik geantwoord het nie, of alkohol en/of sigarette misbruik en dit nie as misbruik ag nie, aangesien die literatuur aantoon dat meer seuns middele misbruik as meisies.

Die ouderdomme van die respondente wissel tussen vyftien en sestien jaar. Die ouderdomsgroep is besonder vatbaar vir indrukke en invloede. Om hierdie rede moet voorkomingsprogramme fokus op faktore wat hulle keuses en gedrag beïnvloed.

Die respondente reken dat hulle bewustheid van die gevare van middelmisbruik, hoog is. Daar is egter steeds 'n groot persentasie wat nie bewus is van die gevare daaraan verbonde nie. Die meeste van die respondente weet ook nie wat misbruik behels nie en besef heel moontlik nie die gevaar verbonde aan die misbruik van alkohol en/of sigarette nie. 'n Tekort aan kennis speel dus 'n rol in middelmisbruik, maar is nie die enigste bepalende faktor nie.

'n Swak selfbeeld is (volgens die respondente) nie 'n groot faktor onder die respondente en hul portuurgroep nie. Dit blyk dat die adolessente se selfbeeld meestal goed is. Groepsdruk speel egter 'n groot rol in middelmisbruik onder adolessente en diegene met 'n swak selfbeeld word gewoonlik makliker deur groepsdruk beïnvloed. Die opbou van selfbeeld en gevoel van selfwaarde moet dus nie uitgesluit word uit 'n voorkomingsprogram vir die adolessente gemeenskap nie.

5.2.1.2 Groeplidmaatskap en groepsdruk as risiko-faktor

Dwelms lyk lekker—dit gaan gepaard met 'n nuwe sensasie en subkultuur. Die verband tussen middelmisbruik en vriende is groot en is dikwels die rede waarom adolessente begin eksperimenteer. Omdat ander lede van die groep dit reeds doen, probeer hulle dit ook doen. Adolessente vrees verwerping deur hul portuurgroep—dit verklaar waarom die meeste adolessente eerder sal kies om alkohol en dwelms te begin misbruik as om deur die groep verwerp te word. Om saam met vriende te kuier en sodoende minder eensaam te wees is, is nog 'n belangrike faktor. In ongemaklike situasies gee alkohol en dwelms adolessente selfvertroue en laat hulle belangrik voel—dit laat adolessente voel hulle kuier lekkerder saam met hul vriende en pas beter in hul vriendekring.

Die gevolgtrekking is dat groepsdruk, ook volgens die literatuurondersoek en empiriese studie, die grootste oorsaak van middelmisbruik onder adolessente is. Heelwat meer van die respondente wat aantoon dat hulle middele misbruik, teenoor die wat dit nie misbruik nie, se vriende en portuurgroepe buite die skool misbruik ook alkohol en dwelms. Daar moet dus baie meer aandag gegee word aan hierdie risikofaktor.

5.2.1.3 Sosiale- en gesinsinvloede as risiko-faktore

Die internalisering van morele waardes en begrippe word bepaal deur kinders se verhoudings met hul ouers. Tydens adolessensie word kinders gekonfronteer met ander morele waardes en begrippe as dié wat hulle van kinds af by hul ouers leer. Hierteenoor behoort 'n positiewe gesinsverhouding adolessente te weerhou van eksperimentering, of ten minste van latere misbruik.

Die meeste respondente is van mening dat vriende en vreemdelinge, teenoor ouers en ander gesinslede, adolessente die meeste beïnvloed. Die gevolgtrekking hier (wat ook in die literatuur bevestig is) is dat adolessente namate hulle ouer word, meer deur die portuurgroep beïnvloed word en minder deur hul ouers. Respondente is dit egter eens dat middelmisbruik deur ouers 'n negatiwe effek op hul kinders het, aangesien die ouers die primêre rolmodelle is. Misbruik van hierdie aard lei dikwels ook tot 'n verbrokkeling in gesinspatrone. Kinders uit hierdie gesinne word in die vroeë jare blootgestel aan konflik, geweld, egskeiding, siektes en dood. Kinders wat hierdeur gaan, word later makliker

deur die risiko-faktore beïnvloed. Dit is dus nodig dat voorkomingspogramme ook op jong kinders fokus. Dié programme moet spesifiek aandag gee aan die ontwikkeling van waardes en norme en die verskaffing van goeie volwasse rolmodelle.

5.2.1.4 Opvoedkundige prestasie en druk om te slaag

Die respondente sowel as die literatuur is dit eens dat swak skoolprestasie 'n rede is om met middelmisbruik te begin. Volgens die literatuur is akademiese probleme dikwels die gevolg van ontwrigting in adolessente se gesinslewe en/of 'n gebrek aan belangstelling, positiewe verwagtinge in hul gesinslewe en ondersteuning van ouers en/of skool. Dit, asook 'n slegte selfbeeld, kan lei tot ontvlugting deur middel van middelmisbruik. Gevolglik moet swak skoolprestasie nie voetstoots op middelmisbruik blameer word nie—aandag moet geskenk word aan die faktore onderliggend aan swak skoolprestasie.

5.2.1.5 Risiko-faktore binne die gemeenskap

Verskeie faktore, waaronder bende-aktiwiteit, dwelmhandel, dronk en bedwelmde mense op straat en beskikbaarheid van alkohol en dwelms in die omgewing, moedig eksperimentering in die gemeenskap aan. Die respondente reken dat uit die bogenoemde faktore, dronk en bedwelmde mense die prominentste faktor in hul gemeenskap is. Dit is egter nie die enigste faktore nie—geleenthede vir middelmisbruik speel ook 'n rol. Daar is talle plekke waar adolessente alkohol en dwelms kan misbruik: die gewildste is vriende se huise en openbare plekke. Smokkelhuise en drankwinkels verkoop drank aan adolessente sonder om identifikasie of 'n aanduiding van hul ouderdom te vra. Dit is 'n teken dat middelmisbruik algemeen aanvaar word in die adolessente se gemeenskap. Hoe meer hulle blootgestel word daaraan, hoe groter is die waarskynlikheid dat hulle dit in die hande sal kry en begin eksperimenteer.

'n Gebrek aan toepaslike ontspanningsgeriewe lei tot verveeldheid, wat weer middelmisbruik bevorder. Die daarstel van meer ontspanningsgeriewe sal egter net 'n wyer verskeidenheid van geleenthede bied waar adolessente alkohol en dwelms kan misbruik. Georganiseerde aktiwiteite wat 'n voorafbepaalde doel het, adolessente motiveer, kompetisie aanmoedig en hegte verhoudings met mentors, vriende en gesinslede bou, is dus nodig.

Vryetyd, volgens die respondente, word hoofsaaklik gewy aan televisie kyk en kuier by vriende. Dit bevestig weereens die groot (en soms negatiewe) invloed wat die media en vriende op adolessente kan hê.

Kultuur speel 'n belangrike rol, alhoewel die waarde daarvan soms onderskat word. Die kulture van verskillende gemeenskappe verskil en is op verskillende ondervindings gebaseer. Alkohol en dwelms is maklik beskikbaar en deurgaans teenwoordig in die gemeenskap. Dit is relatief maklik vir adolessente om dit enige tyd en op enige plek te misbruik. Die gevolgtrekking hieruit blyk te wees dat die betrokke gemeenskappe verslapte houdings en norme teenoor middelmisbruik handhaaf. Alkohol en dwelmprobleme bestaan dus reeds lank genoeg in die gemeenskap vir dit om in die waardesisteem en lewenstyl van die kultuur geïntegreer te wees. Dit sal beteken dat voorkomingsprogramme en bewusmaking in die hele gemeenskap, maar veral onder die ouers, moet geskied.

5.2.2 Beskermingsfaktore

Dit is nodig om adolessente van riskante gedrag te weerhou. Die bou van eksterne bates in gesinslede, skole, vriende en gemeenskappe is die faktore wat riskante gedrag beperk. Adolessente kan die nodige interne bates ontwikkel om hulle te lei eers wanneer hulle oor die eksterne bates beskik. Hoe meer interne en eksterne bates adolessente oor beskik, hoe minder sal riskante gedrag voorkom.

Vier aspekte uit die ondersoek na beskermingsfaktore het sterk na vore getree. Adolessente wil 'n goeie selfbeeld hê, oor 'n toekomsvisie beskik en vriende hê wat hulle aanvaar sonder dat hulle alkohol en dwelms hoef te misbruik. Kinders moet ook reeds van 'n jong ouderdom van die gevare van middelmisbruik bewus gemaak word. 'n Groot verskil tussen risiko- en beskermingsfaktore is egter dat beskermingsfaktore op die positiewe, opbouende aspekte in adolessente se lewens fokus. Aangesien die literatuur die faktore as noodsaaklik ag en adolessente 'n behoefte het om van die faktore te ontwikkel moet beskermingsfaktore saam met risiko-faktore geassesseer word, voor die ontwerp van 'n voorkomingsprogram.

5.2.3 Voorwaardes vir suksesvolle voorkomingsprogramme

Daar is in die studie bepaal dat die eienskappe in die ontwikkelingsproses van voorkomingsprogramme wat die meeste gerbuik word, die volgende is: die hele gemeenskap moet betrek word, húl behoeftes moet geïdentifiseer word en die gemeenskap moet aanbevelings vir moontlike intervensie strategieë gee. Alle gemeenskapslede is belangrike vennote in alle fases van die proses en programme moet koalisies bou met ander rolspelers (sien Tabel 3.5). Wat egter uitgestaan het in die ontleding van voorwaardes, was dat 'n gemeenskapsontwikkelingsproses, in maatskaplike werk, gevolg moet word. Die hele proses, vanaf assessering tot evaluering, is noodsaaklik vir die uitvoer van hierdie voorkomingsprogramme.

5.2.4 Modelle, teorieë en benaderings

Die kombinering van programme en tegnieke wat toepaslik sal wees vir die betrokke gemeenskap, is die eienskap wat beklemtoon is in die voorkomingsprogramme. Die holistiese benadering en die sterkteperspektief het uitgestaan as besonders gepas, omdat dit op gefokus kan word in die meeste gemeenskappe. 'n Gevolgtrekking wat gemaak kan word is dat dit noodsaaklik is om eers 'n assessering te doen en na die risiko- en beskermingsfaktore te kyk voor daar op modelle, teorieë en benaderings besluit kan word.

5.2.5 Programme vir die voorkoming van middelmisbruik

Soos in die studie bepaal, is daar verskeie aspekte waaroor besluit moet word in die beplanning van voorkomingsprogramme. Van die aspekte is die onderwerpe, aanbieders van die program, waar dit aangebied moet word en ook watter strategieë en tegnieke gebruik moet word. Hierdie aspekte word vervolgens bespreek.

5.2.5.1 Onderwerpe waarin adolessente belangstel

Van die onderwerpe wat beklemtoon is in die voorkomingsprogramme, is: die versterking van sosiale vaardighede vir meer weerstand teen groepsdruk, die versterking van

weerstandsvaardighede teen invloede van volwassenes en die media en die versterking van sosiale bekwaamheid. Die versterking van sosiale vaardighede en bekwaamheid, veral om te help met groepsdruk, is ook deur die respondente aangedui as 'n sterk behoefte.

Adolessente in die respondente se gemeenskap het 'n behoefte daaraan om leiding te ontvang in die volgende onderwerpe: alkoholisme, hoe om probleme te hanteer, hoe om groepsdruk te hanteer en hoe om vriende reg te kies. Tydens die ondersoek het die respondente self 'n wye belangstelling in meeste van die onderwerpe getoon. Die gevolgtrekkig na aanleiding van hierdie behoefte van die adolessente, asook die literatuur se beklemtoning daarvan dui op die noodsaaklike insluiting van sekere onderwerpe, soos byvoorbeeld groepsdrukhantering en lewensvaardighede, in voorkomingsprogramme.

5.2.5.2 Die aanbieders van voorkomingsprogramme

Adolessente verkies volwassenes wat oor professionele kennis van middelmisbruik beskik, as aanbieders van programme. Meer spesifiek verkies adolessente persone wat betroubaar is en nie self alkohol en dwelms misbruik nie. 'n Persoon van hul eie ouderdom wat goed toegerus is om die aanbieder van voorkomingsprogramme te wees, is minder verkieslik, omrede adolessente waarskynlik nie vir ander adolessente sal luister nie. Hier is egter teenstrydige menings, aangesien sommige respondente van mening is dat hulle gemakliker met ander adolessente sal kan praat. Aangesien die literatuur ook veral gebruik maak van volwasse en opgeleide aanbieders, behoort hulle ook vir hierdie adolessente vir die aanbied van programme gebruik te word. Adolessente kan egter steeds in ondersteuningsgroepe wat dien as voortsetting op die program, as groepsleiers optree.

5.2.5.3 Waar word voorkomingsprogramme aangebied?

Op die vraag waar voorkomingsprogramme eerder aangebied moet word, is voorkeur aan die skool en kampe gegee. Besprekings in klein groepe word ook verkies. Die adolessente is dus nie bereid om hul vrye tyd buite die skool aan so 'n aktiwiteit af te staan nie. Hulle sal wel as dit iets opwindends soos 'n kamp behels, tyd afstaan daarvoor. Voorkomingsprogramme beteken egter vir hulle lesings en aktiwiteite wat ooreenstem met skoolaktiwiteite. Dit hou geen opwinding of uitdaging in nie. Die literatuur beskryf meer innoverende en

aantreklike programme. Die gevolgtrekking kan gemaak word dat sulke programme ander meer konvensionele programme moet aanvul en nie noodwendig vervang nie. Hier is dus heelwat ruimte vir vernuwing.

5.2.5.4 Strategieë en tegnieke

Adolessente is ontvanklik vir 'n wye verskeidenheid aktiwiteite en programonderwerpe. Hulle wil egter betrokke wees by die ontwerp van programme en die neem van besluite aangaande die onderwerpe wat bespreek word. Programme moet egter nie net op die skool en skoolverwante kwessies fokus nie. Die respondente huldig die mening dat voorkomingsprogramme van meer waarde sal wees as verhoudings tussen gesinslede verbeter word. Adolessente se konsentrasie en bereidwilligheid om te leer verbeter sodra spanning en probleme by die huis verlig word. Programme moet dus ruimte laat vir besprekings oor familiesake en so meer. Die gevolgtrekking hieruit is dat middelmisbruik voorkomingsprogramme nie afsonderlik van ander voorkoming in die groter gemeenskap en in gesinne kan plaasvind nie. Hierdie onderwerpe oor verhoudings en kwessies in gesinne moet egter ook aangeraak word wanneer programme aangebied word vir adolessente.

Die adolessente is meer ontvanklik vir informele aktiwiteite soos psigodramas, rolspel, video's en avontuurkampe. Hulle verkies ook meer bekende aktiwiteite, soos om 'n boek te lees en/of vraag-en-antwoord-sessies. 'n Kombinasie hiervan kan weereens gebruik word.

5.3 Aanbevelings

Na aanleiding van die empiriese ondersoek en die gevolgtrekkings wat daaruit vloei, maak die navorser bepaalde aanbevelings. Hierdie aanbevelings kan as riglyne deur maatskaplike werkers benut word, ten einde effektiewe alkohol- en dwelmmisbruikvoorkomingsprogramme daar te stel.

5.3.1 Riglyne vir die ontwikkeling van voorkomingsprogramme vir alkohol- en dwelmmisbruik aan adolessente

5.3.1.1 Die rol van die maatskaplike werker en die gemeenskap

Die navorser beveel aan dat 'n maatskaplike werker as fasiliteerder 'n voorkomingsprogram vir adolessente optree. 'n Leierskorps moet vanuit die adolessente en rolspelers in die gemeenskap op die been gebring word—dit sluit ouers, onderwysers en/of enige ander party(e) in. Hierdie groep moet opgelei word om betrokke te wees by die assessering van die gemeenskap, die daaropvolgende beplanning en uiteindelike uitvoering van die program.

5.3.1.2 Assessering van die teikengemeenskap

Aangesien elke gemeenskap uniek is, kan programme eers na aanleiding van 'n assessering van die risiko- en beskermingsfaktore teenwoordig, gedoen word. Die aanbeveling is dat die gemeenskapslede, veral die adolessente, betrek word by die assessering van die gemeenskap. Dit sal hulle van vroeg af aangemoedig om betrokke te wees in die projek.

Pectora roborant cultus recti

5.3.1.3 Evaluering van voorkomingsprogramme

Die navorser beveel aan dat 'n gereelde evaluering van adolessente se vordering in voorkomingsprogramme, sowel as selfevaluering deur maatskaplike werkers en maatskaplike instellings, gedoen moet word aangesien dit noodsaaklik is om vordering aan te dui sodat lede van die projek gemotiveerd bly. Indien negatiewe vordering gewys word, moet besluite geneem word rakende die verdere verloop van die program.

5.3.1.4 Die gebruik en integrasie van verskillende modelle, teorieë en benaderings

Na aanleiding van die gevolgtrekkings wat uit die ondersoek gemaak is, is dit duidelik dat 'n besluit oor watter modelle, teorieë, en benaderings gevolg gaan word, slegs kan volg na afloop van die assesseringsproses. Die navorser beveel aan dat die holistiese

gemeenskapsontwikkelingsbenadering een van die prominentste benaderings in byna al die bestaande programme moet wees. Voorkomingsprogramme fokus sodoende op die hele reeks van risiko- en beskermingsfaktore, nie net enkeles nie. Aandag word ook nie net aan adolessente geskenk nie, maar ook aan jong kinders en hul ouers. Programme en tegnieke word gekombineer op 'n manier wat die behoeftes van die gemeenskap die beste sal pas.

'n Ander perspektief wat aanbeveel word, is die sterkteperspektief. Dit fokus op alle jeug en nie net hoërisikojeug nie—daar word veral klem gelê op hul sterkpunte en vermoëns om 'n bydra te lewer. Dit sluit aan by die fokus op beskermingsfaktore (nie net risiko-faktore nie) en behels onder andere om meer aandag te skenk aan die opbou van vaardighede wat adolessente in die toekoms kan gebruik en minder fokus op die inligting rakende die negatiewe effekte van middelmisbruik.

5.3.1.5 Tegnieke en programvoorstelle

Na aanleiding van die gevolgtrekkings word dit aanbeveel dat die volgende tegnieke en voorstelle benut word in voorkomingsprogramme vir adolessente middelmisbruik.

- Die gebruik van ervaringsleer en gevallestudies in voorkomingsprogramme betrek adolessente aktief. Deur middel van demonstrasies en oefeninge, asook die gebruik van hulle taalgebruik, vind die adolessente aanklank by die aanbieder.

- Opvolgondersteuning en -sessies kan deur opgeleide onderwysers en adolessente gehandhaaf word. Onderwysers moet die onderwerpe van die betrokke voorkomingsprogram by die kurrikulum inwerk. Adolessente word opgelei om ondersteuningsgroepe by die skool aan die gang te sit en te hou. Die groepe se vordering moet gereeld deur die maatskaplike werker en betrokke onderwyser gekontroleer word ten einde dit aan die gang te hou en die adolessente gemotiveerd te hou.

- Verskillende organisasies moet met mekaar saamwerk om te verseker dat aktiwiteite nie in skole gedupliseer word nie. Hierdie samewerking help verder dat meer skole en gemeenskappe bedien word.

- Voorkomingsmateriaal moet ook buite die skoolkonteks oorgedra word. Familie kan betrek word om hiermee te help: gesinslede moet opgelei word om kennis oor middelmisbruik te bekom en vaardighede aanleer om die adolessente te kan help.

- Gemeenskapsprojekte waarin die adolessente self betrokke kan raak, leer hulle nuwe vaardighede. Hulle kry so geleentheid om die vaardighede in te oefen en hul vryetyd aan iets meer konstruktief en positief te wy.

- Die gebruik van teater, psigodramas en rolspel dra 'n boodskap vanuit die adolessente se ervaringsveld oor. 'n Teater-opvoering is 'n goeie inleiding tot 'n voorkomingsprogram, maar moet die adolessente beweeg om te dink en te praat oor die kwessies daarin aangeraak. So 'n openingsopvoering moet dus baie spesifiek fokus op aktuele kwessies rondom middelmisbruik en nie net ten doel hê om die adolessente te vermaak nie.

- Opvoedkundige video's wat adolessente se interaksie en response aanmoedig, is 'n verdere metode. Gebruik aktuele video's waarmee die adolessente hulle kan vereenselwig.

5.3.1.6 Programinhoud

Na aanleiding van die gevolgtrekkings is dit duidelik dat daar sekere voorkeure heers aangaande die inhoud van voorkomingsprogramme. Die navorser beveel aan dat die volgende programinhoude oorweeg word.

- Lewensvaardighede waarin die hantering van groepsdruk, probleemoplossingstegnieke, besluitneming en luister- en kommunikasie-vaardighede moet plaasvind.

- Inligting oor middelmisbruik moet relevant wees en veral handel oor die middele wat die meeste misbruik word en in die gemeenskap voorkom.

- Adolessente se houdings ten opsigte van middelmisbruik moet verander. Hulle moet bewus gemaak word van klasmaats se middelmisbruik asook hul houding oor middelmisbruik.

- Verskerp vaardighede om negatiewe invloede van volwassenes en die media te weerstaan.
- Help die adolessent met geleenthede vir die toekoms en moedig hom/haar aan om 'n visie vir die toekoms te ontwikkel en na te streef.
- Bied adolessente die geleentheid om hul individuele talente te ontdek en dit, saam met sosiale vaardighede, te ontwikkel—dit gee aanleiding tot alternatiewe aktiwiteite.
- Ondersteun en moedig positiewe akademiese prestasie aan.
- Skep ruimte vir adolessente om ander adolessente wat probleme ten opsigte van middelmisbruik ervaar, by te staan.
- Ontwikkel adolessente se leierskapsvaardighede en gee hulle 'n kans om dit te gebruik.
- Fokus op aktuele en belangrike kwessies in adolessente se lewens as onderwerpe vir voorkomingsprogramme.
- Bou adolessente se selfbeeld en gevoel van selfwaarde op.
- Vraag-en-antwoordsessies in groepbespreking kan enige onsekerhede en mites oor middelmisbruik opklaar. Dit is ook 'n goeie aanwyser van watter onderwerpe bespreek moet word.
- Betrek die media om 'n kultuur van nie-misbruikers te ondersteun. Aangesien televisie so 'n groot invloed op adolessente het, behoort aktuele programme en stories gemik op die voorkoming van middelmisbruikvoorkoming, aangebied te word.

5.3.2 Verdere navorsing

In die lig van die impak wat ondersteuningsgroepe as deel van voorkomingsprogramme het, word aanbeveel dat verdere navorsing daaroor nodig is. Dit is nodig om te bepaal watter proses, rolle en tipe opleiding nodig sal wees om 'n effektiewe en volhoubare ondersteuningsgroepstelsel in skole te begin.

5.4 Samevatting

Die gevolgtrekkings en aanbevelings wat in die hoofstuk uiteengesit is, is op grond van die bevindings wat uit die literatuur- en empiriese studies voortspruit, gemaak. In geheel is die verkennende studie, wat in vyf hoofstukke uiteengesit is, suksesvol afgehandel. Die vraelyste, ingevul deur die respondente, het dit moontlik gemaak om die doelstelling en doelwitte van die studie (soos beskryf in Hoofstuk 1) te bereik.

Bronnelys

AADAC Profile. Youth Risk and Protective Factors. May 2003.
Beskikbaar: **http://corp.aadac.com/programsservices/research/pdf/Tayes_profile_risk.pdf**(toegang 09/10/2003)

AADAC Profile. 2004 BEST Foundation
Beskikbaar: **http://corp.aadac.com** (toegang 19/07/2004)

Arie, O.B. 1997. **U kind en dwelmmisbruik**. Suid-Afrikaanse Raad insake Alkoholisme en Afhanklikheid van Verdowingsmiddels. San Road: Johannesburg.

Babbie, E. & Mouton, J. 2001. **The practice of social research**. Cape Town: Qford University Press. (South Africa edition)

Barber, J.G., Bolitho, F. & Bertrand, L.D. 1998. Age and gender differences in the predictors of adolescent drinking. **Social Work Research**, 22(3):164-172.

Barton, W.H., Watkins, M. & Jajourna, R. 1997. Youths and communities: toward comprehensive strategies for youth development. **Social Work**, 42(5):483-493.

Batavick, L. 1997. Community-based family support and youth development: two movements, one philosophy. **Child Welfare**, 76(5):639-663.

Brown, J.M. 1998. Adolessente probleme in hoër sosio-ekonomiese gemeenskap: 'n Maatskaplike Werk-perspektief. MA - Universiteit van Stellenbosch.

Carson, J. & Butcher, R. 1992. **Abnormal Psychology in modern life**. London: Harper Collins.

Cloete, P., Groenewald, C. & Van Wyk, M. 1997. **People First!: A practical guide to community development**. Ebony Books: Parow Oos.

Colby, I.C. 1997. Transforming human services organizations through empowerment of neighbors. **Journal of Community Practice**, 4(2):1-12.

Craig, G.J. 1996. **Human Development**. 7de Uitgawe. Prentice Hall, Inc: New Jersey.

De Vos, A.S. (ed) 1998. **Research at grass roots. A primer for the caring professions**. Pretoria: J.L. van Schaik.

Dyer, L. 1994. Problems of definition. **Managing multiculturalism in substance abuse services**. USA: SAGE Publications.

Edmonds, E. & Wilcocks, L. 1995. **Teen Drug Scene South Africa. A guide for parents and schools**. Pinegowrie: Aspen Oaks Associates cc.

Edwards, E.D., Seaman, J.R., Drews, J. & Edwards, M.E. 1995. A community approach for Native American drug and alcohol prevention programs: a logical framework. **Alcoholism Treatment Quarterly**, 13(2):43-62.

Finn, J.L. & Checkoway, B. 1999. Young people as competent community builders: a challenge to social work. **Social Work**, 43(4):335-345.

Fisher, G.L. & Harrison, T.C. 2000. **Substance abuse. Information for school councelors, social workers, therapists, and counselors**. Needhan Heights, Massachusetts: Allyn & Bacon.

Fraser, M. 1984. Family, school, and peer correlates of adolescent drug abuse. **Social Service Review**, 58(3):434-447.

Garnier, H.E. & Stein, J.A. 1998. Risk and Protective Factors for Adolescent Problem Behaviours. **Youth and Society**. 30(1):89-114.

Hancock, M. 1994. Collaboration for youth development: Youth action programming. **National Civic Review**, 83:139-146.

Harding, C.G., Safer, L.A., Kavanagh, J., Bania, R., Carty, H., Lisnov, L. & Wysocke, K. 1996. Using live theatre combined with role-playing and discussions to examine what adolescents think about substance abuse, its consequences, and prevention. **Adolescence**, 31(124):783-796.

Pectora roborant cultus recti

Hawkins, J., Catalano, R.F. & Miller, J.Y. 1992. Risk and protective factors for alcohol and other drug problems in adolescence and early adulthooh: implications for substance abuse prevention. **Psychological Bulletin**, 112(1):64-105.

Huyshamen, G.K. 1993. **Metodologie vir die sosiale en gedragswetenskappe**. Halfweghuis: Southern boek uitgewers (Edms) Bpk.

Johnson, K., Bryant, D.D., Collins, D.A., Noe, T.D., Strader, T.N. & Berbaum, M. 1998. Preventing and reducing alcohol and other drug use among high-risk youths by increasing family resilience. **Social Work**, 43(4):297-307.

Jones, S.P. & Heaven, P.C.L. 1998. Psychological correlates of adolescent drug-taking behaviour. **Journal of Adolescence**, 21(127-134).

Kotze, G. 1991. **Dwelmverslawing**. Kaapstad: N.G. Kerk Uitgewers.

Lee, J.M. 1994. Historical and Theoretical Considerations. **Managing multiculturalism in substance abuse services**. USA: SAGE Publications.

Louw, D.A. & Edwards, D.J.A. 1998. **Sielkunde. 'n Inleiding vir studente in Suider Afrika**. 2de Uitgawe. Johannesburg: Heineman.

Louw, D.A., Van Ede, D.M. & Louw, A.E. 1998. **Menslike ontwikkeling** (3rd ed.). Pretoria: Kagiso Uitgewers.

Maree, M.E. 1995. Drug education in a Windhoek Secondary School - A Social Work Perspective. MA - University of Stellenbosch.

Mark, R. 1996. **Research Made Simple. A handbook for social workers**. SAGE Publications, Inc.

McBroom, J.R. 1994. Correlation of Alcohol and Marijuana Use Among Junior High School Students, Family, Peers, School Problems and Psychosocial Concerns. **Youth and Society**, 16(1):54-67.

Issued by Ministry of Social Development. 12 February 2004. Social Development Ministers approve plan to retain social workers. **Press release**.
Beskikbaar: **http://www.socdev.gov.za/Statements/2004/Feb/minmec.htm** (toegang 03/03/2004)

Pectora roborant cultus recti

Moleko, A. 2002. The substance abuse problem among young people in South Africa. Beskikbaar: **http://www.mentorfoundation.org** (toegang 03/03/2004)

Moote, G.T. (Jr) & Wodarski, J.S. 1997. The acquisition of life skills through adventure-based activities and programmes: A review of the literature. **Adolescence**, 32(125):143-161.

Morojele, N., Knott, R., Myburg, H. & Finkelstein, N. February 1997. Audit of school-based substance abuse prevention programmes in Cape Town.
Beskikbaar: **http://www.sahealthinfo.org/admodule/schoolaudit.htm**
(toegang 19/07/2004)

Muisener, P.P. 1994. **Understanding and Treating Adolescent Substance Abuse**. United States of America. Thousand Oakes, California: Sage.

Mumm, A.M., Olsen, L.J. & Allen, D. 1998. Families Affected by Substance Abuse: Implications for Generalist Social Work Practice. **Families in Society: The Journal of Contempory Human Services**, 19(4):384-392.

Oetting, E.R. Planning programmes for prevention of deviant behavior: a psychosocial model. 1992. **Ethnic and multicultural drug abuse. Perspectives on current research**. New York: Harrigton Park press.

Parry, C. 10 May 1997. Alcohol action plan briefing to SA Department of Health.
Beskikbaar: **http://www.sahealthinfo.org/admodule/alcoholaction.htm**
(toegang 11/03/2004)

Project ALERT.
Beskikbaar: **http://www.projectalert.best.org** (toegang 19/07/2004)

Rocha-Silva, L., Mokoko, E. & Malaka, D. 21 May 1998. A historical overview of drug-related research structures/ processes in South Africa.
Beskikbaar: **http://www.nrf.ac.za/netpro/research.html**
(toegang 11/03/2004)

Rocha-Silva, L., Mokoko, E. & Malaka, D. 21 May 1998. Drug use in South Africa.
Beskikbaar: **http://www.nrf.ac.za/netpro/docs/lee_drug_use_1998.doc**
(toegang 11/03/2004)

Scales, P.C. 1997. The role of family support programs in building developmental assets among young adolescents: a national survey of service and staff training needs. **Child Welfare**, 76(5):611-635.

Searll, A. 2002. **Get High on Life. Beating drugs together - a guide for teenagers, parents & teachers** (2nd ed.). Cape Town: Zebra Press.

Segal, B. 1992. Ethnicity and Drug- taking behavior. **Ethnic and multicultural drug abuse. perspectives on current research**. New York: Harrigton Park press.

Shields, J.J. 1992. Evaluating community organization projects: the development of an empirically based measure. **Social Work Research and Abstracts**, 28(2):15-20.

Shiner, M. 1999. Defining peer education. **Journal of Adolescence**, 22(4):555-566.

Straussner, S. 1993. **Clinical work with substance abuse clients**. New York: Guilford Press.

Sussman, S. & Ames, S.L. 2001. **The Social Psychology of Drug Abuse**. Buckingham, Philadelphia: Open University Press.

Swart, F. 1995. Prevention of drug abuse. A Challenge for every community. **Social Work Practice**,

Szalay, L.B., Strohl, J.B. & Doherty, K.T. 1999. **Psychoenvironmental Forces in Substance abuse Prevention**. Kluwer Academic: Plenum Publishers.

Terblanche, S.S. & Venter. D. 1999. Drug Abuse amongst High School Pupils. **Maatskaplike Werk**, 35:161-178.

Tshotsho, Z. The Reconstruction and Development Program (RDP) of South Africa and Mental Health of Children.
Beskikbaar: **http://www.ispn-psych.org/html/what_s_afrika.html**
(toegang 11/03/2004)

Turner, G. 1999. Peer support and young people's health. **Journal of Adolescence**, 22(4):567-572.

Ukpokodu, N. 1994. Drug-free schools. **Managing multiculturalism in substance abuse services**. USA: SAGE Publications.

Van der Walt, L. 2001. 'Angswekkend' wat leerlinge naweke doen. **Die Burger**, 17 April, Laaste Uitgawe:86.

Williams, M., Tutty, L.M. & Grinnell, R.M. 1995. **Research in Social Work. An introduction**. Illinois: FE Peacock Publishers.

Pectora roborant cultus recti

Bylae A

Vraelys

Bylae 1

UNIVERSITEIT VAN STELLENBOSCH

Departement van Maatskaplike Werk

VRAELYS VIR GRAAD 10 LEERDERS

DOEL: Die doel van die vraelys is om 'n goeie begrip te probeer ontwikkel omtrent die redes waarom tieners alkohol en dwelms begin misbruik, asook om vas te stel wat tieners se behoeftes is ten opsigte van 'n voorkomingsprogram vir hulle. Jou ervarings en kennis kan ons help om ander te help. Alle inligting hierin word vertroulik hanteer om jou identiteit te beskerm. Jy hoef dus nie jou naam hierop in te vul nie.

Voorlopig baie dankie dat jy jou kennis met ons deel.

MERK NET EEN ANTWOORD BEHALWE WAAR DAAR INSTRUKSIES IS DAT JY MEER AS EEN ANTWOORD KAN GEE.

Gebruik asseblief deurgaans jou persoonlike ervaring namens jouself en soos wat ander kinders sou dink om die vrae te beantwoord.

AFDELING 1

RISIKOFAKTORE BY SUBSTANSMISBRUIK

1.1 Individuele faktore

1.1.1 Wat is jou mening: Wanneer kan gesê word dat iemand dwelms en alkohol (substanse) misbruik?

_____

_____

_____

_____

1.1.2 Ouderdom

12 jaar	
13 jaar	
14 jaar	
15 jaar	
16 jaar	
17 jaar	
18 jaar	

1.1.3 Geslag

Manlik	
Vroulik	

1.1.4 Die volgende mense in my omgewing misbruik alkohol en dwelms. (Merk asseblief by elke punt 'n antwoord)

	Ja	Onseker	Nee
My ouer/s			
Volwassenes in my huis			
Kinders binne my huis			
Ekself			
Leerders by my skool			
My portuurgroep buite my skool			
My vriende			

1.1.5 Is kinders oor die algemeen bewus van die gevare van alkohol- en dwelmmisbruik?

Nooit	Soms	Dikwels	Altyd

1.1.6 Wat is die grootste rede waarom kinders alkohol en dwelms misbruik? (Merk asseblief by elke punt 'n antwoord)

	Nooit	Soms	Dikwels	Altyd
Omdat dit lekker lyk				
Om meer selfvertroue te hê en dan lekkerder met mense te gesels				
Omdat dit ontspannend is				
Om minder eensaam te wees				
Om te ontsnap van probleme				
Om minder verveeld te wees				
Om te eksperimenteer				
Om saam met vriende te kuier				
Ander (noem dit asseblief):_____ _____ _____ _____				

1.1.7 Hoe voel jou maats meestal oor hulself?

Baie goed	Goed	Redelik	Nie goed nie	Negatief	Totaal negatief

1.2 Sosiale en gesinsinvloede

1.2.1 Wie dink jy sal kinders wat jy ken die meeste beïnvloed om alkohol en /of dwelms te gebruik?

Hulle ma	
Hulle pa	
Broer/s en/of suster/s	
Vriende	
Iemand anders (noem dit asseblief):_____ _____	

1.2.2 Stem jy saam met die stelling dat substansmisbruik van een of albei ouers ‘n negatiewe effek op die ontwikkeling van hul kinders sal hê?

Stem sterk saam	Stem tot ‘n mate saam	Onseker	Stem nie saam nie	Stem glad nie saam nie

Motiveer kortliks jou antwoord:

_____

_____

_____

1.2.3 Watter van die volgende probleme by die huis veroorsaak die misbruik van alkohol en dwelms deur kinders wat jy ken? (Merk asseblief by elke punt ‘n antwoord)

	Ja	Onseker	Nee
Huishoudelike geweld			
Finansiële probleme			
Huishoudelike probleme (anders as geweld)			
Tekort aan kommunikasie			
Voortdurende rusie			
Ander (noem dit asseblief):_____ _____ _____			

1.3 Groeplidmaatskap en groepsdruk

1.3.1 Hoe sal jou vriende voel as jy begin alkohol en dwelms gebruik?

Ontsteld	Bietjie ontsteld	Glad nie ontsteld nie	Ingenome

1.3.2 Sal kinders wat jy ken dwelms en drank begin misbruik as hulle vriende dit doen?

Ja	Miskien	Nee

Motiveer kortliks hoekom jy so antwoord:

_____

_____

_____

1.4 Gemeenskapsfaktore

1.4.1 Hoe lyk jou buurt?

	Ja	Onseker	Nee
Hier is baie bende aktiwiteite			
Hier is baie dwelmhandel			
Hier is baie mense wat dronk en bedwelm op die strate rondloop			
Dit is maklik om dwelms in die hande te kry			

Pectora roborant cultus recti

1.4.2 Waar gebruik kinders wat jy ken alkohol en/of dwelms? (Jy kan meer as een antwoord hier merk)

Hulle huis	
Vriende se huis	
Publieke plekke (soos winkels)	
By die skool	
Ander (Noem dit asseblief):_____ _____ _____ _____	

1.4.3 Wanneer gebruik kinders wat jy ken alkohol en/of dwelms? (Jy kan meer as een antwoord hier merk)

Vakansies	
Sosiale geleenthede	
Konserte	
Sportsgeleenthede	
Ander (Noem dit asseblief):_____ _____ _____ _____	

1.4.4 Wat doen jy en kinders wat jy ken gewoonlik vir ontspanning? (Jy kan meer as een antwoord hier merk)

Televisie kyk	
Sport	
Dans	
Koor	
Lees	
Kuier saam met vriende	
Ander (noem dit asseblief):	

1.5 Skool faktore

1.5.1 Tot watter mate dink jy is slegte punte op skool 'n rede vir kinders wat jy ken om substanse te begin misbruik?

Nooit	Soms	Dikwels	Altyd

AFDELING 2

BESKERMINGSFAKTORE

2 Wat van die volgende sal keer dat kinders substanse begin misbruik? (Jy kan meer as een antwoord hier merk)

As hulle ‘n goeie selfbeeld het	
As hulle vaardighede het wat hulle sal help om probleme op te los	
As hulle betrokke is by aktiwiteite wat hulle interessant vind	
As hulle weet wat hulle wil doen na skool (iets het om voor te werk)	
As hulle goed met hul ouers oor die weg kom	
As hulle ouers positiewe verwagtinge het van hul gedrag	
As hulle ouers reëls het wat hulle moet nakom	
As hulle ouers hul optrede prys en nie kritiseer nie	
As hulle ouers gemaklik oor dinge met hulle kan gesels	
As die skool hulle ondersteun	
As die skool duidelike verwagtinge het van hulle gedrag en punte	
As hulle deelneem en betrokke is by belangrike take en besluite in die skool	
As hulle skoolpunte baie goed was en dit hulle daarom meer selfversekerd voel	
As hulle vriende het wat nie substanse gebruik nie	
As hulle tussen vriende is wat hul goed laat voel oor hulself sonder dat hulle substanse hoef te gebruik	
As advertensies en die media gekant is teen alkohol- en dwelmmisbruik	
As hulle betrokke is by ‘n kerk	
Jong kinders moet bewus gemaak word van die gevare van alkohol- en dwelmmisbruik	
As hulle betrokke is by aktiwiteite wat in die gemeenskap aangebied word	
Ander faktore waaraan jy kan dink?_____ _____ _____ _____	

AFDELING 3

VOORKOMINGSPROGRAMME

3.1 Dink jy ‘n voorkomingsprogram vir substansmisbruik is nodig vir kinders om te keer dat hulle begin alkohol en dwelms misbruik?

Nee, nooit	Onseker	Ja, beslis

3.2 Indien jy ‘n “JA” antwoord by die bogenoemde vraag gegee het, waarom dink jy is dit nodig?

_____

_____

_____

3.3 Watter tipe alkohol- en dwelmvoorkomingsaktiwiteite het jy al deurloop?

Het gelees oor alkohol- en dwelmmisbruik	
Het met ‘n maatskaplike werker gepraat	
Het met ‘n onderwyser gepraat	
Het ‘n inligtingsessie in die klas of saam met die hele skool ontvang	
Ander (Noem dit asseblief):_____	

3.4 Dink jy die bogenoemde aktiwiteite het vir jou of enige van die ander kinders gehelp?

JA	NEE

3.5 Verduidelik asseblief hoekom jy dit antwoord

_____

_____

_____

3.6 Kyk na die volgende onderwerpe. Indien daar enige van hulle is waarin jy sou belangstel om meer van te weet, merk dit. (Jy kan meer as een antwoord hier merk)

Ek wil graag meer weet oor alkoholisme	
Ek wil graag meer weet oor dwelmafhanklikheid	
Ek wil leer hoe om probleme in my lewe beter te hanteer	
Ek wil myself beter leer ken sodat ek beter oor myself kan voel	
Ek wil leer hoe om groepsdruk te hanteer en my vriende reg te kies	
Alternatiewe tot substansmisbruik	
Ek wil graag leer hoe om my frustrasies te hanteer	
Ek wil graag goeie luistervaardighede aanleer	
Ek wil graag leer hoe om die regte besluite te neem	
Ek wil meer weet oor die invloed van volwassenes en die media op my besluite	
Ek wil weet wat klasmaats dink van substansmisbruik	
Ek wil graag leer watter beroepe ek eendag kan volg en hoe ek te werk gaan om dit reg te kry	
Ek wil leierskapsvaardighede aanleer	
Ek wil vaardighede en kennis aanleer om my vriende te help en te ondersteun	
Ander onderwerpe (noem dit asseblief):	

3.7 Veronderstel jy kan in ‘n groep inskakel waar die onderwerpe van vraag 3.6 behandel word, wie sal jy graag as die aanbieder van so ‘n groep wil hê? (Jy kan meer as een antwoord hier merk)

Iemand van my eie ouderdom wat goed opgelei is	
‘n Maatskaplike werker of ander professionele persoon wat baie kennis oor die onderwerpe het	
‘n Onderwyser wat goed opgelei is	
Iemand wat herstel van substansmisbruik en eerstehandse kennis dra	
Ander persone (noem hulle asseblief):	

3.8 Motiveer asseblief jou antwoord by 3.7:

_____

_____

_____

_____

3.9 In watter omstandighede sal jy meer wil leer van die onderwerpe genoem by 3.6? (Jy kan meer as een antwoord hier merk)

Tydens ‘n individuele gesprek	
In ‘n klein groep saam met ander kinders	
In ‘n groot groep leerders	
By die skool	
By die kerk	
By jou huis	
By ‘n kamp waar avontuur aktiwiteite gebruik word	
Enige ander omstandighede (noem dit asseblief):	

3.10 Indien ‘n voorkomingsprogram vir substansmisbruik begin word, wat van die volgende sal maak dat jy en ander kinders betrokke sal raak daarby? (Jy kan meer as een antwoord hier merk)

Julle help om die program te ontwerp en besluit oor die onderwerpe	
Opvolglesse die volgende jaar	
As ouers opgelei word en betrokke raak	
Akademie moet aangemoedig word	
Gesinslede moet gehelp word om beter met mekaar oor die weg te kom	

3.11 Op watter maniere dink jy sal jy die beste leer? (Jy kan meer as een antwoord hier merk)

Deur ‘n boek te lees	
Deur in ‘n klas te sit en luister na iemand	
Deur rolspel waar julle deel is van ‘n klein opvoering	
Deur ‘n drama opvoering	
Deur ander aktiwiteite	
Deur ‘n besprekingsgroep	
Vraag en antwoord sessies	
Enige ander maniere (noem dit asseblief)	